

Die JJ Potgieter Manuskrip

Eric Swardt

VOOR DIE OORLOG	4
Soutpansberg.....	4
Die Magoeba oorlog van 1894.....	12
Jameson se inval van 1896	17
Die Magatoe Oorlog van 1897	23
OORLOG TEEN ENGELAND	27
Die voorskou tot die oorlog.....	27
Die begin van die oorlog.....	33
Die beleg van Kimberley	38
Die inval in Natal	51
DIE OORLOG IS NIE VERBY NIE	61
Die veranderende gesig van oorlog	61
Die oorlog in Soutpansberg.....	68
TOT DIE BITTEREINDE	81
Jacobus Potgieter ontsnap	81
Saam met Beyers op kommando	91
DIE OORLOG IS VERBY	108
Die vrede van Vereeniging.....	108
Die toestand ná die oorlog.....	114
BYLAE	121
Oorledenes in die Pietersburg Konsentrasiekamp.....	121
Almanak van gebeure.....	137
Bibliografie.....	140

Register..... 143

Voor die oorlog

Deel 1

Soutpansberg

Hoofstuk 1

Soutpansberg, Schoemansdal, Kreebos, Houtbosberg, Rustfontein, Vlakfontein, Laeveld, huwelik, Majakie opstand.

Terwyl Jacobus Johannes Potgieter as krygsgevangene in die kakie tent in die Umbilo kamp gesit het, het hy sy lewensverhaal begin neerskryf. Daar het hy gereflekteer op die gebeure van die voorafgaande twee jaar wat gely het tot die betreurenswaardige posisie waarin hy hom bevind het. Hy kon die situasie nie net sommer meer aanvaar nie. Het hy dan nie tot die bittereinde geveg vir die vryheid van sy volk nie? Hoekom het sy eie landgenote hom dan verraai?

Terwyl die gedagtes deur sy kop gemaak het, het Jacobus die ondervindinge en emosies van die oorlog weer herleef. Hy het alles neergeskryf wat hy deurgemaak het in sy gebeurtenisvolle lewe en al die plekke herroep wat hy besoek het in sy reise. Hy het terug geblik tot op die finale gebeure wat daartoe gely het dat hy in die Umbilo kamp geëindig het. Daar was tye van voorspoed en tye van teenspoed, dae van plesier en dae van verdriet. Daar was ook dae wat hy by die dood weer omgedraai het.

In die vroeër jare van die negentiende eeu het Jacobus se ouers, Jacobus Johannes Potgieter en Susanna Margritha Herbst saam met die voortrekkers op Schoemansdal gevestig. Schoemansdal was vêr van die beskawing af gewees en as sodanig baie kwesbaar teen die aanvalle van die swart bevolking. In 1866 het die konflik situasie tussen wit en swart so warm geraak dat die Boere die regering moes vra om troepe te stuur om hulle te beskerm.

Op 29 Januarie 1867 het 'n afvaardiging van Soutpansberg in Pretoria aangekom om die saak met die regering te bespreek. Na dreigemente om van die Transvaal af te stif, of andersinds die omgewing in die hande van die swartes te laat en verder noord te trek, het die regering besluit om 'n

buitengewone vergadering van die Uitvoerende Raad byeen te roep. By die vergadering, wat op 4 Februarie plaasgevind het, is toe besluit om 'n kommando byeen te bring.

Paul Kruger, wat op daardie stadium nog die Kommandant-generaal van die Transvaal was, het in Junie 1867 daar aangekom met 'n kommando van vier honderd man om die stad te beskerm. Die meeste van die ammunisie is in Pretoria agtergelaat met die hoop dat die agterosse dit sou saambring. Die agterosse het egter toe nooit opgedaag nie. Kruger het twee onsuksesvolle aanvalle teen Magatoe se stam gely, en moes terug na Schoemansdal vlug om skuiling te soek. Die dissipline van die kommando was baie swak en die Boere het gedros toe hul ammunisie opraak. Op 17 Julie 1867 het Kruger die stad opgegee. Die dorp en omliggende plase is toe deur Magatoe geplunder en verwoes. Sonder die beskerming van die regering het die meeste Boere sowat 50 myl na die suide gevlug, waar hulle op die plaas Kreebos in die Renosterpoort skanse van klei gebou het by die ou fort Klipdam. Baie boere het moed opgegee en na die Vrystaat terug gekeer, terwyl ongeveer 27 burgers by Albasini in Spelonken, binne Magatoe se grondgebied, gevestig het. In Desember het 'n klein kommando van 53 vrywilligers weer sonder sukses probeer om die omgewing te bevry.

Ter skadevergoeding, het Paul Kruger 'n belofte aan die burgers gemaak dat die regering 'n nuwe stad vir hulle sou oprig. Na 'n tyd het die boere opgegee op die regering se belofte en hul eie stad by Marabastad gebou.

In Februarie 1868 het Kruger weer opgedaag met 'n kommando van 359 man. Na twee probeerslae het hy weer terug gekeer sonder enige goeie nuus. Die volgende poging met ongeveer 1,000 man in Mei was eweneens ongeslaagd, en 'n vredesverdrag is in Julie by Spelonken onderteken. Dit het egter geen stop gesit aan die aanhoudende strooptogte en plundery deur Magatoe se mense nie. Die regering gee toe weer opdrag aan die mense om hul nedersetting te ontruim en besluit toe om die Soutpansberg en Waterberg distrikte onder 'n enkele gebied saam te voeg. Dit het net die Soutpansbergers die joos in gemaak, en die regering het die twee distrikte weer in 1869 geskei.

Die regering het na baie jare van rondslomp eers in 1883 daadwerklik uitvoering gegee aan Paul Kruger se belofte om 'n nuwe stad op te rig.

Na Magatoe se oornam van Schoemansdal het Jacobus se ouers in die Renosterpoort distrik op die plaas Kreebos gevestig. Jacobus Johannes Potgieter was op 28 Augustus 1870 op Kreebos gebore.

Toe Jacobus sowat een jaar oud was het hulle na Houtbosberg getrek, waar sy vader geelhout planke gesaag het tot 3 April 1873, toe hy op die ouderdom van 59 gesterf het. Al besittings in die gestorwe boedel was op 'n vandisie verkoop. Na die dood van Jacobus se vader het sy moeder met die hele gesin na die plaas Rustfontein in die Pretoria distrik getrek. Daar het hulle by Jacobus se oom, Christiaan Herbst gebly. Toe sy oom die plaas verlaat het, het hulle na 'n plaas nie ver vandaar getrek, waar hulle ook nie vir lank gebly het nie. Toe Jacobus se suster in die huwelik getree het met Dirk Booyen van die plaas Vlakfontein, het Jacobus en sy moeder by haar gaan woon. Dáár het hulle vir nege jaar gebly. Die lewe was maar moeilik daar, aangesien Jacobus se moeder 'n weduwee was en al die goedere van sy vader se gestorwe boedel op die vandisie verkoop was. Die opbrengs van die vandisie wat die administrateurs aan sy ma oorhandig het, het nie lank gehou nie.

'n Edelman van Holland, Dewald Rijkaard het die skoolgeld vir Jacobus en sy broer betaal. Hierdie edelman was baie goed gewees vir die arme weduwee en haar gesin.

Toe Jacobus nog in Vlakfontein op skool was onder Rijkaard se sorg, het sy een suster van Soutpansberg, van die plaas waar sy vader eers gewoon het, gekom en Jacobus saam met haar geneem. Hy het daar vir drie jaar gebly, sonder om eers een keer sy moeder te sien. Hy was toe twaalf jaar oud gewees.

Op Soutpansberg het Jacobus nie weer skool toe gegaan nie. Sy swaer was 'n baie godsdienstige man gewees. Elke Sondag oggend het hy vir almal byeen geroep vir kerk. In die middag moes al die kinders wat nog nie aangeneem was nie uit die bybel lees en hul lesse leer. Die kinders het dan die namiddag vry gehad. So het Jacobus daar by sy swaer in Soutpansberg die Christelike waardes geleer.

Jacobus se swaer het gereeld die hele familie na die veld geneem om te gaan jag. Dan het hulle kameelperde en ander wilde diere geskiet. Jacobus het baie geleer op daardie jagtogte. Dáár het hy geleer hoe om 'n geweer te

hanteer en hoe om in die veld te oorleef. Dit was die belangrikste beginsels vir oorlewing in die Soutpansberg in die negentiende eeu.

Gedurende die tydperk wat Jacobus by sy suster gebly het, het hy hierdie jagtogte baie geniet. Hy het ook gedurende hierdie tyd sy broers en susters wat hy nege jaar laas gesien het weer ontmoet. Hy het baie ondervind gedurende hierdie tyd wat hy so afgesonder was van sy moeder.

In Oktober 1883 het Piet Joubert as Waarnemende President na Soutpansberg gekom om Paul Kruger se belofte van 'n nuwe stad vir Soutpansberg uit te voer. Na 'n stemming het die boere se kuise oorweldigend geval op die plaas Sterkloop. Nog 'n paar jaar van tydmors het verby gegaan, voordat die eerste erwe in die nuwe stad in September 1885 toegeken is. Die stad is toe Pietersburg gedoop, ter ering van Piet Joubert.

Toe Jacobus vyftien jaar oud geword het was hy met 'n gejuig en blydschap weer herenig met sy moeder. Toe hulle weer terug na Soutpansberg gegaan het, het sy moeder saam met hulle gegaan. Jacobus het in 1884 hom in Houtbosberg gaan vestig, waar hy sy moeder en twee susters in sy sorg geneem het. Daar in Houtbosberg het Jacobus geelhout planke gesaag tot 1889, toe die oorlog met Magoeba uitbreek het. Die regering het 'n militêre kamp gestig, waar Jacobus vir vier maande gedien het vir 'n loon van tien sjieling per dag.

In 1889 het Jacobus saam met sy moeder en een suster na die Laeveld getrek. In daardie dae was die Laeveld yl bewoon. Hulle het ver van die beskawing gebly. Die vervoer stelsel het slegs bestaan uit ruwe paaie rondom die Drakensberg. Die plaas in die Laeveld was maar 'n moeilike plek vir Jacobus om te oorleef aangesien daar so min Boere in die omgewing was. Toe sy suster later getrou het, het Jacobus en sy moeder alleen op die plaas gebly. Dit was 'n baie eensame lewe wat hy daar gely het.

Nog boere het kort daarna op die plase in die Laeveld kom vestig. Jacobus was baie bly om die nuwe intrekke te verwelkom, maar dit was nog nie genoeg om die eensame lewe te verbeter nie. Dit het hom dus nie lank geneem nie om te trou om die eensame lewe meer draaglik te maak. Hy was toe nog maar 'n jong seun, maar dit was te moeilik vir 'n man om sonder 'n maat te leef en hy het toe maar in die huwelik in gehaas.

Op 14 April 1890 het Jacobus met Margritha Jacoba Kuipers, dogter van Halbo Kuipers en Margritha Jacoba (gebore Bezuidenhout) getrou. Margritha was 'n Hollander van geboorte. Vir eers het hulle aan die verste kant van die Houtbosberg gaan woon. Nie voor lank nie was daar 'n groot opstand onder die Majakie stam. Jacobus was die dag toe die probleme uitbreek nie by sy vrou en familie by die huis gewees nie. Die sake was so ernstig gewees dat al die mense van die Houtbosberg vir hul lewens voor die opstandige stam moes vlug. Jacobus het die gerugte van die opstand te hore gekom waas hy die dag besig was om hout te kap, sowat twee ure se afstand van die huis af.

Die toestand het sodanig versleg dat hy te voet met sy vrou na die naaste mense in die berge moes vlug. Sy swaer, J H Oosthuizen, saam met JJ de Beer, F de Beer en J H de Beer het hom tegemoet gekom. Alles in sy huis was toe afgebrand deur die oproerige stam. Jacobus het dit nie eers nodig geag om na sy huis terug te keer nie, aangesien alles in die vuur verlore was. Die uiteinde van die saak was toe dat die regering die oproerige stamme kom straf het.

'n Hele aantal van die groter stamme het gedurende die Mfekane tydperk teen mekaar geveg om heerskappy. Twee van hierdie stamme, die Ndwandwe en die Zoeloe wat hulle mag wou afdwing op die ander stamme in Natal, het 'n groot bedreiging vir Dlamini ingehou. Teen die einde van die agtiende eeu het die Dlamini heelwat sukses behaal om sommige stamme byeen te bring onder hulle mag en het bande gesmee met die ander groepe om 'n sterk politieke eenheid te skep. Hierdie magsbasis was egter nie sterk genoeg om die aggressie van hulle bure uit die suide af te weer nie. Teen ongeveer 1820 het die Dlamini noordwaarts getrek onder die leierskap van Koning Sohuza I, om 'n veilige hartland in die sentrale Swaziland te vestig. Daar het die Dlamini hul magsbasis gekonsolideer onder Sobhuza I en sy seun, Mswati II. Teen 1860 het Mswati II sy mag uitgebrei deur kleiner stamme te verower en te absorbeer, ver weier as die grense van die hedendaagse Swaziland.

Swaziland het gedurende die laat negentiende eeu 'n vreedsame verhouding met die Boere behou. Die Boere het aan Swaziland beskerming teen die Pedi en die Zoeloe's gegee, terwyl die Swazi's die Boere weer gehelp het om geskille met die Transvaalse stamme op te los.

Cetywayo het kort nadat hy koning van die Zoeloe's geword het pogings aangewend om sy koninkryk verder uit te brei. Die Transvalers het die gerugte behore gekom dat hy planne beraam het om eers vir Koning Mbandzeni in Swaziland aan te val en daarna die Transvaal binne te val. Gerugte het oral deur die Transvaal die rondte gedoen dat Koning Cetywayo die ondersteuning van die Britse kolonie van Natal sou geniet. Om 'n volskaalse oorlog te verhoed het die waarnemende Staatspresident, Piet Joubert, in Mei 1875 die inisiatief geneem toe hy 'n strook land tussen Zoeloeland en Swaziland geannekseer het om as 'n buffer te dien. Toe die gerugte verskerp het Generaal Joubert in Julie 1875 'n groot kommando op die been gebring en op Wakkerstroom, 'n klein dorpie naby Volksrus op die Natal grens, gestasioneer. Hy het gehoop dat die magsvertoon die gemoedere in toom sou hou terwyl hy met Cetywayo onderhandel het om die vrede te bewaar en die nuwe grense van die Transvaal te erken.

Die Anglo-Zoeloeoorlog was 'n ses maande lange konflik in die oostelike Suid Afrika, tussen die Zoeloe's en die Britse ryk. Voor die oorlog het die Tugelarivier die grens tussen Zoeloeland en die Britse kolonie van Natal gevorm. Cetywayo het gedurende die vroeë 1870's koning van die Zoeloe's geword. Onwillig om onder die Britse heerskappy gebuk te gaan, het hy 'n goed gedissiplineerde weermag van tussen veertig en sestig duisend man op die been gebring. Laat in 1878 het die Britse kolonialiste in Natal aan hom 'n ultimatum gestel om die weermag te ontbind en skadevergoeding vir beweerde belediging te betaal. Toe hy nie hierop gereageer het nie het Britse troepe onder die bevel van Lord Chelmsford Zoeloeland ingeval. Die Britse troepe was swak voorberei vir die inval. Op 22 en 23 Januarie 1879 het die Zoeloe's met 'n oormag van twintig duisend man die Britse troepe by Isandhlwana verslaan. Verliese was hoog aan albei kante. Die Britte het een duisend sewe honderd man verloor terwyl die Zoeloe's tussen drie en vier duisend man verloor het. Die Zoeloe's het daarna opgemarsjeer na die Britse basis by Rorkesedrif. Hierdie keer was die Britse troepe vooraf gewaarsku en het hulself goed in gegrawe. In die daaropvolgende veldslag van Kambula op 28 en 19 Maart 1879 het die Zoeloe's meer as twee duisend man verloor. Die Britte het in Julie 'n teenaanval geloods en die Zoeloe hoofstad Ulundi ingeneem en die Zoeloe weerstand onderdruk.

Die westelike grense van die Transvaal was ook onder dispuut vir 'n lang tyd reeds. Terwyl die Boere met die Britte baklei het oor die grens lyne het oorlog tussen die Tswana stamme uitgebreek. Die Barolong hoofde, Montsioa en Moshette het swaarde gekruis oor die kapteinskap, terwyl

Mankoroane die Koranna hoof, Massouw, 'n bondgenoot van Moshette, aangeval het. Massouw en Moshette het simpatie by die Boere gevind, terwyl Mankoroane en Montsioa bond genootskap met die Britte gesoek het. Baie Boere het gehelp om te veg in hierdie oorloë tussen die stamme, in ruil vir plase. Mankoroane was teen Julie 1882 uiteindelik gedwing om na vrede te roep. Paul Kruger was ingeroep om as arbiter op te tree in ruil vir grondgebied.

Gasibone, 'n kaptein van die Tswana stam, het 'n bende rowers op die suidwestelike grense van die Transvaal gelei. Sy bende het die plase geplunder en twee vroue in Julie 1858 ontvoer. Toe die Boere kommando vergelding gesoek het, het hy het toevlug by Mahoera gevind. Mahoera het die twee vroue vrygelaat, maar geweier om vir Gasibone uit te lewer aan die genade van die Boere kommando's. Toe die Boer kommando's aanval het Gasibone na Bechuanaland gevlug (vandag Botswana), waar hy nagevolg is en deur 'n Boere patrollie dood gemaak is.

Die Magoeba oorlog van 1894

Hoofstuk 2

Mapoch opstand, Magatoe opstand, Soutpansberg kommando, Agatha, forte word gebou.

In 1882 was Sekoekoeni deur sy halfbroer, Mampoer, vermoor. Mampoer het geweier om hom aan die Transvaal se reg te onderwerp en het by die naburige stam van Mapoch (ook bekend as Njabel) skuiling gesoek. Paul Kruger en Generaal Joubert het sterk teen Mapoch en Mampoer opgetree. Joubert het in Oktober 1882 twee duisend man opgekommandeer en uit beweeg teen die rebelse kapteins wat posisie ingeneem het in die grotte by Boschberg en Vlughtkraal. Die Pedi stam het hul by Joubert se kommando aangesluit om die moord op hul kaptein, Sekoekoeni te wreek. Joubert se weermag het die skuilplek omsingel en die voortvlugtige kapteins uitgehonger. Die kapteins het sterk weerstand gebied, maar uiteindelik is Mapoch met dinamiet uit sy skuilplek gedryf. Teen die winter van 1883 het albei kapteins oorgegee. Mampoer was tot die dood veroordeel. Mapoch was ook verhoor en tot die dood veroordeel, maar sy vonnis is later versag tot lewenslange tronkstraf.

‘n Nuwe golf van opstand het tussen die Soutpansberg stamme in 1894 uitgebreek toe hoofman Malaboch, met die hulp van hoofman Magatoe, gerebelleer het. Generaal Joubert het ‘n weermag van ongeveer een duisend vyf honderd man opgekommandeer. Joubert het ook vele van die Uitlanders van Pretoria en Johannesburg opgekommandeer. Dit het baie tot die ongelukkigheid van hierdie Uitlanders bygedra. Die weermag het in Mei 1894 na Blauwbank beweeg en ‘n kort, maar effektiewe besetting van Malaboch se stam onderneem. Die opstand het toe egter onder Malaboch se bondgenote opgevlam.

Toe oorlog onder die stamme uitbreek was Jacobus Johannes Potgieter deur Veldkornet Alberts van die Houtbosberg wyk, Soutpansberg en omliggende distrikte, opgekommandeer. Veldkornet Alberts was ‘n gerespekteerde man in die Soutpansberg omgewing. In daardie dae was die kommandostelsel op baie demokratiese beginsels gebaseer. Die manne van die distrik het hul eie offisiere verkies. Die veldkornet het steeds ‘n unieke rol in die area gehad.

Bowen die rol van magistraat, vrederegter en aanklaer, was hy die politieke verteenwoordiger van die gebied en het as spreekbuis opgetree.

Die kommandostelsel het sy oorsprong gehad in Suid Afrika gedurende die negentiende eeu toe die Boere hulself moes verdedig teen die aanvalle van die swart stamme. Die strukture was aanvanklik baie informeel, maar is later deur wetgewing gereguleer. Die Zuid Afrikaanse Republiek was in een en twintig distrikte opgedeel. Elke distrik het 'n landdros gehad, wat na die siviele administrasie moes omsien, en kommandant wat na die militêre sake moes omsien. Die kommandant was in bevel van die kommando en 'n kommandant-generaal was verkies om bevel te neem van die hele republiek se weermag. Gesien hierdie demokratiese aard van die kommandostelsel, is dit nie verbasend dat vir nog baie jare wat gevolg het, het die meeste Boere leiers hul toetrede tot die openbare lewe deur die kommandostelsel gemaak.

Elke distrik was verdeel in wyke, met 'n veldkornet in bevel van die wyk. Sommige wyke in die ZAR het ook assistent veldkornette gehad. Die manne van die wyk het hul eie veldkornet verkies en diegene van die distrik het 'n kommandant vir 'n vyf jaar termyn verkies. Alle blanke mans tussen die ouderdom van sestien en sestig moes militêre diens doen. Wanneer dit verlang was, was die manne opgekommandeer na die weermag. As 'n reël moes elke man sy eie geweer, perd, ammunisie en kos voorsien. Die regering het rantsone voorsien net vir veldtogte wat meer as agt dae geduur het. Nie alle Boere het gewere gehad nie en die regering het die kommando's bewapen wanneer 'n groot weermag benodig was. Hierdie kommando's het geen amptelike uniforms gehad nie en die offisiere het nie enige kentekens of medaljes gedra nie.

Die staatsartillerie was die enigste professionele weermag eenheid in die ZAR. In buitengewone omstandighede het die Zuid Afrikaanse Polisie (ZARP) ook gehelp in 'n oorlog.

Die Soutpansberg distrik, waar Jacobus Potgieter diens gedoen het, was in ses wyke onderverdeel, naamlik Pietersburg, Marabastad, Renosterpoort, Houtbosberg, Onderveld en Spelonken.

Al die burgers van die omliggende plase het die oproep beantwoord en byeengekom op Palmietfontein, die plaas van Daniel Page. Jacobus, soos veel ander Boere, was ongewapen. Die regering het gou aksie geneem om te verseker dat almal in die kommando bewapen word deur 'n voorraad kratte

vol gewere en ammunisie onder die burgers te versprei. Jacobus was goed bekwaam in die gebruik van 'n geweer. Hy het al die belangrikste aspekte geleer waar hy nog as jong seun aan jagtogte deelgeneem het toe hy by sy suster gebly het in die Soutpansberg. Hierdie was die eerste keer wat hy na die oorlog moes gaan. Dit was die eerste keer dat hy sy vaardighede met die geweer sou aanwend ter verdediging van sy land. Jacobus was nie bang gewees om na die oorlog te gaan nie, intendeel, hy het die oproep met geesdrif aanvaar. Hy was drie en twintig jaar oud en het reeds vele ondervindinge met die swart stamme gehad. Toe hy slegs negentien jaar oud was moes hy vir sy lewe vlug toe hy van sy plaas in die Laeveld verdryf is. Hy het ook nog die stories goed onthou wat sy moeder hom vertel het, van die tyd toe sy ouers vir hul lewe moes vlug by Schoemansdal.

Daardie nag het die veldkornet by die kamp aangekom met 'n brief in sy hand, wat gerig was aan die kapteins wat gerebelleer het. Daar was vyf kapteins wat in opstand gekom het. Die selfde nag nog het die veldkornet die kamp weer verlaat met sestien burgers om na 'n sekere kantoor genaamd Agatha te gaan. Die veldkornet en die burgers het verby die stat van die eerste kaptein gegaan om te oornag naby aan die tweede kaptein, Kaptein Mesotie, se stat. Die mense het hulle toegelaat om tot naby aan die stat te kom voordat hulle die veldkornet en sy sestien manne aangeval het. Die burgers het daar geveg sonder om 'n man te verloor. Slegs een perd van die Boere was deur Mesotie se mense gedood. Die burgers was toe by Agatha vasgekeer deur Mesotie. Daar moes hulle aanhou veg vir hulle lewens. Die manne het die kantoor as fort gebruik deur gate in die mure te maak waardeur hulle kon skiet.

Die regering van die ZAR het spoedig 'n groot kommando gestuur om die burgers te gaan help. Toe die kommando in die vyand se rigting uit beweeg het, het die vyand met kanonne op hulle losgebrand. Die Boere het onmiddellik hul kanonne in gereedheid gebring en terug gevuur na die bosse waar die vyand vandaan geskiet het. Twee artilleriste het daar ongelukke gehad. 'n Kanon koeël het die een burger getref en sy hand afgeskiet. Dit was net 'n wonderwerk dat hy die gedood is nie. Die kommando het toe na die stat opgemarsjeer. Die stat is die volgende dag afgebrand. Die geveg het daarna nie lank geduur nie voordat Kaptein Mesotie na vore gekom het om wapens oor te gee. Al die wapens was verbrand. Daar was gewere, spiese en vele ander wapens. Generaal PJ Joubert het met 'n ander weg opgemars en kort voor lank het Kaptein Sebboel ook sy wapens neergelê. Kaptein Mapit is daarna toe ook verslaan, sonder veel verlies. Magoeba het egter glad nie

belang gestel om vrede te maak nie en het in die digte bosse in gevlug. Sy stat is deur die burgers afgebrand.

Gedurende 1895 het die regering ses forte laat bou in die gebied waar Kaptein Magoeba die bosse in gevlug het. Magoeba se mense het reeds die helfte van die Houtbosberg ingeneem, terwyl sommige ander in die digte bosse gebly het. Die ses forte wat gebou was, was Fort Botha by Helseboskrans, Fort Moller by Kafferskroon, Fort Bessie naby Impalastad, Fort Burger naby Mesotiestad, Fort Eendrag naby Magoebastad en Fort Askai naby Majakie.

Die burgers het die taak gehad om die forte te beman en die burgerlikes te beskerm en die vyand weg te hou. Elke nou en dan het die burgers 'n skermutseling met die vyand gehad. Dan het die regering die burgers vyftien sjieling per dag betaal. Die strategie wat die vyand gevolg het, was om die burgers wat die forte beman het, in 'n hinderlaag in die digte bosse te lei. Hulle kon die burgers op geen ander manier gedood het nie. Die situasie met Kaptein Magoeba het so aangehou van Januarie 1895 tot Mei 1895.

In die maand van Mei 1895 het die regering weer eens 'n groot kommando op die been geroep. Sommige mense van Swaziland het ook by die kommando aangesluit om te help om vir Kaptein Magoeba uit die bosse te dryf. Dit het nie lank geduur nie, of Magoeba was deur die Swazi's met 'n swaard onthoof, saam met negentien ander. Die res van Magoeba se manne was gevange geneem. Al die kommando's in die omgewing van die oproer was aangeprys.

Jameson se inval van 1896

Hoofstuk 3

Goudstormloop, Uitlanders, die stemreg kwessie, die drifkwessie, Jameson.

Gedurende die 1860's was goud by Johannesburg ontdek. 'n Goudstormloop het begin en die Transvaal was toegestroom die fortuinsoekers van Europa. Die Boere het nie besonders baie van hierdie Uitlanders gehou nie. Hulle het 'n vreemde kultuur na die Transvaal gebring. Die aasvoëls het in niks anders as geld belang gestel het nie. Hulle het in siellose krothuse in plakkerskampe op die buitewyke van Johannesburg gewoon. Hulle het nie 'n baie hoë lewensmoraal getoon nie en het nie enige lojaliteit getoon teenoor hierdie land waar hulle geprobeer het om hul fortuine te kom maak het nie. Die vrouens en kinders was in Europa agtergelaat, in ruil vir die bekoring en fortuin van die goudvelde. Johannesburg het alles na die Transvaal gebring wat mens kon verwag en assosieer met die spektakel van 'n goudstormloop. Kroeë en bordele het orals geopen en vele gewetenlose individue het na vore gekom wat maar net te gretig was om elke sent moontlik uit 'n arm man se sak te steel.

Johannesburg het 'n kultuur verteenwoordig wat geskrei het teen die Boere se beginsels. Die middel van die dorp het die bekoring van 'n ware moderne stad gehad met die groot kantore en die laatnag klubs. Die voorstede was grys plakkerskampe met huise wat van blik en sink gebou was. Die haweloses het orals uitgepeul en bedelaars en niksnutte het orals rondgelê.

Die aspek wat die Boere die meeste gehaat het van hierdie Uitlanders, was die feit dat hulle meesal Engelse was. Die Boere kon maar net nie vergeet het dat hul voorvaders die Kaap nie so lank gelede verlaat het om weg te breek van die Engelse. Die Engelse het hulle die wildernis in agtervolg, en maar net 'n klompie jare gelede, moes die Boere weereens die Republiek teen die Engelse verdedig het by die slag van Majuba.

Die Uitlanders het die gunste van die Boere terugbesorg. Hulle het geglo die Boere was 'n klomp ongeletterde, kultuurlose plattelanders wat op die plase gewoon het. Paul Kruger, die leier van die Boere, was maar 'n besondere ru en koddige kêrel wat rondgeloop het met sy neus in 'n bybel begrawe, maar nie 'n duit sou omgee vir die mees basiese menseregte van die Uitlanders

nie. Wanneer iemand geprobeer het om 'n saak aan te raak wat hom nie aangestaan het nie, het hy in 'n woude bui gegaan en rondgespring en soos 'n bees gebrul. Enige ontmoeting met hom was heel onaangenaam aangesien hy die gewoonte gehad het om te spoeg terwyl hy praat.

Die Uitlanders het baie griewe gehad. Hulle het byna negentig persent van die land se belastings betaal, maar het geen voordeel daaruit geput nie. Die regering het geen poging aangewend om die toestande in Johannesburg te verbeter nie. Daar was geen waterpype of rioolstelsels in die dorp nie. Die Uitlanders het geen seggenskap gehad oor die aanstelling van regerings en munisipale amptenare nie en kon geen invloed uitoefen oor die besteding van die belastings wat hulle betaal het nie. Die Uitlanders het gekla dat die amptenare totaal korrup was, terwyl hulle belaglike hoë salarisse betaal is.

Die Uitlanders het die kommandostelsel gehaat. Alle mans tussen die ouderdom van sestien en sestig kon ter enige tyd beveel word om by 'n kommando aan te sluit. Hulle het geen lojaliteit teenoor die Transvaal gehad nie. Hulle lojaliteit het by die Koningin gelê. Hulle het geen intensie gehad om na 'n oorlog te gaan vir 'n regering vir wie hulle nie eers gestem het nie. Generaal Joubert het die Uitlanders na wille keur opgekommandeer wanneer hy troepe nodig gehad het vir sy veldtogte teen rebelle soos Mapoch en Magoeba. Baie het geweier om vir militêre diens aan te meld. Diegene wat wel aangemeld het, het dikwels gedros wanneer hulle gevaar in die gesig gestaar het. Na menigte onderhandelinge het Kruger in 1894 uiteindelik aan die Uitlanders vrystelling van militêre diens toegestaan.

Ander klagtes het die afwesigheid van ongeskiktheidpensioen en die feit dat die regering uiters min geld aan skole vir die Uitlanders gespandeer het, ingesluit. Die kinders moes onderrig in Afrikaans ondergaan. Die wette het die vrye verkoop van alkohol aan die werkers toegelaat. Die werkers het dikwels op 'n Maandag na die werk teruggekeer, geheel en al onbevoeg tot enige vorm van produktiewe werk. Die Uitlanders het geglo dat die regering korrup en bevooroordeeld teenoor hulle was. Hulle was veral ongelukkig oor die bestaan van konsessies. Die Duitsers het die monopolie oor dinamiet gehad. Hierdie monopolie was ten volle uitgebuit met hoë pryse vir swak kwaliteit. Die regering het self die monopolie oor die spoorweë gehad. Tariewe was ongunstig teenoor die mynbedryf gestruktureer, met ekstra hoë lading vir vrag wat vanaf Kaapstad gekom het.

Die belangrikste van die Uitlanders se klagtes was die afwesigheid van stemreg. In 1881 was die vereiste vir burgerskap een jaar verblyf in die Transvaal. In 1882 was dit was gou verleng na vyf jaar. Toe die bedreiging van die getalle van die Uitlanders toegeneem het, het Paul Kruger in 1894 die verlangde tyd van verblyf na veertien jaar verleng. Gedurende 1893 is 'n petisie met 13,000 handtekeninge aan Kruger oorhandig. Toe dit geïgnoreer was, is 'n nuwe petisie met 35,000 handtekeninge aan Kruger oorhandig. Die het steeds geen uitwerking gehad. Dit het maar net aan Kruger bewys dat hierdie Uitlanders die land wou oorneem. Kruger het besef dat, die oomblik wanneer hy stemreg aan die Uitlanders sou gee, Kruger sy setel kwyt sou wees en die Transvaalse vlag afgehaal sou word. Kruger het gereageer deur die voorwaarde by te voeg dat enige kandidaat vir burgerskap sy vorige nasionaliteit gedurende die veertien jaar van verblyf in die Transvaal moet opgee.

Kruger het geweet dat dit oor meer as maar net stemreg gegaan het. Hulle wou die land gehad het. Kruger het besef dat die Uitlanders die Boere in getalle by vêr oorheers het. Die meerderheid van hulle was lojaal teenoor Brittanje. Brittanje het dit reeds by verskeie geleenthede baie duidelik gemaak dat hulle beheer oor die Transvaal en die goudvelde wou hê. Sodra Kruger aan hulle stemreg gee, sou hulle hom uitstem en ten gunste van die inlywing van die Transvaal as Britse kolonie stem. Hierdie land het aan die Boere behoort. Hulle het vêr getrek hard gewerk en dapper geveg sodat hulle hul eie land kon hê. Hierdie Uitlanders was 'n bedreiging vir hul vryheid. As hulle nie van die toestande in die Transvaal gehou het nie, was hulle welkom om terug na hul lande van herkoms te gaan.

Die breë publiek was salig onbewus van wat in Johannesburg aan die gang was. Slegs die geseënde paar wat in die regerings was of wat in regeringskringe rondbeweeg het, was ingelig oor die volle stand van sake. Selfs diégene het slegs 'n baie eensydige siening van wat aan die gang was gekry. Die Oktober 1895 drif kwessie het egter wél die aandag van sommige mense getrek. Die vragtariëwe vir vrag wat van Kaapstad gekom het was so abnormaal hoog dat baie handelaars hul bes geprobeer het om hierdie hoë vrag koste te vermy. Die Uitlanders het hul goedere op die grens afgelaai en alles per ossewa oor die grens na die Transvaal gebring.

Op 1 Oktober 1895 het Paul Kruger die drif gesluit. Die Britse regering het aangegaan asof dít 'n uitdaging tot oorlog was. Hulle het oorlogskepe na die

Kaap gestuur in 'n magsvertoning. Die konfrontasie is opgelos toe Paul Kruger ingegee het en die drif op 7 November weer heropen het.

'n Groep vooraanstaande besigheidsmanne in Johannesburg het 'n hervormings komitee gestig. Jameson, wat in 1891 die pos van administrateur van Mashonaland aanvaar het, het saam met Cecil John Rhodes, die Eerste Minister van die Kaapkolonie, met die hervormings komitee saamgesweer om die Transvaalse regering omver te werp.

Op 29 Desember 1895 het Jameson 'n aanvalsparty die Transvaal ingelei met die hoop om magte saam te snoer met die ontevrede burgerlikes in Johannesburg.

Jacobus Johannes Potgieter was op 'n besigheidsreis om geelhout planke vir beeste te verruil, toe hy die berig ontvang het dat die buitelandse weermag die staat ingeval het. Hy het onmiddellik na Pretoria gegaan. Toe hy in Pretoria aangekom het, was die hele weermag reeds gevange geneem. Die burgers het kanonne en Mausers van die beste gehalte gebuit. Cronje het 'n lokval vir Jameson se invallers by Krugersdorp voorberei. Na 'n kort slag by Doornkop was Jameson tot oorgawe deur die Boere kommandante, Cronje, Malan en Potgieter, gedwing. 'n Interne gestryery het ontstaan tussen Generaal Joubert, wat aangedring het op 'n onvoorwaardelike oorgawe, en Cronje wat 'n waarborg gegee het dat die lewens van die invallers gespaar sou word.

Om vrede in Johannesburg te bewaar het President Paul Kruger 'n ultimatum in Januarie 1896 uitgereik aan al die mense in Johannesburg om hul wapens op te gee. Hy het die ultimatum gerugsteun deur troepe na Johannesburg te stuur. 'n Groot weermag van die ZAR was opgekommandeer om Pretoria te beskerm teen die Uitlanders wat in opstand gekom het. Die Uitlanders in Johannesburg het gewere en ammunisie die stad ingesmokkel. Die Hoë kommissaris van Kaapstad het na Pretoria gekom om die vergieting van bloed te voorkom. Die Uitlanders het gou gereageer op die ultimatum, en die krisis was gou verby. Alle lede van die hervormings komitee in gearresteer.

Die verhoor van die hervormings komitee was in Pretoria gehou. Na 'n kort verhoor was die doodsvonnis oor die leiers deur regter Gregorowski uitgespreek. President Kruger was oorstroom met versoeke om hul lewens te spaar. Na die selfmoord van een van die gevangenes het President Paul Kruger 'n hand van genade aangebied deur die vonnisse na vyftien jaar

tronkstraf te verminder. Die oorfloed van versoeke om genade het aangehou en Kruger het weereens 'n gebaar van goedhartigheid gemaak en die vonnis was nogmaals verminder. Na die betaling van 'n boete van 25,000 pond elk, was die gevangenis vrygelaat.

Jameson en sy invallers was aan die Goewerneur van Natal oorgegee. Die Britte het hul eie ondersoek na die saak van stapel gestuur en Jameson was in Londen voor die hof gebring. Cecil John Rhodes was in die ondersoek by die inval betrek en gedwing om as Eerste Minister van die Kaapkolonie te bedank. Na vier maande in die tronk was Jameson deur die Koningin begenadig en weer huis toe gestuur.

Die regering van die ZAR het skadevergoeding van meer as 'n halfmiljoen pond geëis. Brittanje het geweier om die skadevergoeding te betaal.

Die inval deur Jameson was in die vroeë oggendure van 1896 afgeweer, maar die probleme met die Uitlanders was vêr van verby.

Die Magatoe Oorlog van 1897

Hoofstuk 4

Silikaats, Mapela, Magatoe, runderpes, hongersnood.

So vroeg as 1836, gedurende die Groot Trek, het die Boere in konflik met Silikaats gekom toe sy impi's die laer van Hendrik Potgieter aangeval het. Daardie keer het die Boere die laer suksesvol verdedig, maar Silikaats het aangehou om die setlaars aan te val, totdat hy deur Potgieter se kommando oor die Limpopo verdryf was in 1838. Die kleiner Tswana stamme (insluitende Magatoe) het aan die Boere se oorheersing oorgegee nadat hulle van Silikaats bevry was. Silikaats het aanvalle van die anderkant van die Limpopo geloods en dan weer met sy buit in die digte bosse verdwyn. In 1839 het Potgieter se kommando sonder sukses die grens oorgesteek in 'n poging om die skape en beeste terug te bring.

Mapela het die Boere leier, Hermanus Potgieter in 1854 in die Waterberg distrik vermoor. Kommandant-generaal Piet Potgieter en MW Pretorius het 'n kommando teen Mapela gelei, maar Mapela het die berge in gevlug waar Makapaan beskerming aan hom verleen het. Die Rustenburg kommando, onder die leierskap van Kommandant Paul Kruger, het by die ekspedisie aangesluit om vir Makapaan en Mapela te omsingel en hulle uit die berge te dryf. Kommandant-generaal Piet Potgieter was in die onsuksesvolle aanval op die skuilings gedood.

In maart 1868 het Kruger weer eens teen Mapela opgetree. Hy het verskeie pogings aangewend om 'n sterk mag op die been te bring, maar die Boere kommando's was bra onwillig om te reageer. Uiteindelik het Kruger 750 manne bymekaar gemaak en teen Mapela uit beweeg. Na 'n hewige geveg het Kruger Mapela se stat oorgeneem, met verlies van 13 man, maar Mapela het weer eens ontsnap. Kruger het die dorp, tesame met alle oeste, verwoes en alle beeste gebuit. Nadat die grootste gedeelte van sy kommando gedros het, was Kruger gedwing om sy optrede teen Mapela te staak.

In Oktober 1868 het Swartbooi, 'n lid van Magatoe se stam, vir Mapela oortuig om met Kruger om vrede te onderhandel.

Hierdie Magatoe het as stamhoof toe vir die volgende dertig jaar aanhoudend gerebelleer en het geweier om na enige bevele van die regering te luister. In 1867 moes Jacobus Potgieter se ouers, tesame met al die inwoners van Schoemansdal, voor Magatoe gevlug het vir hul lewens. Die hele dorp, insluitende die kerk, moes agtergelaat word aan die genade van Magatoe, wat vroeër bekend gestaan het as die “Katlagter”. Byna die hele distrik was deur die inwoners verlate gelaat toe hulle weg getrek het.

In 1897 het die regering sowat 4,000 burgers opgekommandeer om vir Magatoe te beveg. Hierdie kaptein was sterk en goed beskerm in sy wegkruipplek. Die dag voor die kommando uit beweeg het na die berge, het die burgers ‘n groot biddag gehou. Vroeg die volgende oggend het die 4,000 burgers die berge ingevaar op soek na Magatoe. Die kommando was nog nie ver die berge, wat baie klowe gehad het, in gewees nie, toe Magatoe op die kommando begin vuur het.

Jacobus het in die voorste linies geveg. Die vyand is gou terug gedryf. ‘n Mistige wolk het oor die omgewing gekom en Magatoe se hele stat bedek, waarna die Boere begin het om forte te bou. Toe die forte, of eerder verskansings, byna gereed was, het die digte wolk mis oor Magatoe se stat weer opgeklaar en Generaal Joubert het opdrag gegee om die stat met kanonne, bomme en Mausers te bombardeer. Na ‘n ruk het hulle die stat bestorm. Die berg was baie steil, maar die burgers het binne ‘n halfuur die berg op gestorm en Magatoe se stat ingeval.

Al die troepe van Magatoe het op die vlug geslaan, terwyl sommige dood geskiet was. Een van die burgers was by die stat doodgeskiet deur ‘n vyandige soldaat, wat vanuit ‘n gat in die grond geskiet het. Magatoe se stam het na Rhodesië gevlug. Op die manier is die eens magtige stam wat die Boere vir reeds meer as dertig jaar lank geteister het tot niet gemaak. Drie Boere was ‘n die slag gedood en 6 was gewond.

Die hand van bo het egter nie opgehou om straf aan die Boere uit te deel nie. Runderpes het in 1898 onder die beeste uitgebreek. Byna al die beeste het van die pes gevrek. ‘n Regeringsbeheerde voorkomingsveldtog is van stapel gestuur. Orals waar die pes uitgebreek het, was die plase deur burgerlike wagte omsingel en al die beeste wat die pes onder lede gehad het was dood geskiet en begrawe. Waar genoegsame hout beskikbaar was, is die karkasse verbrand. Toe dit alles nog nie die probleem opgelos het nie, was die beeste in die bout ingespuut met bloed van die sterk beeste, maar daarna het nog

slegs een uit elke honderd beeste oorleef. Beter planne is gemaak en nuwe uitvindings is uitgevind en die beeste is met gal van die siek beeste ingespuut.

Nadat hierdie idee uitgevind was het dit 'n baie beter effek gehad en meer beeste kon deurgehaal word, maar ongelukkig het die pes toe deur die hele land versprei. Die regering het burgers gehuur om die pes linies te bewaak, teen 'n betaling van tien sjieling per dag.

Wanneer U hier lees, mag U dink dat dit die einde van die ellende was. Seer sekerlik nie!

Die groot verdriet lê nog voor. Hou maar net aan om te lees. Daar was 'n grootskaalse hongersnood nog steeds in dieselfde jaar as die runderpes. Nog nooit tevore was daar enigiets soos die ellende onder die mense van die Transvaal of onder die swart stamme nie. Die regering het gedoen wat dit kon oor die aangeleentheid en kos was vanaf die buiteland ingevoer. Mielies was aan die swartes verkoop teen vier tot vyf pond per sak. 'n Driekwart emmer was verruil vir een bok of skaap, of somtyds vir tot tien skape! Tot een pond vir 'n driekwart emmer mielies! Menigte swartes het gesterf van die honger. Sommige van die blankes moes sprinkane en wilde hasies eet. Alles was geëet. Die spoorlyn het nog nie orals bereik nie en die vervoer van voedsel was stadig. Terselfdertyd het die runderpes steeds so erg aangehou dat geen ossewaens gebruik kon word. Die regering het esels van Europa aangekoop om die voedsel na plekke te neem waar daar nie spoorlyne was nie.

Die sprinkane het alles gevreet wat gesaai was. Dit het egter nie lank geduur nie voordat sake weer verbeter het. Indien die sprinkane langer so aangehou het sou die ellende nooit opgehou het nie.

Oorlog teen Engeland

Deel II

Die voorskou tot die oorlog

Hoofstuk 5

Uitlanders, Sir Milner, Bloemfontein konferensie, ultimatum, Krokodilrivier.

Sedert Jameson se inval het die houding jeens die Uitlanders verhard. Die Eerste Minister van die Kaapkolonie, Cecil John Rhodes, se betrokkenheid by die inval was deur die Boere as klinkklare bewys geag dat Brittanje die pogings om die Transvaal omver te werp ondersteun het. Die ligte strawwe wat die invallers, en veral Cecil John Rhodes, gekry het, was rede tot groot ongelukkigheid onder die Boere. Brittanje se weiering om enige skadevergoeding te betaal, en veral die manier wat die eis in die Britse parlement verkleineer was, het die Boere regtig die joos in gemaak.

Sir Alfred Milner was in 1898, dieselfde jaar as wat Paul Kruger herkies was as President, as Hoë Kommissaris van die Kaapkolonie aangestel. Hy het nie na die Kaap toe gekom uit sy eie vrye wil nie, maar eerder omdat die Britse regering geglo het dat hy die regte man vir die taak was. Milner het geglo in die Britse koloniale droom. Hy het sy eie idees gehad oor hoe dit bereik moes word. Hy was uiters krities oor die hantering van die Suid Afrikaanse situasie. D'Urban moes nooit toegelaat het dat die Boere die Britse bewind ontsnap het met die Groot Trek in 1836. Milner het openlik kritiek uitgespreek oor die onhandige hantering van die Ryk se poging om die Transvaal gedurende 1877 te annekseer, asook die daaropvolgende vernederende neerlaag by Majuba in 1881.

Rhodes se gemors met die Jameson inval van 1896 het Milner se hand baie verswak. Milner se eerste taak sou wees om die opinie van die algemene publiek in Suid Afrika, sowel as in Europa, te verander. Milner het sy strategie goed beplan. Hou wou 'n krisis in die Transvaal forseer deur druk op die stelsel plaas en vir Kruger dwing om die fout te begaan om die rol van aggressor aan te neem.

Milner het van die staanspoor duidelik gemaak dat hy nie van Kruger en die Boere gehou het nie. Die voortdurende getwis oor sake wat hy as onbenullig beskou het, het hom geïrriteer. Milner het met spesiale aandag pogings aangewend om die Uitlander kwessie na die voorgrond te bring. 'n Kommissie is aangestel onder die voorsitterskap van Schalk Burger, die President van die Oranje-Vrystaat, om die saak te ondersoek, maar geeneen van die aanbevelings was geïmplimenteer. Toe 'n petisie, onderteken deur 21,000 Uitlanders, wat vra vir Britse beskerming, aan die Koningin oorhandig is, is die saak amptelik na Milner verwys.

Kruger se pogings om die omstandighede van die Uitlanders te verbeter het enige indruk op Milner gemaak nie. Kruger het steeds daarop aangedring dat Uitlanders stemreg mag ontvang slegs na vyftien jaar van verblyf. In 'n laaste poging om oorlog te voorkom het President Steyn van die Oranje-Vrystaat 'n ontmoeting tussen Kruger en Milner gereël. Die konferensie was gedurende Mei 1899 in Bloemfontein gehou. Alhoewel President Steyn vir Kruger ondersteun het teen Britse inmenging in die interne sake van die Transvaal, het Steyn sy beste geprobeer om die uitbreek van oorlog te voorkom. Hy het die inisiatief geneem om vir Milner en Kruger bymekaar te bring, maar het nie self deelgeneem aan die besprekings nie.

Die kwessie van die Uitlanders op die goudvelde was bespreek. Kruger het sekere kompromieë voorgestel. Die belangrikste daarvan was sy aanbod van volle burgerskap aan Uitlanders met meer as nege jaar verblyf. Hierdie was reeds 'n groot verbetering op sy vorige aandrang van vyftien jaar. Milner het aangedring op onmiddellike stemreg aan alle Uitlanders met meer as vyf jaar verblyf. Kruger het verder gekomprimeer en 'n sewe jaar periode voorgestel, met gedeeltelike verteenwoordiging en onafhanklike arbitrasie vir enige geskille.

Milner was nie geroer nie. Hy het steeds aangedring op stemreg na vyf jaar. Kruger was nie bereid om verder in te gee nie en die vergadering is plotseling geëindig deur Milner. Milner het geweier om in te gee en het daarna gevra vir Britse inmenging in die Transvaal.

Milner wou na die konferensie in Bloemfontein nie weer met Kruger korrespondeer nie, tensy aan al sy vereistes voldoen word. Kruger het 'n laaste poging aangewend om die saak op te los deur vir arbitrasie te vra. Dit het al hoe duideliker geword dat Milner slegs belang gestel het om die saak tot die punt van oorlog te dryf. Hy het begin om magte op die Transvaal se

grense op te bou. Duisende troepe was vanaf die Britse kolonies gestuur om vir oorlog voor te berei. Teen hierdie tyd het Kruger reeds in die lokval begin trap wat Milner aan hom gestel het, deur die rol van die aggressor aan te neem. Dit het egter gou duidelik geword dat Kruger geen ander keuse gehad het nie.

President Kruger het baie teenstand van sy eie mense gehad toe hy uiteindelik die ultimatum opgetrek het. De la Rey het hom gewaarsku dat die Boere magte nie voorbereid was op oorlog nie. President Steyn, wat voorheen 'n verdrag ter ondersteuning met Kruger gesluit het, het gewaarsku dat, indien oorlog sou kom, daar geen moontlikheid van omdraai kon wees nie. Kruger het des ondanks die ultimatum op 9 Oktober 1899 uitgereik.

Kruger se ultimatum:

"Her Majesty's unlawful intervention in the internal affairs of this republic, in conflict of the London convention of 1884, by the extraordinary strengthening of her troops in the neighbourhood of the borders of this republic, has caused an intolerable conditions of things to arise, to which this Government feels itself obliged, in the interest not only of this republic, but also of all South Africa, to make an end to as soon as possible, and this Government feels itself called upon and obliged to press earnestly and with emphasis for an immediate termination of this state of things and to request Her Majesty's Government to give assurances upon the following demands:

First-That all points of mutual difference be regulated by friendly recourse to arbitration or by whatever amicable way may be agreed upon by this Government and Her Majesty's Government.

Second-That all troops on the border of this republic shall be instantly withdrawn.

Third-That all reinforcements of troops which have arrived in South Africa since June 1, 1899, shall be removed from South Africa within a reasonable time to be agreed upon with this Government, and with the mutual assurance and a guarantee on the part of this Government that no attack upon or hostilities against any portion of the possessions of the British Government shall be made by this republic during any further negotiations within a period of time to be subsequently agreed upon between the Governments, and this Government will, on compliance therewith, be prepared to withdraw the armed burghers of this republic from the borders.

Fourth-That Her Majesty's troops which are now on the high seas shall not be landed in any part of South Africa.

To these demands is appended the definition of time limited for a reply:

This Government presses for an immediate and affirmative answer to these four questions, and earnestly requests that Her Majesty's Government to return an answer before or upon Wednesday October 11, 1899, not later than five o'clock P.M.

It desires further to add that in the unexpected event of an answer unsatisfactory being received by it within this interval, it will, with great regret, be compelled to regard the action of Her Majesty's Government as a formal declaration of war, and will not hold itself responsible for the consequences thereof, and that in the

event of any further movement of troops occurring within the above mentioned time, in a nearer direction to our borders, this Government will be compelled to regard that also as a formal declaration of war.

*I have the honour to be, respectfully yours,
FW REITZ State Secretary"*

Brittanje se antwoord op die ultimatum was 'n duidelike verontagsaming van enige moontlikheid om die oorlog te vermy:

"Sir

I am instructed by the High Commissioner to state to you that Her Majesty's Government have received with great regret the peremptory demands of the Government of the South African Republic conveyed to me in your Note of the 9th instant, and I am to inform you in reply that the conditions demanded by the Government of the South African Republic are such as Her Majesty's Government deem it impossible to discuss.

*I have the honour to be,
Sir
your obedient servant"*

Die Anglo-boereoorlog was 'n stryd om vryheid. Dit het 'n gesamentlike poging tussen die Transvaal en die Oranje-Vrystaat geword om die bedreiging van 'n Britse inval vanaf die Kaapkolonie en Natal af te weer. Kruger het dit duidelik in sy ultimatum aan die Britte gestel: "Verwyder julle troepe van ons grense, of ons sal hulle self verwyder." Die ultimatum was geïgnoreer en Kruger het oorlog verklaar. Die Boere het nie verwag dat die oorlog lank sou duur nie en het gehoop op hulp van die Westerse wêreld.

Aanvanklik was troepe op al die grense van die Transvaal geplaas, terwyl die hoof aanslag teen die inval van die Kaap en Natal gemik was deur die dorpe van Kimberley, Mafikeng en Ladysmith te beleër.

Op die negende dag van Oktober 1899 is al die burgers van die Houtbosberg wyk, Soutpansberg distrik, voor die veldkornet geroep. Die was duidelik gemaak dat die saak so ernstig was dat oorlog sou kom tussen die Afrikaner en die Engelse. Jacobus Potgieter het sy huis op 11 Oktober 1899 verlaat om in die oorlog teen Engeland te gaan veg.

Jacobus het toe so pas terug gekeer na sy huis. Hy was weg van sy huis op 'n twee maande lange jag ekspedisie waarop hulle vele wild geskiet het. Hy het 'n plesierige tyd gehad om die wild te jaag en vanaf die perd se rug te skiet. In daardie dae was wild volop genoeg om die ossewa te vul met wild wat

gejag was. Tesame met sy vriende het hulle vyftig stuk wild gejag. Daar was kameelperde, gemsbok, wildebees, eland en nog veel ander soorte wild.

Hy moes op die elfde Oktober op kommando gegaan het. Hulle het op perd gegaan, aangesien die waens al reeds verstrek het. Jacobus het saam met Andries Digue gegaan. Hulle het die laer vyf uur se afstand van waar hulle vertrek het van Houtbosberg ontmoet. Hulle het voort beweeg en 'n kommando van 'n ander wyk by Spitskop ontmoet. Oorlog teen die Engelse was verklaar deur die regering!

Hulle het in 'n massa voort getrek na die Krokodilrivier. Toe hulle daar aangekom het, ontmoet hulle 'n ander kommando wat in dieselfde rigting getrek het om die grens by die Krokodilrivier te verdedig. Daardie aand het die burgers by die einde van die Soutpansberg samesprekings oor die oorlog gevoer.

Een persoon het gesê dat die oorlog nie lank sou duur nie, aangesien hulle beskaafd was en hulle het gehoor dat die Engelse ook 'n besondere beskaafde nasie was. Dit sou dus nie lank duur voordat die geskille op 'n ander manier uitgesorteer sou word, om die vergieting van bloed te vermy.

Let op die beskaafde maniere van beide nasies!

'n Ander man het gesê dat dit ses maande sou duur. 'n Ander een het gesê dat die regering nie so iets sou doen as hulle nie 'n ander moontlikheid in hul mou het nie. Ingeval dinge verkeerd sou gaan sou ander hulle help. Hulle was maar min in getal en Engeland was miljoene. Hulle sou byna nie eers notisie van geneem word nie, teenoor so 'n groot mag, en soveel meer, een van die beroemdste ter wêreld. Dit kon daarom verstaan word deur die wêreld dat so 'n klein nasie 'n baie groot risiko loop om so 'n stap te neem.

Die begin van die oorlog

Hoofstuk 6

Kraaipan, Krokodilrivier, verwarring onder die burgers

Die eerste skote van die Anglo-boereoorlog was gevuur tydens 'n kleinerige skermutseling by 'n dorpie genaamd Kraaipan. Op weg na Mafikeng het Generaal De la Rey se kommando op 12 Oktober 1899 'n trein, wat onder die bevel van Kaptein Nesbitt was, teë gekom.

Die eer om die eerste skoot te vuur het gegaan aan Veldkornet JC Coetzee. Die eerste Britse soldaat wat gedood is in die oorlog het ook tydens die skermutseling gesterf. Na etlike bombardement het die Boere twee 7-pond kanonne, wat op weg na Mafikeng was gebuit.

Ockert Oosthuizen was die eerste Boer wat in die oorlog gesterf het. Hy het op 14 Oktober 1899 tydens 'n skermutseling naby Mafikeng gesterf. Twee Britse soldate was tydens daardie skermutseling gedood en 14 gewond. 'n Tweede, onbekende Boer het ook tydens die skermutseling gesterf en ses Boere was gewond.

Die oggend van die twaalfde Oktober 1899 het die Soutpansberg kommando na die gebied waar die Krokodilrivier in die Limpoporivier vloei getrek. Die Limpoporivier was die grens tussen die Transvaal en die Tuli gebied, wat deel van die Rhodesiese gebied was. Reeds toe Milner vir sy konfrontasie met Kruger voorberei het, het hy 'n aantal troepe op die Transvaal se grens geplaas. Terwyl die hoof aanslag van die Boere gemik was op die inval van die Britse kolonies na die Suide, het Generaal Joubert ekstra versekering teen aanvalle vanuit die weste uitgeneem deur troepe te stuur om hierdie bedreiging te gaan verwyder.

Die Waterberg en Soutpansberg kommando's het nie baie tyd gemors nadat hulle by die grens aangekom het nie. Hulle moes dieselfde dag nog optree teen die Britse troepe om die element van verrassing te behou. Dit was nog vroeg in die reën seisoen en die wildernis oorkant die grens was groen en ruig. Die Boere kommando het op 'n rantjie geklim om 'n beter uitsig oor die vyand se kamp te kry.

Toe die Boere die kamp vanaf die rantjie op hul perde bestorm, was daar totale verwarring in die Britse kamp. Dit was moeilik om die vyand te sien tussen die ruie bosse, maar die Boere het tot tussen die vyand in gestorm. Die vyand het gewoel om by hul perde uit te kom en so vinnig moontlik daar weg te vlug. Vir baie Engelse soldate was dit te laat. Die Boere het vier Britse soldate gedood en vele meer gevange geneem. Nadat die Britte gevlug het, het die Boere die perde gebuit wat die vyand agter gelaat het in hul haas om te vlug.

Daar was geen ongevalle aan die Boere se kant. C Cloete se vinger was beseer en D Potgieter het 'n noue ontkoming gehad toe sy geweer raak geskiet is. Die geweer se meganisme was nie ernstig beskadig nie en dit is gou weer herstel.

Die Boere het hul sukses onmiddellik opgevolg deur die vluggende vyand agterna te jaag. Die vyand het in die rigting van Tuli gevlug, waar daar versterking gewag het. Op pad het die vyand by 'n patrollie met 'n ossewa aangesluit, waar die agtervolgende Boere hulle ingehaal het. 'n Kort bombardement het die vyand weer op vlug gesit na 'n huis in die nabyheid. Die ossewa wat met kos gelaai was, is deur die Boere gebuit.

Die huis waarin die vyand skuiling gesoek het kon nie die swaar bombardement wat die Boere uitgedeel het weerstaan nie. Toe die huis uitmekaar begin val het die vyand weer vir die derde keer op een dag op vlug geslaan. Die son het toe al reeds begin laag hang en die Boere het besluit om 'n blaaskans te neem en die agtervolging die volgende dag voort te sit. Nog nege waens, gelaai met kos en ammunisie, tesame met die muile en osse is gebuit en deur die Boere terug na die laer geneem. Die Boere het ook vier swaar gewonde Britse soldate gevind en saam met die waens terug geneem. Geen ongevalle was aan die Boere se kant aangemeld nie.

Die volgende oggend het die Boere spioene uitgestuur om die vyand se posisie vas te stel. Die spioene het teruggekeer met die berig dat hulle slegs die uitgebrande vure van 'n groot Britse kamp kon vind. Al die vyandige troepe in die omgewing het gedurende die nag na Tuli gevlug. In die kamp het die Boere waens, tente, perde en muile gevind.

Die Boere se spioene het die hele dag die gebied deeglik gefynkam, maar kon geen vyandelike troepe in die gebied vind nie. Net toe die Boere begin dink dat hulle die gebied skoon gemaak het, het die spioene met verdere

nuus teruggekeer. Die spioene het berig dat hulle 'n groot stofwolk in hulle rigting kon sien aankom. Jacobus Potgieter, wat as veldkornet opgetree het, het twintig manne met hom gehad. 'n Ander veldkornet het saam met nog spioene uitgegaan om die gerig te gaan bevestig. Die spioene het teruggekeer en die berig bevestig dat 'n groot stofwolk in hulle rigting aankom.

Toe Jacobus die nuus aangemeld het, het sommige van die Boere op 'n ander vleuel paniekbevange geraak en met al die kanonne en gewere terug na die laer gevlug. Jacobus en sy twintig manne het skuiling in die digte bosse geneem. Teen sonder ontvang Jacobus die bevel om na die laer terug te keer met al sy manne. Toe hulle by die kamp aankom het hulle gevind dat almal gevlug het. Nadat hulle die gebied ondersoek het vind hulle 'n klein hoeveelheid ammunisie wat deur die vluggende burgers agtergelaat was. Hy het aan sy manne opdrag gegee om die ammunisie in die sand te begrawe.

Toe dit begin om donker te word vind Jacobus 'n paar burgers met 'n kanon op 'n koppie. Op daardie stadium het Jacobus nie gedink voordat hy opgetree het nie. Hy gee aan die manne bevel om die kanon van die koppie af te bring en gereed te maak om aan te val. Die sigbaarheid was toe reeds baie swak. Dit sou binnekort donker wees en die bosse was dig. Volgens die berigte van die spioene was dit 'n groot mag wat aan die kom was.

Die hele Soutpansberg kommando het gevlug omdat hulle geglo het dat dit vergeefs sou wees om so 'n groot mag teen te staan. Jacobus het egter ander idees gehad. Hy het 'n paar man en 'n kanon gehad. Niemand sal by hom verby kom as hy enige sê in die saak het nie. Die spioene wat die groot aankomende mag gerapporteer het kon nie die groot mag gesien het nie, maar hulle het gemeld dat die mag groot moes gewees het aangesien die mag 'n baie groot stofwolk opgeskop het. Dit is soms nie maklik om tussen ware dapperheid en gewone onnoselheid te onderskei nie!

Hoe donkerder dit geword het, het die stofwolk al hoe nader gekom. Jacobus kon 'n lae rommel geluid hoor soos wat die mag nader marsjeer. Kort voor lank het die stofwolk oor hulle gerol, maar hulle kon steeds nie die groot mag sien nie. Soos die groot stofwolk oor hulle rol word hulle deur 'n swerm sprinkane oorval. Toe die klein groep burgers besef wat aan die gang was, was hulle nie seker of hulle moes lag of huil nie. Die stofwolk was toe al die tyd veroorsaak deur die swerm sprinkane!

Die volgende dag word Jacobus erg ontnugter deur die dapperheid van sy offisiere. Sommige van die offisiere het nie weer na die kommando terug gekeer nie.

Die kommando was 'n siviele weermag. Die weermag kon nie onvoorwaardelike getrouheid van troepe vereis nie. Heel party voorvalle is later ook aangemeld waar burgers geweier het om deel te neem aan 'n veldslag. Die ongehoorsame manne het gewoonlik om verlof gevra, wat nie geweier kon word nie. Die generaals was slegs toegelaat om op te tree teenoor manne wat sonder verlof sou dros.

Die meeste offisiere was nie gekies tot hul posisies na aanleiding van hul kundigheid of ondervinding as soldate nie, maar eerder op grond van hul sosiale posisies tussen hulle bure. Baie van hulle het nooit voorheen aktief in enige oorlog geveg nie. Die oorloë teen mense soos Magatoe en Magoeba was gewoonlik direk onder die bevel van die Kommandant Generaal gevoer. Gedurende daardie oorloë was die kans ten gunste van die Boere. Nou het hierdie offisiere vir die eerste keer die werklikheid van oorlog en die moontlikheid van 'n veel sterker oormag beleef. Die offisiere het voorgegee dat hulle in beheer was. Hulle het gemaak asof hulle bekwaam was om hulle manne op die slagveld te lei. Toe hulle ware gevaar in die gesig staar, het hulle egter nie baie tyd verspil om hulle ware kleure te wys nie.

Die manne wat van die slagveld gedros het, het gewoonlik huis toe gegaan, maar daar was wel somtyds vermeld dat van hulle by slagvelde as toeskouers opgemerk was. In die later stadium van die oorlog sou baie by die vyand aansluit om teen hulle eie volk en vaderland te veg.

Die beleg van Kimberley

Hoofstuk 7

Kimberley, Modderrivier, Magersfontein, Cronje op vlug, Paardeberg

Kimberley was die middelpunt van die diamantstormloop van 1870. Swak geleë, met geen riviere, bosse of berge, was Kimberley baie kwesbaar teen 'n aanval. Vir dertig jaar het die diamantmyners die grootste mensgemaakte gat in die wêreld gegrou. Nege persent van die wêreld se diamant produksie het van Kimberley af gekom; die Kaapkolonie se grootste bron van inkomste. Teen 1899 het Kimberley 20,000 blanke en 30,000 swart inwoners gehad. Soos wat die grouery dieper geraak het, het myn bedrywighede duurder geraak en kleiner myners het aan die groot maatskappye uitverkoop. Hierdie maatskappye het swart myners gehuur wat van orals oor die land afkomstig was. Naderhand was De Beers, met Rhodes as besturende direkteur, die enkele beherende maatskappy.

Die dae wat op die oorlogsverklaring gevolg het, het troepe vanuit die Oranje-Vrystaat oor die grense gestroom. Die Britse garnisoen by Kimberley was sowat 4,000 man sterk. Daar was genoeg in die dorp om te eet vir sewentig dae. Nadat die Boere Kimberley afgesny het van die roete na die Kaap het hulle 'n proklamasie uitgereik om Kimberley as deel van die Oranje-Vrystaat te annekseer. Luitenant Kolonel Robert Kekewich, wat in bevel van die Kimberley se garnisoen was, het 'n teen proklamasie uitgereik. Op 6 November het die Boere begin om Kimberley met hul 9-ponders te bombardeer. Die Bombardement het aanvanklik paniek veroorsaak, maar dit was meesal van die teiken af en het min ongevalle geëis.

Die Britse verligtingsmagte het by die Oranjerivier kamp opgeslaan. Die Britte se beweeglikheid was swak en inligting was onvoldoende. Toe hulle na Kimberley, al langs die spoorlyn af begin beweeg het moes die manne dra wat hul kon. Hulle het die spoorlyn herstel soos hulle aangegaan het om die weg te baan vir die trein om die swaar toerusting te bring. Die Britte het op 21 November 1899 met 8,000 man uit beweeg. Op daardie stadium was Kimberley al reeds vir vyf weke onder beleg.

Kekewich het op 25 November, nadat hy berig ontvang het van die naderende verligtingsmagte, die eerste van 'n aantal aanvalle teen Carter's

Ridge geloods, waar die Boere se 9-ponders vandaan geskiet het. Met die eerste aanvalle het die Boere verliese gelei (sowat 28 gewond of gedood), maar geen 9-ponders was deur die Britte gebuit. Bombardement is weer op die 27ste hervat. Die tweede aanval op Carter's Ridge was 'n algehele fiasko en die hele Britse aanvalskommando was gedood.

Na die verwarring by die Krokodilrivier het die Soutpansberg kommando met die regering in verbinding getree. Hulle het met die regering geredeneer dat daar nie soveel burgers aan die noordekant benodig word nie. Oorwinning het nie daar gelê nie, maar eerder aan die suidelike en westelike grense.

Die regering het kort daarna opdrag gegee dat hulle na Modderrivier moes gaan. Die vyand het in groot getalle met die spoorlyn langs opgemarsjeer. Die kommando is toe in twee verdeel. Jacobus Potgieter het saam met Veldkornet Alberts per trein na Modderrivier gegaan. Die ander veldkornette het saam met die kommandant na Colenso gegaan. Toe hulle by Modderrivier aangekom het, het hulle vir Generaal Cronje en die ander burgers daar ontmoet. Altesame was die burgers se mag sowat 7,000 man sterk.

Voordat die Soutpansberg kommando daar aangekom het, het die burgers al reeds twee keer met die vyand slaags geraak. Die eerste keer was by Belmont, waar Generaal Prinsloo en die burgers van die Oranje-Vrystaat deur die vyand geforseer was om terug te val. Generaal De la Rey en die Transvaalse burgers het daarna by die Vrystaters aangesluit vir die tweede skermutseling by Graspan. Weereens moes die burgers terugval tot by die Modderrivier. Methuen se suksesse by Belmont kopies op die 23ste en by Graspan op die 25ste gehad was egter teen hoë verliese aan Britse kant.

Die spoorlyn het die Modderrivier gekruis by die plek waar die Rietrivier in die Modderrivier gevloei het. Die Boere wou die opmars stop voordat die Britte die rivier kon oorsteek.

Die burgers het 'n paar lesse geleer uit hul nederlae by Belmont en Graspan. Daar het hulle geen behoorlike beskutting gehad nie. Die riviere het egter aan hulle 'n baie sterker natuurlike verdedigings posisie verskaf. Hierdie keer het hulle hulself behoorlik ingegrawe, deur goed gebruik te maak van loopgrawe en die steil rivier banke. Nadat die Boere die treinbrug met dinamiet opgeblaas het, was daar slegs drie plekke oor waar die vyand die

rivier kon oorsteek. Generaal De la Rey het verwag dat die hoof kolom al langs die spoorlyn sou opmarsjeer met die gedagte om die rivier by die drif reg langs die brug oor te steek. Bosmansdrif was ongeveer vier myl na die ooste geleë, en Rosmeadsdrif was ongeveer twee myl wes. Die rivier tussen hierdie oorgangsplekke was te diep vir so 'n groot weermag om oor te gaan, sonder om hulself bloot te stel aan aanvalle deur die Boere.

Die Soutpansberg se burgers het posisies ingeneem saam met Cronje se manne in die loopgrawe op die suidelike banke van die Rietrivier. Hulle het die strook tussen Bosmansdrif en die plek waar die Rietrivier en die Modderrivier ontmoet gedek. De la Rey het met ongeveer 800 Transvalers aan hulle regterkant, by die spoorroorgang gelê. Sommige burgers het aan hulle linkerkant in die lang gras tussen die Rietrivier en die Modderrivier stelling ingeneem en Bosmansdrif gedek. Generaal Prinsloo en die burgers van die Oranje-Vrystaat het die gebied aan die westekant van De la Rey se manne gedek, vanaf die brug, tot by Rosmeadsdrif. Die perde was agter die manne, in die skuiling wat die styl rivier banke verskaf het, gehou. 'n Paar kanonne is agter die manne geplaas, aan die noordekant van die Rietrivier. Die res van die kanonne was langs die spoorlyn geplaas, om die gebied voor De la Rey te dek. Die gebied wat Prinsloo moes dek het geen hulp van die artillerie gehad nie. De la Rey het opdrag gegee dat die manne hul vuur vir so lank as moontlik moet terughou.

'n Gebed voor 'n geveg:

"Liewe Vader, hier is ons bymekaar voor die groot veldslag môre, om tot u te bid. Ons is bang, daarom dat ons hier is, en bid soos ons nou ook doen. En daar anderkant is die Engelse, ook Christene nes ons. En hulle bid miskien ook, nes ons. Daarom wil ek U vra, moet asseblief nie nou vir die een of die ander voortrek nie, as dit U wil is, bly uit die ding uit, dan gaan U 'n ding sien môre!"

Dit was vroeg die oggend van die 28ste November, toe iemand skielik skree "Hier kom hulle!"

Toe die kanonne van agter begin brul het al die burgers begin vuur. Die vyand het onmiddellik skuiling gesoek en plat op die grond gaan lê, waar hulle vir die hele dag moes bly. Die vyand het 'n paar keer deur die dag pogings aangewend om vorentoe te storm, maar was elke keer weer deur die

burgers se Mauser vuur weer vasgepen. Die vyand het daar vir tien ure bly lê, nie in staat om te beweeg nie. Elke keer wanneer 'n vyandelike troep probeer het om op te staan om terug kamp toe te gaan, was hy begroet deur 'n reënval van Mauser vuur. Na die aanvanklike geweervuur het die vyand hul artillerie vuur geopen, waarop die Boere met baie groter sukses geantwoord het. Die vyand se masjiengeweer is vroeg reeds deur die Boere se artillerie buite aksie gestel.

'n Britse kolom het na die linkerkant om beweeg, waar hulle Prinsloo se manne, wat steeds bomskok van hul nederlaag by Belmont gehad het, terug gedryf het. De la Rey het aan 'n klomp burgers van die Lichtenburg kommando opdrag gegee om die Vrystaters by te staan. Hulle het daarin geslaag om die Britse troepe weer tot by Rosmeadsdrif terug te dryf. Aan die ander kant het 'n paar Britse troepe daarin geslaag om oor Bosmansdrif te kom, maar was weer deur die burgers terug gedryf. Die veldslag het aangehou totdat dit begin donker word.

Na sonder het De la Rye opdrag gegee om terug te val. Ongevalle aan die Boere se kant was laag, sowat 80, teenoor die 460 ongevalle aan die Britte se kant.

Die nag na die slag van Modderrivier het die Boere terug getrek in die rigting van Jacobsdal. Die Vrystaters het posisie by Spytfontein en Scholsnek, ongeveer twaalf myl suid van Kimberley, ingeneem. Cronje het opdrag ontvang om die grootste deel van sy magte vanaf die beleg van Mafikeng terug te trek en by die magte by die Modderrivier aan te sluit.

Lord Methuen het gewag op versterkings voordat hy weer sy opmars na Kimberley hervat het. Die Boere kommando's was ook nou verder versterk deur die sowat sewe duisend manne van Cronje se hoof mag wat van Mafikeng gekom het. Die Boere het onmiddellik te werk gegaan om loopgrawe te grou aan die voet van die Magersfontein koppies.

Die hoof mag van ongeveer 2,500 man was in die loopgrawe, wat vanaf Mertonhalte vir ongeveer drie myl na oos, al langs die suidelike voet van die Magersfontein koppies, tot by 'n lae heuwel, gelê het. Die Boere was goed versteek in die loopgrawe. Die loopgrawe was tussen 60 en 200 tree voor die rif en een en 'n halwe tot twee tree diep. Daar was klein forte, wat goed gekamoefleer was, al langs die loopgrawe gebou, vanwaar die Boere kon vuur op die vyand in enige plek in die hele gebied voor hulle. Potgieter was

met 600 man in 'n posisie geplaas, byna teenaan die spoorlyn. Dit was die plek waar Cronje verwag het dat die vyand sou probeer om deur te breek.

Die res van die Soutpansberg kommando was saam met die Klerksdorp en Potchefstroom kommando's, met die hulp van 'n klompie Vrystaters, op die regter vleuel, sowat 25 myl noord van die Modderrivier stasie en 3 myl van die spoorlyn. Hulle lyne het in 'n noordwestelike rigting gelê, met slegs 'n paar loopgrawe en klein skanse. Daar was ongeveer 1,500 man op hierdie vleuel, onder die bevel van Generaal Andries Cronje, broer van Generaal Piet Cronje.

Daar was 'n gelykte van ongeveer 500 tree aan die voet van die heuwel wat nie baie goed verdedig was nie. 'n Paar klein forte was reg bo-op die rantjie langs die heuwel. Die rantjie het vir 5 myl aangehou in 'n suid oostelike rigting, in die rigting van Mosdrif. Die linker vleuel het 'n sterk posisie in en rondom Mosdrif gehad. Hierdie vleuel van 2,500 man aan die ooste van Magersfontein was sonder loopgrawe gelaat en was nie goed verdedig nie. Modderrivier stasie, waar Methuen was, was 5 myl suid van Mosdrif, met 'n gelyke gebied tussen in. Die verdedigingslyn was 'n totaal van 12 myl lank, van Langberg, tot Mosdrif.

Om die vyand te mislei het hulle 'n paar forte bo-op die rantjie gebou. 'n Totaal van elf kanonne was uitgesprei bo-op die koppies. Die loopgrawe was goed gekamoefleer met gras en struik.

Op die 10de Desember 1899, vroeg in die oggend, het die vyand die eerste kanonskote gevuur na Scholsnek. Dit was die eerste keer wat Jacobus Potgieter onder direkte bombardement beland het. Die bombardement het vir ongeveer 'n uur en 'n half aangehou. Drie burgers was gedurende die bombardement gewond. Generaal Piet Cronje het die burgers in die omgewing byeen geroep en gesê: "Burgers, die vyand is gereed om teen ons uit te beweeg. Ons moet een ding in gedagte hou. Om te veg en terug te val neem die lewens van 20 tot 30 burgers elke dag. Die vyand sal teen ons uit beweeg en ek sal 'n vlieënde kommando opstel."

Cronje het gesê dat die swak vleuels sal help. Potgieter was in een van die vleuels. Cronje het aan hulle opdrag gegee om te wag totdat die vyand teen hulle uit beweeg en dan te storm vir vier tot vyf honderd tree en te skiet om te dood en nie terug te kyk na enigiemand wat mag getref word deur die kanonne. Cronje het gesê dat ongelukkig sal daar mense wees wat gedood

word, maar "Moet nie terug kyk nie! Hierdie is die plek waar ons die vyand moet oorwin!" Die burgers het eenparig belowe om hul beste te lewer.

Deur die nag van 10 Desember het die Boere kommando's beurte gemaak om wag te staan. Kort na middernag het die vyand, met Generaal-majoor AG Wauchope heel voor, hul opmars na Magersfontein begin. Dit was koud en donker terwyl dit hard gereën het. Hulle het die koppies bereik teen sowat half vier, geheel en al onbewus van die loopgrawe reg voor hulle.

Vroeg in die oggend van 11 Desember 1899 kom die Britse magte onverwags teen die Boer posisies. Die vyand het op 'n vleuel deurgekom, waar die Boere dit nie heeltemal verwag het nie. Die Boere het nie die eerste offisier van die Engelse gesien nie, voordat hy tot reg teen die Boere posisie gekom het. Hy het geprobeer om van die kant af waar die Boere wagte geplaas het met sy mag deur te kom. Sy troepe was kort agter hom gewees toe die Boere hom gewaar. Die burgers open vuur en skiet 'n groot getal dood in die skemer. Wauchope, wat heel voor was, is deur sewe skote tegelyk getref. Toe breek alle hel los. Daar was totale verwarring tussen die vyand. Party het omgedraai om te hardloop, om maar slegs oor die wat agter hulle is te val en in die proses nog meer chaos te veroorsaak. Die Boere het ongeveer vier uur in die oggend begin vuur. Dit was nog steeds donker toe die kanonne begin brul.

Soos die vyand geprobeer het om deur te breek om die stad van Kimberley terug te neem omsingel hulle die Boere. Die vyand het verskeie kere gestorm, maar die burgers het die meeste van hulle dood geskiet. Na die aanvanklike verassing swaai die vyand na regs om te probeer om deur te breek op Cronje se linker vleuel, maar sonder sukses. Hulle het keer op keer gestorm, maar was elke keer deur die Boere terug gedryf.

Die bombardement het nie vir 'n minuut opgehou nie. Die gedonder en gebrul het heeldag aangehou. Ongeveer om twaalf uur gee Cronje aan Potgieter opdrag om aan die linker vleuel hulp te gaan verleen. Hulle het tot die linker vleuel se hulp gehaas en die vyand bestorm. Die aanval was so effektief dat die vyand onmiddellik omgedraai en gevlug het. 'n Grootskaalse terugval het onder die vyand begin. Die geveg het aangehou tot na sewe uur daardie aand.

Die volgende dag trek die vyand terug en erken nederlaag. Hulle het die slagveld verloor. Jacobus kon nie die presiese getal van die dooies bepaal

nie, aangesien hy nooit kans gekry het om hulle te tel nie, en dit ook nie kon skat nie. Die vyand het hul dooies en gewondes met waens met groot spanne muile weg gery nog terwyl hulle besig was om te veg. Jacobus het eers 'n paar dae later 'n kans gekry om op die slagveld rond te loop. Drie dae na die slag het hy steeds tussen die dooies rondgeloop. Dit was nadat die vyand reeds drie dae gespandeer het om die dooies en gewondes weg te neem! Die Boere het aan die Britte 'n opening gegun om hul dooies en gewondes weg te neem. Potgieter kon nie sien waar die dooies reeds weggeneem was nie, behalwe vir die hoede wat op die slagveld rond gelê het. Hy kon sien dat baie dooies en gewondes reeds weggeneem was, maar honderde het steeds rond gelê. Die burgers het later die vyand gehelp om die dooies te begrawe, aangesien die reuk ongesond begin word het. Na vyf dae was die vyand nog steeds besig om hul dooies te begrawe.

Die Boere het ongeveer 7,000 burgers in die slagveld gehad, teenoor meer as 14,500 Britse soldate. Die amptelike syfers gee 205 Britte gedood en 690 gewond, en 76 gevange geneem, teenoor 250 Boere gewond en gedood.

Die vyand verskuif toe hulle kamp terug na Modderrivier. Dit het ongeveer drie maande geduur voordat die vyand weer teen die Boere opgemarsjeer het. Die nuus het die burgers bereik dat daar by Colenso terselfdertyd ook 'n veldslag, net so groot soos die een by Magersfontein, plaasgevind het. Daar het die Boere 10 kanonne van die vyand gebuit.

Die Britse teenaanval het op 11 Februarie 1900 begin met 'n mag van ongeveer 40,000 man. Die eerste taak wat die mag na moes omsien, voordat hulle na Bloemfontein kon marsjeer, was om Kimberley eers te bevry. Kimberley was nou reeds onder beleg vir 'n hele tydjie en Cecil John Rhodes was al op die punt om oor te gee. Methuen se weermag het opdrag gekry om Cronje se magte by Magersfontein aan te vat, terwyl Roberts se weermag 'n wye ompad aan die ooste kant maak. Vordering was vir eers stadig as gevolg van die tekort aan behoorlike vervoer, maar hulle was baie effektief, slegs op grond van hul getalle. Die Britse mag het letterlik dwarsdeur die Boere magte gemarsjeer om Kimberley op 17 Februarie 1900 te bevry.

Toe die vyand vir die tweede keer op pad na Kimberley teen die Boere opmarsjeer het hulle by Paardeberg aan die westekant van Koedoesberg deurgebreek. Die veldslag het vir ongeveer drie dae aangehou. Uiteindelik is die vyand weer terug gedryf. Die vyand se leërmag was hierdie keer baie

groter. Na die slag van Magersfontein is die vyand se mag wesentlik versterk. Toe die vyand sien dat hulle nie by Paardeberg kon deurbreek nie het hulle probeer om deur die Oranje-Vrystaat te breek, maar is deur die Boere onder die bevel van Kommandant Jacobs terug gedryf. Toe dit nie werk nie, stuur hulle 'n kolom aan die agterkant verby, maar was weer terug gedryf deur Generaal de Wet en Kommandant A Cronje.

Die Boere het die hele Britse mag gekeer. Die Britte het toe nog verdere versterkings ontvang en op 'n plaas aan die oostekant deurgebreek. Die Boere het 'n kolom gestuur om die vyand af te sny, maar het nie voldoende versterkings gestuur nie.

Die vyandelike troepe was so veel in getal dat die Boere naderhand nie meer al die gate kon toestop nie. Die Boere magte was uitmekaar geruk van te veel verskillende kante terwyl hulle die vyand probeer stop. Hulle het aanvanklik ongeveer 7,000 man in die omgewing van Kimberley gehad, maar baie het op verlop huis toe gegaan, na die oorwinning by Magersfontein. Een Boere kommando het by Gruisrand teen die Britte geveg. By Blauwbank was daar 800 troepe geplaas en een kommando was by Kimberley geplaas, een in die loopgrawe by Magersfontein. Potgieter was in 'n posisie by Scholsnek met die Soutpansberg kommando, een kommando was by Rondawelsdrift, een by Jacobsdal en een was by die hoof laer. By al hierdie plekke waar die Boere geplaas was, was hulle aktief besig om die vyand te keer, met ernstige gevegte wat by Jacobsdal, Gruisrand, Blauwbank en Rondawelsdrift plaasgevind het. Elke dag het die beleg by Kimberley al hoe meer kwesbaar geraak soos wat die gevegte voortgeduur het. Die gevegte het lank geduur en die Boere was nie genoeg in getal om so lank uit te hou nie. Die Boere kommando's was al heeltemal omsingel toe die vyand by Rondawelsdrift aangekom het. Hulle het daar by Rondawelsdrift vir twee dae geveg voordat die vyand na Kimberley deurgebreek het.

Toe Cronje besef dat hy in getalle oortref is, het hy op 15 Februarie die aftog begin blaas. Sy aftog was bemoeilik deur dieselfde faktore wat vroeër die Britse opmars belemmer het, naamlik beweeglikheid. Die meerderheid van sy manne was voetgangers. Die meeste perde en osse was na die buiteplase gestuur, waar daar genoegsame water en wyding was. Die Britse opmars aan die oostekant het hulle afgesny van hul perde. Die opdrag om terug te val het onverwags gekom en die burgers het nie kans gehad om hul perde en osse te gaan haal nie. Cronje moes baie van die waens agter gelaat het, wat weer 'n

welkome buit vir die Britte was, wat hulle kos by Modderrivier moes agterlaat.

Cronje het aan die burgers by die Scholsnek posisie opdrag gegee om terug te val die middag toe die Britte deurgebreek het. Die burgers by Scholsnek was onder byna onafgebroke bombardement van die vyand vir drie maande. Hulle laer was die naaste aan die Britte se hoof opmars.

Daardie aand word die opdrag gegee: “Verlaat julle loopgrawe en veg ‘n pad deur na die laer.” Die burgers het hul loopgrawe gedurende die nag verlaat sonder om opgemerk te word. Hulle is eers vroeg die volgende oggend gewaar en die burgers moes toe veg om deur te kom.

Daardie nag het Potgieter saam met die laer gevlug. Dit was ‘n groot trek en die waens moes in vier kolomme langs mekaar beweeg, anders sou die trein te lank gewees het om dit teen die vyand te beskerm.

Soos wat die laer deur die veld oor die plase getrek het, het al die vroue en kinders op die plase uit vrees vir die Britte by die vluggende laer aangesluit. Die burgers was moeg van die lang loop. Daardie nag het Jacobus Potgieter ‘n wilde perd in die hande gekry. Hy het daardie selfde nag die perd getem.

In plaas daarvan dat Cronje die waens agter gelaat het en teen volle spoed gevlug het, het hy op 17 Februarie kamp by Paardeberg opgeslaan. Dit het die Britse magte kans gegee om hulle in te haal. Vroeg die oggend van 18 Februarie 1900 begin die vyand se kanonne weer op ‘n plaas waar die vroue gebly het naby Brandvlei, teenaan die Modderrivier, te brul. Die vroue het nie gevlug toe die vyand die huis gebombardeer het nie. Die geveg het aangehou tot agt uur daardie aand. Die Boere het twaalf man in die geveg verloor. Die vyand se versterkings het binnekort daar opgedaag en ‘n sterk kolom het die noord westelike ontsnap roete afgesny. Agt uur die aand het die Boere weer uit beweeg. Baie van die osse en perde is deur die vyand se bombardement gedood. Terwyl die Britte Cronje se laer gebombardeer het, het Generaal de Wet byna daarin geslaag om ‘n pad deur te veg en Cronje te bevry. Die Britte het die laer verskeie kere bestorm, teen hoë verliese; 24 offisiere en 279 man is gedood, 59 offisiere en 847 manne gewond en 2 offisiere en 59 manne is vermis aangemeld. Aan die Boere se kant is 100 gedood en 250 gewond. Die Boere het ook baie perde en osse gedurende die geveg verloor.

Die Boere se laer was teen ongeveer agt uur die nag gereed om uit te beweeg. Die burgers het heel nag geveg om die vyand terug te hou sodat die laer uit kon kom. Die Boere het deur die nag, tot ongeveer agt uur die volgende dag gevlug, sonder om te rus. Die veldkornet het vir Jacobus Potgieter en H Schnell opdrag gegee om uit te gaan en perde te gaan soek. Die voetgangers was moeg en die waens was swaar gelaai met al die benodighede. Die osse het vêr getrek en was baie maer. Gras was skaars en die osse was nie bekend met die gannabos wat daar gegroei het nie.

Jacobus Potgieter was nog nie vêr van die laer gewees nie toe hy vir Generaal Cronje inhaal. Cronje was heel voor met die kanonne en was baie gespanne. Hy het besef dat die vyand al sy manne sou vang indien hy nie genoegsame stappe neem om die laer behoorlik te beskerm nie. Die Boere was net besig om uit te span toe Cronje weer opdrag gegee het om verder te trek. Hy was nie gelukkig met die plek waar hulle was nie. Hulle sou daar te kwesbaar teen aanval van alle kante wees. Die laer het nie vêr gevorder voordat die vyand se bombardement van die laer begin het.

Jacobus Potgieter was ongeveer twee uur se reis per perd van die laer, teenaan die Modderrivier gewees, waar hy na perde gesoek het, toe die laer omsingel is. Toe Jacobus die perde tussen die bosse hoor het hy hulle agterna gejaag en gevang. Dit was teen daardie tyd reeds donker en hy moes skuiling neem. Jacobus het besef dat die vyand orals in die omgewing was en die risiko om in die vyand vas te loop sou te hoog wees indien hy in die nag na die laer sou terug keer. Hy het die perde in 'n digte bos ingeneem, waar hy die nag geslaap het. Die volgende oggend het hy terug na die laer gegaan om te sien of hy met die perde tot in die laer kon kom.

Op pad na die laer het hy burgers ontmoet wat uit die laer gevlug het. Hulle het hom vertel dat dit onmoontlik sou wees om in die laer in te kom. Die vyand het die laer heeltemal omsingel en het die laer onophoudelik gebombardeer. Die ammunisiewaens was reeds aan die brand. Byna die hele laer was in vlamme. Jacobus Potgieter het nie na hulle geluister nie en voort beweeg. Nie vêr daarvandaan ontmoet hy nog 'n groep burgers wat dieselfde storie aan hom vertel het. Hy het weereens nie na hulle geluister nie en voort beweeg. Sy maats het omgedraai, maar Jacobus Potgieter was omgekramp met hulle en het gesê: “As ons omdraai en ons broers in hul benarde posisie los, dan verdien ons nie enigiets beter as die dood nie!”

Hy beweeg toe verder en ontmoet Kommandant P Schutte, wat dieselfde storie aan hom vertel het en hom gevra het “Waar dink jy gaan jy heen met daardie perde?”

Die kommandant het gesê: “Broer, voor God is niks onmoontlik nie, maar daardie burgers wat in die laer is sal nooit weer daar uitkom nie. Die vyand het genoeg daar om te vat. Moet nie vir hulle nog meer buit bring nie. As jy na die laer gaan met daardie perde sal hulle vir jou en al daardie perde van jou vang. Draai liever om en gaan na Brandfort en wag vir my verslag oor die uitkoms.”

Jacobus Potgieter het gehoor gegee aan die versoek van die offisier. Hy het later uitgevind dat dit wel ‘n goeie ding was dat hy nie geprobeer het om die perde na die laer te neem nie, aangesien daar geen kans hoegenaamd was dat hy sou inkom nie. Die vyand het self aan hom vertel dat hulle 150 kanonne gehad het wat Cronje se laer gebombardeer het en ook 75,000 troepe. Cronje het maar ongeveer 4,000 troepe gehad.

Cronje het vir ‘n tyd uitgehou. Daar was ook vroue wat voor die vyand weg gevlug het in sy laer gewees.

Op die ou ent moes Cronje oorgee met sy 4,000 burgers. Die vyand was nou maar net te sterk vir hom gewees. ‘n Oormag van 75,000 tenoor 4,000 is onmoontlik! 150 Kanonne teen 6 was ook eens te veel!

Van die veldkornette was 14 gedood, 10 het op Blauwbank geveg, twee het met die perde gevlug, Jacobus Potgieter en H Schnell het gegaan om die perde te gaan haal en kon nie weer terug in die laer kom nie. Die res was almal krygsgevangene geneem en weggestuur na St. Helena eiland.

Na die slag van Paardeberg was die Britse opgemars na Bloemfontein sonder werklike weerstand. ‘n Klein skermutseling het by Poplar Grove plaasgevind, maar die Boere, gelei deur Paul Kruger, gevlug het toe hulle die Britse oormag gewaar. Die skermutseling by Driefontein was ook nie juis noemenswaardig gewees nie. Die Britse magte het op 13 Maart 1900 Bloemfontein binne gemarsjeer. Al die Boere magte het Bloemfontein toe al reeds ontruim.

Die inval in Natal

Hoofstuk 8

Beleg van Ladysmith, Newcastle, Elandslaagte, Biggarsberg.

Ongeveer dieselfde tyd wat Jacobus Potgieter saam met die Soutpansberg kommando in die slag van Magersfontein geveg het, was daar ook in Natal hewige gevegte aan die gang, waar die Boere groot suksesse behaal het. 'n Groot aantal Britse soldate was gevange geneem en die Britse trots was op 10 Desember ernstig geskend gedurende 'n kort veldslag by Stormberg. Die daaropvolgende slag van Colenso het soveel verleentheid vir die Britte tuis verskaf dat die oorlog strategie in heroorweging gebring is en veranderinge aan die bevelstruktuur aangebring is.

Na die nederlaag by Paardeberg is Jacobus Potgieter huis toe gestuur. Hy was toe reeds vir ongeveer vier maande weg van sy huis gewees. Toe hy by die huis aangekom het, het hy nog steeds die trop perde van die gevange burgers by hom gehad.

Na 'n kort rus kans van so een maand het Jacobus weer terug gekeer na die oorlog front by Burgersberg in Natal. Daar het hy beter offisiere gehad. Jacobus was egter nie gelukkig met die generaals in Natal, wat nie so goed soos Generaal Cronje was nie. Piet Cronje het soos 'n leeu teen die ongehoorsame burgers en die oorlopers opgetree.

Jacobus Potgieter het in Natal gedien as korporaal, verantwoordelik vir die voorrade van die laer. Hy het vir alles gesorg wat nodig was; kos, klere, ammunisie ensovoorts.

Die dag nadat oorlog verklaar was in Oktober 1899, het Generaal Joubert se troepe oor die grens na Natal gemarsjeer. Die eerste doelwit was om Newcastle en Dundee, die middelpunt van die steenkool velde, oor te neem. Dit was met relatiewe gemak gedoen. Die Boere het in drie kolomme gemarsjeer. Generaal Lucas Meyer het met 4,500 man aan die oostekant om gegaan om Talana koppies in te neem. Generaal Erasmus het met 5,000 man Mpate koppies, noord van Dundee ingeneem en Generaal Kock het 750 man met die suide om geneem om die spoorlynverbinding by Elandslaagte af te sny.

Die Boere het Newcastle op 16 Oktober bereik, sonder om enige noemenswaardige weerstand te kry. Hulle het hul mars voortgesit en Dundee op 20 Oktober 1899 bereik en die dorp vanuit die heuwels gebombardeer. Die Britse generaal, Penn-Symons, het sy kamp met 3,800 man suid van die dorp opgeslaan. Die bombardement het vir 'n paar minute aansienlike verwarring in die Britse kamp gesaai, maar orde is gou weer herstel en die Britse troepe het hulself vir 'n teenaanval voorberei.

Die Boere se geweervuur het die Britte in die daaropvolgende skermutseling agter 'n muur vasgepen. Generaal Penn-Symons was deur 'n reënval van Mauser vuur tegemoet gekom toe hy 'n poging aangewend het om sy troepe te inspireer deur die leiding te neem deur 'n opening in die muur, en is noodlottig gewond. Die Britse infanterie het voortgegaan en die heuwel se kruin bestorm, onder geweervuur wat van die Boere bo-op die heuwel gekom het, asook van hul eie artillerie van onder af.

In 'n kort skermutseling het hulle die Boere weggejaag, maar teen groot verlies. Toe die Britte die vluggende Boere agtervolg, het Generaal Erasmus die Britse perde infanterie onderskep vanaf Mpate koppies en die hele bataljon gevange geneem.

Generaal de Kock se 750 man het Elandslaagte op 19 Oktober bereik. Hulle was verheug om 2 Britse treine sonder veel beskerming daar te kry. Die treine het meer as genoeg goedere gehad om te buit. Generaal White, wat in bevel van die troepe op Ladysmith was, het die grappie nie soveel geniet nie en met 3,500 man na Elandslaagte gegaan. Hy het die stasie op die 21ste bereik en die Boere, wat nog steeds besig was om die spoor waens af te pak en fees te vier, begin bombardeer. In die kort skermutseling wat gevolg het was 60 Boere gedood en 150 gevange geneem, terwyl 55 Britte gedood was en 200 gewond.

Na Penn-Symons dodelik gewond was by Talana kopies het Brigadier Generaal Yule die bevel van die kommando's by Dundee oorgeneem. Alhoewel hy steeds vertrouwe gehad het dat hy in staat sou wees om die dorp te verdedig, het Generaal White hom op 22 Oktober opdrag gegee om die dorp op te gee en terug te val na Ladysmith. Hulle het hul mars gedurende die nag begin, sonder om opgemerk te word. Generaal Meyer het die volgende dag gewys dat dit nie net die Britse leiers was wat gevaarlik onnosel mag optree nie. Dwarsdeur die volgende dag was Generaal Meyer

bedrywig om telegramme met Generaal Joubert uit te ruil, in plaas daarvan om die vlugtende vyand agterna te sit.

Die Boer magte van die Transvaal was toe versterk met 9,000 troepe vanuit die Oranje-Vrystaat, onder die bevel van Hoof Kommandant Prinsloo. Generaal White het besluit om die Vrystaatse troepe halfpad met 5,000 man te ontmoet en hul terug te hou om aan die troepe wat vanaf Dundee kom 'n veilige deurgang te gee. Die twee magte het mekaar op 24 Oktober by Rietfontein ontmoet. Die Britte het die eerste rondte met artillerie gewen, maar toe 'n kritiese fout begaan. Sommige Britse soldate het te vroeg begin met die stormloop. Die Boere het met geweer vuur van alle kante geopen toe hulle die Britse soldate oor die oop stuk veld sien aankom en die hele mag terug gedryf tot in Ladysmith. White het ten minste daarin geslaag om die Boere se opmars lank genoeg te vertraag om die Dundee magte kans te gee om die veiligheid van Ladysmith op die 26ste te bereik.

Nadat Generaal Meyer sy eerste werklike ontmoeting met oorlogvoering gehad het, kon hy dit nie meer hanteer nie en het hy onmiddellik bedank. Hy is deur Veldkornet Louis Botha vervang, wat binnekort daarna nog 'n naam vir homself sou maak. White het besluit om vir die Boere in die heuwels rondom Ladysmith te wag. Die ontplooiing van sy troepe was chaoties. Eers het hulle belangrike ammunisie verloor toe 'n span muile op 'n paniek stormloop gegaan het, voordat hulle 'n bombardement van 'n koppie begin het waar hulle gedog het die Boere sou wees. Hulle het later agter gekom dat hulle maar net hul ammunisie gemors het, aangesien daar niemand op die koppie was nie. Die Boere het hul long-tom kanonne, wat 'n veel verder trefafstand as die Britse kanonne gehad het, begin vuur. Generaal Joubert het toe op 30 Oktober die Britse magte van alle kante aangeval en vir White in 'n vernederende aftog ingedwing. By Nicholson's Nek moes 954 Britte oorgee.

Ladysmith was vernoem na die vrou van die vorige goewerneur van die Kaapkolonie, Sir Harry Smith. Ladysmith was 'n strategiese dorp in die Boere se plan van aanval. Dit was die sleutel tot die roete tussen die Transvaal en Natal se hawe by Durban. Die Boere generaals het geweet dat dit die mees waarskynlike roete van die Britse magte sou wees om by die Transvaal uit te kom. Voor die oorlog was daar reeds groot getalle Britse troepe by Ladysmith bymekaar gebring. Die dorp het op daardie stadium 12,500 troepe, 5,400 wit burgerlikes en 2,400 swart inwoners gehuisves.

Die heuwels wat Ladysmith omring het, het die dorp kwesbaar gemaak teen 'n beleg en bombardement vanuit die berge. Die Britte was glad nie voorbereid op die aanval gewees nie. Daar was kos vir net 2 maande en voer vir die diere vir slegs een maand. Ook die ammunisie voorraad was glad te skraps vir 'n lang uitgerekte aanval.

Die eerste skote op Ladysmith was deur 'n Boer kanon ('n Creusot 155 mm) op 2 November 1899 vanaf die Bulwana koppies geskiet. Dit het algemene paniek en chaos in die dorp gebring, maar min skade was aangerig. Die eentonigheid van die hele episode van die beleg was deur 'n hele paar komiese dinge onderbreek. Bombardement is heeltyd gestop vir etenstyd, slaaptyd en ook op Sondae. Die Boer kanon het reeds op die tweede dag van die bombardement probleme opgelewer. Die Boere het 'n vlag gehys om 'n wapenstilstand aan te vra terwyl hulle die kanon uitmekaar gehaal het om te herstel. Die Britte het eweneens geantwoord deur vuur te staak totdat die Boere weer gereed was om voort te gaan. Toe die Boere op 12 November medisyne benodig het, het die Britte tot hul hulp gesnel, met nog 'n paar bottels brandewyn vir komplimente. Op Kersdag het die Boere 'n kanon bal gevuur wat nie ontplof het nie. Na nadere ondersoek vind die Britte dat dit gelaai was met Krismispoeding en beste wense.

Op 9 November het die Boere die dorp sonder sukses probeer aanval. Die Britse magte, onder die bevel van Sir George White, het 'n paar pogings aangewend om terug aan te val, maar was byna elke keer verslaan. Kommandant-generaal Joubert het aan die Britte toestemming gegee om vir die burgerlikes en die gewondes 'n neutrale kamp by Intombi, 'n paar myl suid van die dorp, op te rig. 'n Daaglikse heen-en-weerdiens per trein het onverhinderd tussen Intombi en Ladysmith geloop.

Soos die beleg voort gesleep het, is die Britte met baie probleme gepla. Siekte het in die dorp uitgebreek en die kos het op geraak. Die Britte moes later ook vuur staak toe hulle ammunisie opgeraak het.

Die Britte het verwag dat die Boere verder na Durban sou marsjeer. Dit het egter nooit gebeur nie. Met slegs 'n paar uitsonderings het die Boere nooit 'n daadwerklike poging aangewend om veel verder as Ladysmith in Natal in te gaan nie.

Gedurende die uitgerekte beleg het die Britte hulself vermaak met 'n plaaslike koerant:

THE LADYSMITH LYRE

Vol. I. No. 3. 5 December, 1899. Price 6p.

THE RELIEF OF LADYSMITH

Reprinted from The Times of December 5th, 2099.

A WONDERFUL DISCOVERY.

*The eminent German archaeologist, Dr. Poompschiffer, has recently contributed to science the most interesting discovery of the century. It will be remembered that the learned professor started in the spring on a tour of exploration among the buried cities of Natal. When last heard of, in October, he had excavated the remains of Maritzburg and Estcourt, and was cutting his way through the dense primeval forest on the banks of the Tugela. By cable, yesterday came intelligence of even more sensational finds. Briefly, Dr. Poompschiffer has re-discovered the forgotten town of Ladysmith. Crossing the Tugela, the intrepid explorer pushed northward. The dense bush restricted his progress to three miles a day. On the third day Poompschiffer noticed strange booming sounds frequently repeated; none of his party could guess what they were, and curiosity ran high. On the sixth day the mystery was explained. The party came suddenly upon a group of what were at first taken for a species of extinct reptile, but which the profound learning of Poompschiffer enabled him to recognise as **THE LAST SURVIVALS OF THE PREHISTORIC BOERS.***

Their appearance was almost terrifying. They were all extremely old. Their white beards had grown till they trailed beneath their feet, and it was the custom of the field cornets to knee-halter each man at night with his own beard to prevent him from running away. Their clothes had fallen to pieces with age, but a thick and impenetrable coating of dust and malinite kept them warm. Their occupation was as quaint as their appearance. They were firing obsolete machines, conjectured to be the cannon of the ancient, in the direction of a heap of cactus-grown ruins. That heap of ruins was the fabled fortress of Ladysmith.

Students of history will remember the Boer war of 1899 from which public attention was distracted by the great War Office strike. The learned will also remember at a later period, after the closing of that office, the controversy in our columns on the question whether Ladysmith existed or not, which the

general voice of experts finally decided in the negative. It is now proved that the so-called sarants of that rudo age were mistaken. Not only did Ladysmith exist, not only was it besieged, but up to the day before yesterday THE SIEGE OF LADYSMITH WAS STILL GOING ON.

The site of the town at first appeared uninhabited. But when Poompschiffer commenced excavating he came, to his amazement, upon signs of old workings at a depth of only a few feet below the surface. For an instant, he tells us, he thought some other antiquarian had been before him. Next moment some creature blundered along the tunnel into his very arms. It was secured and brought into the light. It was the last inhabitant of Ladysmith.

It was apparently one of the children born since the beginning of the siege, and was about a hundred years old. From living in underground holes it was bent double, and quite blind. It appeared unable to speak, only repeating constantly, in a crooning voice, the syllables, "Weeskee, weeskee," which Poompschiffer was unable to translate. The professor was anxious to secure this unique specimen for the Kaiser William Museum of Antiquities, at Berlin. But the moment it was removed from Ladysmith it began to pine away. Having never known any state of life but bombardment, it was terrified by the absence of artillery fire. Time after time it attempted to escape to its native shells. Poompschiffer endeavoured to maintain life by artificial bombardment, letting off crackers in the ear and pelting it with large stones.

But all was in vain, the extraordinary creature was not deceived, and in a few hours, with a last despairing wail of "Weeskee," it expired through sheer terror at the safety of its surroundings.

Waarskynlik die beroemdste persoon wat in die Anglo-boereoorlog diens gedoen het was nie 'n generaal van die Britse mag nie, en ook nie 'n oorlogsheld van die Boere magte nie. Hy het gedurende die beleg van Ladysmith as 'n nie vegtende diens vir die keiserlike magte gedoen.

Baie Suid Afrikaners was vasgevang in die gebeure van die Anglo-boereoorlog. Tussen hulle was die Uitlanders wat na Johannesburg gekom het gedurende die goudstormloop van die 1860's en 1870's.

Baie van die Uitlanders het nie rondgestaan om onskuldige bystanders te word nie. 'n Klomp het by die Boere aangesluit as simpatieke ondersteuners. Ander het by die Britse magte aangesluit in óf vegtende, óf nie vegtende

hoedanigheid. Baie het net eenvoudig na Natal of die Kaapkolonie gevlug om beskerming en veiligheid op te soek.

Die Britse magte het vele probleme met die logistiek ondervind wanneer hulle teen die Boere magte gemobiliseer het. By verre was hul grootste probleem die beweeglikheid van die magte oor die ongetemde Suid Afrikaanse terrein. Om 'n mag van 30,000 manne van Durban na Ladysmith te marsjeer het baie meer behels as om eenvoudig trein kaartjies te koop. Swaar kanonne moes vervoer word, terwyl ammunisie, klere, kos voorrade en ander basiese benodighede saamgebring moes word. Die Britse mag het die meeste van die tyd die toerusting en voorrade per trein vervoer. Muilwaens en ossewaens was gebruik om voorrade van die naaste stasie na die slagvelde te neem.

Die een aspek van die oorlog wat meesal misgekyk word deur die gewone man (en die Britse oorlog meesters), is die vervoer van die gewondes en dooies terug na die hospitale. Die Oorlog Kantoor se ambulans kon nie die modderige en klipperige terrein van die Natal hanteer nie. Buller het gou 'n nuwe plan gemaak. Hy het 2,000 mense, meesal Uitlanders wat vanaf Johannesburg gevlug het, as "lyksgrypers" aangestel. As leier het hy 'n ambisieuse 28 jaar oue Indiese man, wat sy gewilligheid om sy lojaliteit aan die koninklike magte te bewys, aangestel. Hierdie man was niemand anders as Mohandas Gandhi.

Die Britse bevrydingskolom, onder die bevel van Buller, het kamp suid van die Tugelarivier opgeslaan, omtrent 15 myl van Ladysmith. Hulle het hul opmars op 15 Desember begin. Die Boere het vir hulle gelê en wag, goed ingegrawe aan die ander kant van die Tugelarivier. Buller het aan sy magte opdrag gegee om in drie kolomme te marsjeer, maar chaos het ontaard toe hulle nie die drif deur die Tugelarivier kon vind nie. Hulle was geforseer om na die kamp terug te val, nadat hulle groot verliese gely het; 143 gedood, 755 gewond en 240 gevang. Hierdie nederlaag het soveel verleentheid vir die Britte tuis veroorsaak, dat Buller ontslaan is van sy taak as hoofbevelvoerder van die magte in Suid Afrika, en gelos is om op die opmars in Natal te konsentreer. Lord Roberts is toe as sy opvolger as hoofbevelvoerder aangestel.

Die volgende groot veldslag het op 5 Januarie 1900 plaasgevind toe Joubert die dorp met 4,600 man aangeval het. Die Boere het swaar verliese gely en was goed verslaan by Middelkoppies. Buller se mag was teen die tyd reeds

tot 30,000 man versterk. Hulle het die Tugelarivier op 17 Januarie oorgesteek. Die Boere het oorwinnings by die Tugelarivier, en later by Spioenkop en Vaalkrans gehad. Buller se magte het egter die Boere in getalle oortref en uiteindelik die Boere by Colenso op 17 Februarie 1900 oorwin. Die finale bevryding van Ladysmith het op 28 Februarie gekom, 119 dae na die begin van die beleg.

Nadat die Boere by Ladysmith oorwin was, het hulle terug geval tot by Biggarsberg, tussen Ladysmith en Dundee. Buller is opdrag gegee om in Ladysmith te wag en kragte te herwin. Nadat die Britse magte hulself weer herorganiseer het, het hulle die opmars na die Transvaal op 9 Mei hervat. Teen hierdie tyd was die Boere ook reeds by Kimberley verslaan en die opmars na Bloemfontein was goed onderweg.

Jacobus Potgieter was vir ongeveer 2 maande in die Natal kommando, toe die vyand met die magtige weermag teen hulle uit beweeg het. Buller het die 7,000 Boere op 14 Mei sonder probleme by Biggarsberg uitoorlê, met slegs 5 gewondes. Generaal Joubert het siek geword en op 27 Mei gesterf. Hy is deur Generaal Louis Botha opgevolg. Die vyand het hulle tot by Laingsnek terug gedryf. Daar het Generaal Botha loopgrawe op die grens tussen die Transvaal en Natal laat grawe. Daar het hulle die vyand vir 'n tyd terug gehou, maar die vyand het uiteindelik hul posisies omsingel en hulle terug geforseer. Buller het die Boere sonder meer op 12 Junie omvleuel en voort gegaan om die spoorlynverbinding tussen Transvaal en Natal te herstel.

In plaas daarvan dat hulle naby die Natalse grens gebly het, het die kommandante besluit om na die Transvaal terug te trek. Terselfdertyd het die vyand op 'n ander vleuel opgemarsjeer na Pretoria. Die Vrystaat is op 24 Mei geannekseer, en 'n paar dae later, op 5 Junie het Pretoria ook in die hande van die Britse magte geval.

Vanuit Jacobus Johannes Potgieter se oogpunt was die inval in Natal maar bra oninteressant, in vergelyking met die oorlog aan die westerse front. Die veldtog in Natal het min of meer dieselfde patroon as die mislukte beleg van Kimberley gevolg. Eers het die Boere oorlog verklaar. Toe stroom die Boere oor die grens in groot getalle en het vinnig gevorder om die dorp te beleër. Die Boere skiet met hul kanonne, sonder om veel skade aan te rig. Die bevrydingskolom daag 'n ruk later op.

Die Boere het groot suksesse op die veldslag aan die begin van die veldtog gehad. Uiteindelik het die Britte hulle in getalle oortref, hul uitoorlê en oorweldig. Kort voor lank was die Boere geforseer om na die Transvaal terug te val. Om die episode af te rond het die Britse magte voorts gemarsjeer en die Boere Republieke geannekseer.

Op 27 Augustus het Buller en Roberts magte by Belfast saamgesnoer om Botha se manne in die laaste konvensionele veldslag van die oorlog te oorwin.

Die Oorlog is nie verby nie

Deel III

Die veranderende gesig van oorlog

Hoofstuk 9

Die Indaba, Generaal de Wet, Die konsentrasiekampe

Op die 17de Maart, 4 dae na die val van Bloemfontein, het die Boere by Kroonstad bymekaar gekom. Alle belangrike militêre en politieke figure van die Vrystaat en die Transvaal het daar aangekom. Tussen hulle was Generaal de Wet, onlangs aangestel as die kommandant-generaal van die Vrystaat se weermag, nadat Generaal Ferreira per ongeluk deur een van sy eie troepe gedood is.

Die Boere was besig om die oorlog te verloor. Die beleëring van Kimberley en Ladysmith was oor. Die Britse magte was reeds in Bloemfontein. Die Vrystaat het in die hande van die vyand geval. Dit was net 'n kwessie van tyd voordat Pretoria ook sou val.

Die Boere het besluit dat die oorlog nog nie verby was nie. Van daardie punt aan sou hulle met meer ywer en deursettingsvermoë veg. Generaal de Wet se plan was eenvoudig. Eerstens sou hy sy troepe huis toe stuur om te gaan rus, met die opdrag om op 25 Maart weer by die kommando aan te meld. Hy het geweet dat menigte nie terug sou keer nie. Hy wou slegs die troepe hou wat met hul hele hart sou veg. Die Tweede beginsel was om die troepe hoogs beweeglik te hou. Hulle moes ontslae raak van die lang treine van ossewaens. Hulle sou veg met hul perde en hul Mausers. Kos en ammunisie sal hulle van die plase kry. Die belangrikste kenmerk van sy plan was om die vyand van agter aan te val. Die is bewys dat die vrugteloos was om in die voorste linies te veg. Die vyand het hulle vier tot een in getalle oortref. De Wet wou die vyand se verskaffing roetes afsny en hulle slaan waar hulle dit die minste sou verwag.

Na beraadslaging is sy plan deur Generaal de la Rey van die Transvaal, asook die twee presidente, Steyn en Kruger, aanvaar.

Toe de Wet sy veldtog begin het, het hulle rondtes gedoen by die plase om Boere wat oorgegee het te werf. Hulle strooptogte op die vyandelike magte het gou 'n verleentheid vir die Britte geword. Die Boere sou die Britte verras met die aanval, en dan, voordat die Britte kon reageer, in die bosse in verdwyn.

Die Britte het na 'n plan gesoek om die oorlog te eindig. Die Boere was oorwin by Kimberley, Mafikeng en Ladysmith. Die Britte het reeds beheer oor Bloemfontein en Pretoria, die hoofstede van die Boere Republieke gehad. Die koste van die oorlog het nou in die miljoene begin hardloop.

De Wet en De la Rey wou nie oorgee nie. Hulle het 'n gorilla oorlog begin. Die Boere het nou vanuit die huise geveg. Hulle het niks kos saamgedra wanneer hulle op hul strooptogte uitgegaan het nie. Om so beweeglik as moontlik te bly het hulle slegs die wapens wat hulle kon dra saamgeneem en daarna huis toe gekeer vir kos.

Kitchener het gereken dat hy die Boere se verskaffing lyne sou moes afsny as hy die oorlog wou beëindig. Sy plan was eenvoudig. Eers sou hy die Boere van die plase moes verdryf. Hulle het die plase afgebrand en die families bymekaar gemaak. Deel van sy plan was om die swartes te bewapen om die families op die plase aan te val.

Die Britte het hierdie families beskerming aangebied. Hulle het al die vroue en kinders bymekaar gemaak en hulle in konsentrasiekampe geplaas. Die konsentrasiekampe is reeds in 1900 deur Veldmaarskalk Lord Roberts, toe die Britse hoof aanvoerder, gestig, en later deur sy opvolger, Generaal Lord Kitchener, uitgebrei. Die konsentrasiekampe was orals oor die land opgerig. Kitchener het nie veel tyd gemors met die beplanning van die kampe nie. Rantsoene was minimaal en elke kamp het net een dokter gehad.

Daar was ongeveer 50 kampe, waarin ongeveer 110,000 blankes en 107,000 swartes aangehou was. Siektes, in besonder masels, het in die kampe uitgebreek gedurende 1901 en aangesien daar onvoldoende doktors en mediese hulp was, het die dodetal in die kampe skokkend hoog geraak. Die hoogtepunt in die dodetal was in Oktober 1901, toe daar 326 uit elke 1,000 per jaar in die Transvaalse kampe, en 401 uit elke 1,000 in die Vrystaatse kampe omgekom het.

Die eerste twee kampe was gestig deur 'n militêre kennisgewing op 22 September 1900, by Bloemfontein en Pretoria, om beskerming te verleen aan die families van die Boere wat vrywillig oorgegee het. Toe Engeland berigte ontvang het van die omstandighede in die kampe, het Kitchener die berigte botweg ontken.

Aanvanklik het Kitchener die konsentrasiekampe verdeel in vier klasse. Eerstens vir die families wat oorgegee het, of wat ingebring was vir beskerming, tweedens ter beskerming van die families wat as informante opgetree het, derdens vir diegene wie se plase as basis kampe deur die Britse magte gebruik was, en laastens vir diegene wie se plase as opslagplekke deur die Britte gebruik sou word.

Hierdie onderskeidings sou binnekort mee weggedoen word, en families van veltende Boere was ook ingebring. Boere wat self oorgegee het is ook in die kampe aangehou.

Aparte kampe was vir die swartes gehou. Die omstandighede in die swart kampe was dikwels nog baie swakker as in die Boere kampe. In sommige gevalle was swart bediendes toegelaat om by hulle werkgewers te bly, maar gewoonlik was hulle in lokasies langs die kampe aangehou. Swart mans het as arbeiders of wagt gewerk.

Die Britse publieke opinie en 'n verslag van 'n kommissie wat deur die regering aangestel was, het sekere verbeterings in die administrasie van die kampe afgedwing, en die oordrag van beheer oor die kampe van militêre hande na siviele hande het ook gehelp. Altesame het 'n geskatte 27,927 blankes, waarvan 1,676 hoofsaaklik ouer mans, 4,177 vroue en 22,074 kinders onder 16 jaar, asook ongeveer 14,154 swartes, gesterf as gevolg van die swak ligging, swak administrasie van die kampe, onvoldoende rantsoene en siektes.

Alhoewel menigte glo dat Kitchener sorgvuldig die mees afgryslieke plekke uitgesoek het om die kampe op te rig, is dit in die algemeen aanvaar dat nie veel dinkwerk in die beplanning van die kampe ingegaan het nie en die ligging daarvan was glad nie werklik hoog op die prioriteit lys gewees nie. Aanvanklik het die Britte gebruik gemaak van bestaande fasiliteite en geboue om huisvesting aan die gevangenis te verskaf. Hierdie fasiliteite het gou onvoldoende geraak en die kampe moes verskuif word.

Soms het die keuse geval op 'n plekkie wat uit die pad was en nie lastig vir die oorlog aktiwiteite sou word nie, maar die meeste van die tyd het die keuse op enige oop stuk grond naby aan 'n spoorlyn geval.

Vele stories oor die swak ligging van die kampe is oorvertel. Die kamp by Standerton was op die koudste moontlike plek op die dorp opgerig, reg langs die rivier wat gewemel het van die muskiete. Baie ander kampe, soos Irene, Balmoral en Middelburg, was ook op die winderigste en koudste moontlike plekke opgerig. Die Merebank kamp was weer reg bo-op 'n moeras opgerig.

Die Britte het nie vir voldoende was plek en toilet geriewe beplan vir die vinnig groeiende gaste lys van die kampe nie. Higiëniese omstandighede het vinnig agteruit gegaan en siektes het uitgebreek. Party kampe het geen was plekke gehad nie en die dames moes in reënpoele bad.

Die meeste mense was in wit en kakie tente gehuisves. In die meeste kampe was daar 'n tekort aan tente en 'n aantal families moes saam geleef het, somtyds tot 20 mense in 'n enkele tent. Wanneer mense in die kampe aangekom het, was hulle dikwels in die oopte gelos vir 'n aantal dae, tot tente vir hulle gevind kon word. Baie kampe het nie genoeg beddens gehad nie en mense moes op die grond geslaap het.

Kos rantsoene was totaal onvoldoende en baie het van honger gesterf. Die Britte het die plan uitgedink om die rantsoene van families wie se mans steeds geveg het met die helfte te verminder, met die hoop dat dit hulle sou dwing om oor te gee. Die Britte het al die gesonde beeste geslag om die Britse troepe te voer, en die gevangenis in die kampe was gelaat met die siek en ongesonde vleis. Nadat mense in die Pietersburg kamp gekla het, is die vleis vervang met geblikte soutvleis. 'n Hele aantal gevalle is aangemeld waar gebreekte glas en vishoeke in die geblikte vleis gevind is. Die soort van ding is egter darem nie op 'n groot skaal aangemeld nie. 'n Moontlike verduideliking hiervan is dat die mense terug in Engeland die kos in enkele gevalle gesaboteer het om die verlies van geliefdes te wreek.

Die Britte het een dokter vir elke kamp aangestel. In party kampe moes een dokter na meer as 4,000 mense omsien. Hospitaal geriewe het glad nie bestaan nie. Die families van die Boere wat steeds in die kommando's was, is dikwels laer prioriteit gegee wanneer hulle mediese hulp moes kry. Die hospitale het gou 'n reputasie van doods huise gekry. Medisyne was totaal

onvoldoende, en gerugte het somtyds die rondte gedoen dat die medisyne vergiftig was.

Die lys van dorpe waar kampe opgerig was is soos volg:

Transvaal

Balmoral
Barberton
Belfast
Heidelberg
Irene
Johannesburg
Klerksdorp
Krugersdorp
Meintjieskop (Pretoria)
Middelburg
Nylstroom
Pietersburg
Potchefstroom
Standerton
Vereniging.
Van der Hoven's Drift (Pretoria)

Vrystaat

Aliwal-Noord
Bethulie
Bloemfontein
Brandfort
Harrismith
Heilbron
Kromellenboog
Kroonstad
Ladybrand
Norvalspont
Orange River
Springfontein
Vredefort
Winburg

Natal

Colenso
De Jagersdrift
Eshowe
Howick
Isipingo
Jacobs
Ladysmith
Mooi River
Merebank (naby Durban)
Pietermaritzburg
Pinetown
Wentworth (Durban)

Kaapkolonie

Oos Londen
Kimberley
Kubusi
Mafikeng
Port Elizabeth
Volksrust
Vryburg
Uitenhage

Die oorlog in Soutpansberg

Hoofstuk 10

Generaal Beyers, Warmbad, Houtbos, plundering van plase, Potgieter geoor, Potgieter in die konsentrasiekamp.

Nadat Roberts Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het, het die Britse magte begin om die Transvaalse platteland skoon te maak. Die veldtogte in die Oos Transvaal en Wes Transvaal met is 'n paar botsings met die Boere magte gekenmerk, maar meesal het die Boere magte die Britse aanslag ontwyk.

Op 4 September 1900, kort na die val van Pretoria, het die Transvaalse regering omvattende veranderinge aan die kommando strukture aangekondig. Hierdie veranderinge was bedoel om die kommando's voor te berei op die nuwe vorm van oorlog voering. Ou en onbevoegde offisiere was opsy geskuif om plek vir jonger manne te maak. Die proklamasie het voorsiening gemaak dat offisiere deur hul hoër range aangestel kon word. 'n Kommandant sou aangestel word om bevel oor tussen 300 en 500 manne te neem, 'n veldkornet sou tussen 100 en 200 manne lei en 'n korporaal sou oor elke 15 man aangestel word. Die magte en pligte van offisiere is uitgebrei en strenger optrede teen oorlopers was ingestel. Alhoewel die proklamasie ook voorsiening gemaak het vir 'n verhoging in die lone van manne en offisiere, is hierdie lone nooit betaal nie.

Veldkornette Beyers en Kemp was tussen die manne wat bevorder is na die rang van Generaal. Kemp het die bevel oor die Krugersdorp, Rustenburg en dele van die Pretoria kommando's oorgeneem. Die her organisasie het vir Beyers in bevel van die Noord Transvaal geplaas, De la Rey in bevel van die Wes Transvaal, Botha in die Oos Transvaal, Viljoen in die Verre Oos Transvaal en De Wet in die Vrystaat.

Kemp het aan die begin van die oorlog deelgeneem aan die inval in Natal as waarnemende veldkornet van die Krugersdorp kommando. Hy in 1899 'n prominente rol gespeel in die veldslae by Talana koppies, Ladysmith, Colenso en Spioenkop. Kemp en Veldkornet Beyers het op 16 Julie 1900 vir Kommandant Ben Viljoen bygestaan by die slag van Witpoort en weer op 21 Augustus 1900 by Bergendal.

Kemp en Beyers het met De la Rey saamgespan om nuwe lewe in die oorlog teen die Britse invallers te blaas. Hulle het 'n poging aangewend om die Rand in Desember 1900 met 1,500 manne aan te val, maar die pogings was kort geknip om vir De la Rey by Nooitgedacht by te staan. De la Rey het Generaal Clemence se kamp by Nooitgedacht op 13 Desember aangeval, terwyl Kemp en Beyers die Britse buiteposte op die berge geëlimineer het. Hulle het 230 Britte gewond en gedood, 315 gevangenisne geneem en 500 muile, 400 perde en vele ammunisie waens gebuit. Na die slag van Nooitgedacht het Kemp en Beyers deur die Britse linies tussen Pretoria en Johannesburg gebreek om met Generaal Botha in die Oos Transvaal kragte saam te snoer. Beyers het suid geswaai in 'n poging om die spoorlyn tussen Springs en Brakpan op te blaas en die telegraaf lyne by Benoni te sny. Hy het so vêr as die voorstede van Johannesburg gevorder, toe hy terug geroep is om bevel van die Soutpansberg kommando by Pietersburg te gaan oorneem.

De la Rey het Lichtenburg sonder sukses op 3 Maart 1901 aangeval. Kemp het onmiddellik terug gekeer na die Oos Transvaal om sy kragte by De la Rey te voeg. Die aanval van 22 Maart op Geduld het ook sonder sukses vir De la Rey geëindig. Kemp swaai toe na Vlakhoek om vir Kolonel Dixon wat op 'n strooptog in die "geskroeiende aarde" veldtog deur die Wes Transvaal was, te gaan stop. Kemp het vir Dixon oorweldig en 2 kanonne en 'n longtom gebuit. Verwarring het gedurende die daaropvolgende opvolgaksie uitbreek toe Veldkornet Du Toit begin het om Kemp se troepe met die kanonne te bombardeer. Dit het vir Kemp gedwing om die opvolg aksie te laat vaar. Dixon het beheer oor sy kamp terug gewen en die kanonne in sy teenaksie terug gebuit. Kemp het hierna vir die res van die oorlog by De la Rey gaan aansluit.

Die Soutpansberg kommando was besig om uitmekaar te val toe Generaal Beyers deur die regering daarheen gestuur was om op te tree as generaal van die Soutpansberg en Waterberg kommando's. Daar was gou wesenlike verbetering te bespeur in die kommando's. Beyers het aan die burgers gewys dat hy 'n baie dapper man was en ook 'n uitstekende leier. Alhoewel hy nooit amptelike opleiding in die krygskuns ontvang het nie, het hy verstaan hoe om 'n aanval te lei en hoe om die beste gebruik te maak van die omgewing. Op 26 September 1900 het hy die burgers aangespoor tot nuwe hoogtes deur die voorbeeld op die slagveld te stel gedurende die aanval op die Britse kamp by Pienaarsrivier.

Baden-Powell het na die Noorde beweeg om na De Wet se manne te gaan soek. In 'n skermutseling by Pienaarsrivier het Baden-Powell 25 Boere gevangene geneem en 5 man (insluitende Kolonel Speckley) verloor. Baden-Powell het toe na Pretoria terug gekeer en vir Paget in beheer gelos om die opmars na die noorde te lei.

'n Paar dae nadat Jacobus Potgieter in die Noord Transvaal aangekom het, moes die Soutpansberg kommando na Warmbad gaan. Pretoria was toe reeds in die hande van die vyand. Die Boere het in Warmbad weerstand teen die vyand gebied en hulle vir maande terug gehou. Uiteindelik het Paget in November na Pienaarsrivier terug getrek om kragte te herwin. Die Boere het Warmbad, in die Waterberg distrik, behou as voorste geveg front.

Baie Boere van die Warmbad gebied het saam met die vyand na Pretoria gevlug. Die Boere was moeg geveg en het oorgegee aan die vyand en hul wapens ingehandig. Dag na dag het baie die Boere op die manier verraa. Baie ander het vas gebyt en geveg. Party van diegene wat by Warmbad oorgegee het, het later na die Boere kommando teruggekeer om die ander ook te oortuig om oor te gee.

Jacobus Potgieter was by Warmbad deur die burgers verkies as veldkornet van die Houtbosberg wyk en moes onmiddellik na Houtbosberg terug keer.

Paget het sy tweede veldtog na die noorde op 29 Maart 1901 begin. Hierdie keer het hy 'n weermag van 'n redelike sterkte gehad. Die Boere het nie veel weerstand gebied nie toe Paget die opmars van 170 myl vanaf die Pienaarsrivier na Pietersburg begin het. Paget het Pietersburg op 8 April ingeval.

Op pad het die Britte alles wat hulle hul hande op kon lê na Pretoria terug gevat. Vroue en Kinders was na die konsentrasiekampe geneem. Beeste was na Pretoria geneem om aan die Britse weermag kos te verskaf. Alles wat hulle nie op die treinwaens kon laai nie was afgebrand. Huise, plase en landerye was alles verwoes.

Pietersburg was die grootste dorp in die Noord Transvaal en was van taamlieke waarde vir die Britse magte. Deur Pietersburg in te neem het die Britte effektiewe beheer oor die hele Transvaal verkry. Die Boere magte was nou die berge in gedryf, sonder enige permanente basis.

Colenbrander en Plummer is toe in beheer gelos van die operasie om die res van die Noord Transvaalse platteland op te ruim. Plummer het die lengte van die Olifantsrivier beset om te keer dat die Transvaalse regering na die noorde kon ontsnap. Die Soutpansberg gebied was 'n groot uitgestrekte gebied, onvriendelik en onbekend aan die Britte. Hulle magte was te min om die hele gebied te dek. Om sake vir hulle makliker te maak het hulle ook die swart stamme in die Noord Transvaal bewapen.

Die Boere was te min om die Britte te keer. Die Britse magte was te sterk. Toe die Britte Pietersburg ingeval en geplunder het, het hulle die vroue en kinders na 'n konsentrasiekamp naby Pretoria geneem. Toe die Boere die oorweldigende mag van die Britte sien het baie burgers hul eie kommando's verrai. Jacobus Potgieter het toe sonder meer as veldkornet bedank.

Op 30 April 1901 het die Britte by Heanertsburg met die Boere slaags geraak. Die Boere het die stofwolk wat in die rigting van Houtbosberg gekom het van vêr af gesien. Jacobus Potgieter en W van Heerden het gedurende die nag gegaan om op die vyand te gaan spioeneer. In die nag het hulle by 'n swart stad op die plek waar hulle die stofwolk vroeër opgemerk het aangekom. Hulle het in die donker van die nag tot teenaan die muur wat rondom die stad gebou was gegaan om die stad te bespied.

Hulle het 'n swart man nader geroep om meer uit te vind. Jacobus het aan hom gevra wat die oorsprong van die groot stofwolk was wat hulle vroeër in die dag opgemerk het. Die man antwoord hulle dat dit slegs 'n paar waens was wat verby gekom het. Toe Jacobus hom vra wie se waens dit was, antwoord hy dat dit aan die Boere behoort het. Jacobus het geweet dat hy leuens vertel. Hy het gesê dat daar net 'n paar waens was, maar Jacobus kon sien dat dit laer van ongeveer ses waens was. Hy kon ook sien dat die waens in 'n verskillende rigting getrek het as wat die man gesê het. Die waens het nie in die rigting van sy kommando getrek nie, maar in die rigting van die vyand se kommando.

Daardie nag het hulle terug na die kommando gegaan, aangesien die vyand nie in hul rigting op pad was nie. Jacobus was nie bewus daarvan dat die swart man op daardie stadium al reeds deur die Britte oorgehaal was om die Boere deur die nag aan te val en om die vroue te plunder nie.

Jacobus het gerapporteer wat hy wys geword het. Hy het vertel dat dit mees waarskynlik die vyand was, maar dat dit nie lyk of hulle in die rigting van

die kommando op pad was nie. Dieselfde nag nog berig 'n ander spioen dat hy die vyand opgemerk het waar hulle van 'n ander kant af aankom.

Vroeg die volgende oggend gaan Jacobus Potgieter en Veldkornet Marais om die berig te bevestig. Hulle het die hele dag met die paaie langs beweeg om te sien of hulle die vyand kan gewaar, maar het niks gesien of gehoor nie. Daardie nag, toe hulle na die kommando se wegkruipplek terug keer, vind hulle niemand daar nie. 'n Briefie is agter gelaat wat lees: "Kom in die rigting van Haenertsburg." Niks verder nie.

Jacobus se huis was nie vêr daarvandaan gewees nie. Veldkornet Marais en Jacobus Potgieter het hulle na sy huis gehaas om uit te vind hoekom al die burgers hulle plek verlaat het. Op die plaas aangekom, het Margritha hulle tegemoet gekom en gesê: "Waar was julle die heel dag? Die hele gebied is van die ander kant af oorgeneem deur die Engelse. Die kanonne het heel dag gevuur en die swartes het amper al die beste geplunder. Al die mense is weg!"

Hulle het gesê dat hulle in 'n sekere berg sal bly en ons moet hulle daar ontmoet. Die vyand het die berge in gegaan, en duisende swartes het met die Engelse saam gegaan."

Dit het reeds begin donker word. Hulle het van Jacobus se huis na die naaste buurman gegaan om meer inligting te kry. Hulle het hom daar gevind en hom gegroet "Hoe gaan dit hier?"

Hy vertel hulle toe "Die vyand het die berge in beweeg kort nadat julle twee hier weg is. Die burgers het in die rigting van Wolkberg gegaan. Die longtom het 16 skote gevuur. Die vyand was byna by die kanonne toe die 17de skoot gevuur word. Die kanonniers het die kanon opgeblaas en gevlug.

Die swartes het al die beste en skape gevat, en al die klere en komberse van die vroue en kinders. Ook alles in die huis, ingesluit al ons kos. Hoenders en varke is dood gemaak. Die vroue was deur die swartes rond gestamp."

Dit is wat hulle aangehoor het, en dit is wat hulle ook sou waarneem.

Die volgende môre vroeg wou Jacobus en Marais meer uitvind. Hulle gaan voort vandaar om nog burgers by hul huise te gaan soek. Hulle het rond gery tot twee uur in die nag. Toe sê Marais "Kom ons gaan na Wolkberg."

Jacobus het geweier om te ver weg te gaan. Hy het gesê “Sien, die swartes plunder ons vrouens en kinders en wie weet of hulle nie ook sal doodmaak nie.”

“Wel, “ sê hy, “ek sal hier rond bly om na die ander burgers te soek as jy graag na Wolkberg wil gaan.”

Marais se familie was in die omgewing. Hy het na Wolkberg gegaan en is daar gevang deur die vyand. Jacobus het huis toe gegaan. Hy het sy perd naby die huis versteek en die huis bekrui om te sien of die familie steeds veilig binne was. Hy het hulle nog veilig gevind.

Jacobus het die volgende oggend rond gegaan om nog burgers te soek, Hy het twee gevind. Hy het ook die families gevind wat geplunder was en van hul huise af weggejaag was. Die mense het aan hom vertel hoe die swartes hulle behandel het. Hulle kon nie eers ‘n enkele kombes vir die kinders gehou het nie. Ja, die swartes het nie eers iets om te eet agter gelos nie.

Dit het Jacobus herinner aan die ou tye van barbaarsheid. Toe besef hy die nietigheid van die mensdom.

Hy moes toe planne maak. Wel, daar was net drie burgers gewees, L Alberts, JM Dames en JJ Potgieter homself, om te help planne maak en hul families te beskerm. Hulle eerste besluit was dat elke man naby sy eie huis sou bly en enigene wat naby kom te skiet. Hulle sou veg tot die dood toe om hulle gesinne van die swartes te red.

So het hulle ook gemaak. Die swartes het gekom en die burgers het hulle geskiet. Die swartes het om die huise gedraai soos aasvoëls en gewag om op die dooie te aas. In hul verlatenheid het die burgers ook nie versuim om hulp van God te vra nie.

Hulle het ‘n Britse kavallerie sien verby gaan. Die drie burgers beraadslaag toe weer en neem hulle toe ‘n verdere besluit. Hulle besluit om vir die vyand te wag. As die vyand te sterk vir die drie burgers was, sou elke man naby sy eie huis wag totdat die vyand na sy huis toe kom. Die vroue moet dan vir beskerming vra.

Die aanvalle op hulle huise het dag en nag aangehou. Op die derde dag kon hulle dit nie meer langer uthou nie. Daar was maar net drie van hulle gewees en hulle moes heel dag en nag wagstaan. Hulle kon nie meer 'n oplossing sien nie. In die aande kon hulle nie slaap nie. Hulle moes wagstaan om teen die vyand en die swartes te waak. Gedurende die dag was dit dieselfde storie. Dan het hulle op 'n heuwel wag gestaan vanwaar hulle 'n beter uitsig gehad het om die vyand weg te hou.

Die oggend van die derde dag beraadslaag die manne weer om nuwe planne te maak. Hulle besluit toe om oor te gee. Hulle kon nie meer uthou teen die swartes en die oorweldigende mag van die Britte.

So was die toe dat Jacobus Johannes Potgieter en L Alberts na die vyand se kamp, wat nie ver daarvandaan was, gegaan het om vir beskerming teen die swartes te vra. J Dames het agter gebly om die families teen die plunderende swartes te beskerm.

Dit was met 'n swaar gemoed wat Potgieter sy wapen aan die vyand sou oorgee, maar hy was daartoe gedwing, om sy gesin te beskerm. Hy het maar net op God vertrou.

Jacobus het die vyand gaan ontmoet. Hulle was bang toe hulle hom gewaar, aangesien hulle ongewapende Boere van die Kaapkolonie was, wat in die Britse mag diens gedoen het as drywers vir die waens en muile. Hulle het daar in die rivierbedding gestaan met die stukke van die long-tom kanon wat deur die Boer soldate opgeblaas was. Die muile kon nie die vier wiele en die een stuk van die kononloop trek nie, want dit was 'n groot kanon gewees. Hulle het die ander stuk van die loop op 'n ander wa gelaai.

Jacobus het die vyand by Najensbrook in die Houtbos wyk, omtrent een uur se reis van sy huis af, ontmoet. Hy het hulle beleefd gegroet. Hulle het sy groet beantwoord en aan Jacobus gevra waarheen hy op pad was. Hy vertel toe aan hulle en vra "Wat gaan aan? Ek het verwag om Engelse hier te ontmoet. Nou ontmoet ek Boere as vyand?"

Een het geantwoord "Wat dink jy? Ons is baie meer as julle. Ons kommando is ongeveer 1,200 sterk, waarvan die meeste Boere is wat die Engelse troepe help."

Jacobus vra toe "Hoe kan dit dan wees dat julle veg teen julle eie nasie?"

“O ja?” sê die man, “Ons is Britse onderdane van die Kaapkolonie en van Natal.”

Jacobus vra aan hom “Waar is julle generaal? Ek wil hom sien.”

Daar was een offisier saam met hulle gewees. Hy sê toe aan een van die drywers “Gaan saam met hierdie man en neem hom na die generaal, die hoofbevelvoerder van die laer.”

Die laer was nie vêr daarvandaan. Jacobus en Alberts het toe nog steeds hul wapens gedra. Uiteindelik het Jacobus die hoër offisier ontmoet en sy wapen neergelê. Hy vra toe aan die offisier “Hoe is dit dan dat dit lyk of jy met swartes teen ons veg, en hoe laat jy die swartes ons huise en families plunder?”

Hy het Jacobus toe geantwoord “Hoekom het julle nie al oorgegee nog voordat ek hierheen moes kom nie?” Julle het my hierheen laat kom vir niks!”

Jacobus sê toe “Dit is nie regverdig om met swartes teen blankes te baklei nie. Nog meer so, om hulle ons vrouens te laat aanval!”

Die offisier antwoord hom “Ek het die swartes beveel om nie sulke dinge te doen nie, maar hulle wou nie luister nie.”

Jacobus antwoord “Ek glo dit nie!”

Die offisier sê toe aan Potgieter om op ‘n sekere plaas te gaan wag.

Jacobus sê toe “Nee! Ek het nie tyd om rond te sit nie. Gee aan die swartes opdrag om op te hou om ons families te plunder.”

Die offisier het toe beloop om so te maak en vra Jacobus om so ‘n bietjie te wag. Die bevelvoerende kommandant sal binne kort daar wees. Jacobus sal ‘n beter kans hê as hy met hom praat.

Jacobus maak toe ook so. Die bevelvoerende kommandant het kort daarna opgedaag en vir Jacobus geroep. Jacobus het weereens op dieselfde wyse daarop aangedring dat die swartes gestop moet word om die huise te

plunder. Die offisier gee toe gehoor aan sy versoek, maar wat help dit toe? Alles was toe al reeds gevat en geplunder. Net Jacobus se gesin, en die gesinne van Alberts en Dames, en omtrent een of twee andere wat deur die mans beskerm was, was nog nie geplunder nie.

“Wel, “ sê die offisier “ek sal jou laat terug gaan. Bring julle gesinne hier.”

Jacobus antwoord “Die swartes het al die osse en waens gesteel. Hoe kan ek dit dan doen.?”

Die offisier stuur toe ‘n boodskap na die swartes om aan Jacobus sy osse en voertuie vir die vervoer van sy gesin terug te gee. Daarop het Jacobus terug na sy gesin gegaan. Dit was reeds laat toe Jacobus tuis gekom het. Sy gesin was steeds veilig, behalwe dat hulle vol verdriet was. Jacobus moes toe eers troos. Hulle berei hulle toe die volgende oggend voor. Die swartes het aan hulle 5 osse, maar niks waens gebring.

Mense wat geplunder was het na L Alberts se huis gevlug gedurende die nag. Party het niks klere of komberse gehad nie. Sommiges het komberse gehad wat hulle begrawe het toe die swartes aangeval het. Hulle het dit weer uitgegrawe en gevlug nadat die swartes weg was.

Hulle moes in die oggend vertrek. Een honderd en drie mense, vroue en kinders ingesluit, het deur die nag byeen gekom. Slegs twee van die mense was nie deur die swartes geplunder nie. Die mense het van tot 24 myl vêr gekom. Die vroue het hul kinders op hulle rûe gedra. Een moeder het twee kinders op haar rug gedra, sonder kos of beddegoed.

Een vrou het vertel “Die swartes het my teen die grond gestamp.”

‘n Ander het gesê “Die swartes het my in die bors met ‘n assegai gesteek.”

‘n Ander een het gesê “Hulle het my met gewere teen die bors gestamp.”

Een dame het vertel “Ek het geprobeer om ‘n kombers vir my kind te hou, maar die swartman het dit gegryp en my omgestamp.”

Ander was van hul huise af weg gedryf en die huise was geplunder. In sommige gevalle het die mense getroue bediendes by die huis gehad. Hulle het gevat wat hulle kon toe hulle sien dat die mense geplunder word. Later,

nadat die swartes weer weg was, het hulle alles weer terug gebring. Somtyds was dit 'n enkele kombers, of somtyds was dit 'n bed. In sommige gevalle het die swartes skandalige dinge met die vroue gedoen.

Dit is wat hulle aangehoor het en dit is wat hulle gesien het.

Die kommando's het gevlug en baie was gevang. Jacobus was gedwing om sy wapens neer te lê om sy gesin se halwe. Die vyand kon nie raai hoe hy in sy binneste gevoel het nie. Hulle was maar te bly om sy wapen by hom te neem. Hy wou maar net sy gesin beskerm.

L Alberts en Jacobus het die 103 mense met drie waens vervoer. Sommige kon saam gery het, maar baie moes loop. Daardie eerste nag het al die vroue by Jacobus se huis geslaap, aangesien hy darem nog kos oorgehad het. Sommige het binne die huis geslaap en sommige moes buite slaap. Dit was vir Jacobus 'n verskriklike ding om te aanskou hoe die onskuldige en weerlose vroue so moes rondlê.

Jacobus het die waens na die hoofpad gelei waar hulle verwag het dat die vyand sou verby kom. Hy het toe sy perd geneem en gery om die vyand te gaan ontmoet. Hy sê toe aan hulle "Die vroue en kinders, 103 van hulle in totaal, wag daar voor vir julle."

Die vroue en kinders was bang vir die vyand. Hulle het baie stories gehoor van die Britte wat hulle bang gemaak het. Jacobus het saam met die vyand gery om die vroue en kinders te gaan haal. Toe hulle naby kom het Jacobus aan die offisier gesê "Ek sal na die families gaan en hulle vertel dat julle kom, sodat hulle nie bang is nie."

Die kolonel en 'n paar kapteins het saam met hom gegaan. Hy het die families by Kuiperkuil gevind. Hulle het uit vrees vir die vyand gehuil en was bang dat die vyand hulle sou seermaak. Jacobus het weer die mense getroos. Die Britte het hom toe ook nog meer waens gegee om die mense mee te vervoer.

Hulle was toe na Pietersburg geneem en in huise vir omtrent een maand gehuisves. Daarna is hulle na tente in 'n kamp buite die dorp verskuif. Die mense het baie moeilike tye daar gehad. Daar het die rantsoene wat hulle gekry het bestaan uit meel, vleis, koffie en suiker. Die mense het nie

gekla oor die meel nie, maar die vleis wat hulle ontvang het was van die maerste beeste wat daar kon wees.

Dit mag dalk na 'n grap klink, maar dit was waar. Die beeste was besmet met siektes. Die siek beeste is geslag en begrawe. Party van die siek beeste was geslag en aan die mense gegee om te eet. Dit is wat hulle daar gekry het!

Sommige van die beeste het vuursiekte gehad. Dit het hulle gekry om te eet!

Jacobus het 5 pond vleis gekry om sy hele gesin vir drie dae te voed. Na 'n tyd het hulle skaapvleis gekry. Die skape het dood gegaan van masels voordat dit geslag was. Na 'n tyd het die skape hartwater gekry en is geslag vir die mense om te eet. Dit is wat hulle daar gekry het!

Jacobus het grafte vir die dooies gegrawe, soms tot sewentien per dag. Hulle het tot twaalf lyke op 'n keer op 'n wa gelaai. Elke keer het die optog in 'n begrafnisstoet ontaard. Hulle het die kos geblameer. Na 'n tyd het die mense geweier om die vleis te eet. Die Engelse dokter het die vleis ondersoek en gevind dat al die skape besmet was. Die skape is toe geslag en begrawe. Daarna het hulle geblikte graanvleis ontvang.

Jacobus het elke oggend na die lyktent gegaan om die name van die dooies in sy dagboek neer te skryf. Elke lyk het 'n kaartjie op die bors vasgespeld gehad, waarop die naam geskryf was. Jacobus het die lengte en breedte van elke lyk geneem. Dan het hy 'n graf vir elke lyk gegrou volgens die mates wat hy geneem het en 'n papiertjie in die oop graf geplaas met die lyk se naam.

Na die kerkdiens het Jacobus die lyke met 'n muilwa na die begraafplaas geneem. Tien tot twaalf doodskiste was op 'n slag op die wa gelaai. By die begraafplaas het hy na die lyk se naam gesoek op die papiertjie in die graf en elke lyk in die graf geplaas en die graf weer toegemaak. Hy het tot sestien of sewentien mense op 'n dag begrawe.

Die geweene en hartseer van die konsentrasiekampe sou vir nog baie jare met die Afrikaner bly.

Jacobus is in Junie 1901 na die konsentrasiekamp gestuur met sy vrou en 7 kinders. Die jongste kind, Margrieta Jacoba was maar 5 maande oud

gewees. Elke dag het hy aanskou hoe die dooies weggeneem word. Elke tent waar hy ingeloer het, het hy die siek mense gesien. Dit het hom groot laat skrik, want hy het 'n vrou en kinders om na om te sien gehad.

Hulle was nog maar twee weke in die konsentrasiekamp, toe amper al sy kinders ook siek raak. Orals het die mense wat masels gekry het gesterf. Selfs volwassenes het gesterf van die masels. Jacobus was magteloos gewees. Al wat hy kon doen was om te bid. Hy het elke dag en nag saam met Margrietha tot die Here gebid om hulle kinders te spaar. Al sy kinders het weer gesond geword. Hulle het die Here 2 tot 3 maal per dag gedank vir die genade.

Die Britte het nou al alle gebiede van die Boere Republieke beset. Daar was nog maar net 'n paar kommando's wat steeds geveg het oor die land versprei. Hierdie Boere het bekend gestaan as die 'Bittereinders'. Hulle hoof taktiek was om die 'sagte teikens' soos spoorlyne en kommunikasie lyne aan te val. Die Boere was hoogs beweeglik en dit was moeilik vir die Britte om hulle te agtervolg, veral in die Soutpansberg omgewing waar Generaal Beyers 'n klein kommando gelei het. Wanneer die Boere militêre teikens aan geval het, het hulle seker gemaak dat hulle die verrassings voordeel aan hulle kant sou hê. Wanneer die Britte wou terug slaan, het die Boere net eenvoudig in die bosse en berge in verdwyn.

Tot die bittereinde

Deel IV

Jacobus Potgieter ontsnap

Hoofstuk 11

‘n Taamlike lang tyd het verby gegaan wat Jacobus glad nie enige nuus van die kommando gekry het nie. Eendag het Jacobus skielik nuus ontvang van waar die kommando hulle bevind. Die Britte het ‘n vrou uitgestuur na die kommando om met hulle te praat en hulle te oortuig om oor te gee. Hierdie dame se man het by die vyand aangesluit en het teen die Boere geveg. Sy het niks vermag nie, anders as om inligting oor die kommando na die kamp terug te bring nie. Jacobus het onmiddellik planne begin maak om terug te keer na die kommando.

Hoofsaaklik die laer klas Boere het by die vyand aangesluit as verraaiers vir 5 sjieling per dag om die Afrikaner te vermoor. Baie het gevolg. Die vyand het ook geprobeer om Jacobus te oortuig om by hulle aan te sluit, maar hy het dit teengestaan. Hy was onregverdiglik gedwing om oor te gee. Hy sou dit nie gedoen het nie as hy enige ander manier kon kry om uit sy benarde posisie te kom.

Na ‘n tyd het Jacobus ‘n paar maats bymekaar gekry wat belang gestel het om saam met hom te ontsnap. Hulle gesinne was nou veilig van die swartes se plundery. Niks het meer in hulle pad gestaan nie. Al het die vyand ‘n wakende oog gehou oor die Boere wat vernet het teen die Britte, het Jacobus nogtans daarin geslaag om in die geheim omtrent dertig man bymekaar gemaak om hom te volg.

Elke dag het daar waens uitgegaan om hout te gaan haal. Jacobus het ‘n geleentheid gekry om saam met die waens te gaan om hout te haal. Die nag voordat die waens vertrek bespreek die mans hulle geleentheid om te ontsnap en na die kommando terug te keer. Baie het te bang geword om met die plan deur te druk. Net sewe mans het volhard.

Hulle het hul planne vir die ontsnapping haarfyn uitgewerk. Elke man het genoeg kos vir vier dae en twee stelle klere gepak. Hulle het klere uitgekies wat sterk genoeg was om vir ten minste een jaar te hou.

Die sewe mans was vroeg die volgende oggend gereed. Onseker oor wat sou kon gebeur, het Jacobus sy vrou en kinders gegroet. Omdat hulle bang was dat die Britte sou kon vermoed dat iets verkeerd is, het hy sy gesin in die tent gebly. Die kinders het gehuil. Hulle was nou veilig teen die aanvalle van die swartes, maar was hulle veilig in die hande van die Britte?

Jacobus was ten volle bewus van al die gevare wat sy gesin in die gesig sou staar. Margritha het 7 kinders gehad om na om te sien. Jacobus het menigte lyke begrawe in die dae wat hy in die konsentrasiekamp deurgebring het. Het die meeste kinders wat hy begrawe het dan nie gesterf van giftige kos nie? Wat sou gebeur as een van sy kinders siek word? Die mediese geriewe was totaal onvoldoende. Voordat hy gegaan het, het hulle gebid en die Here gevra om sy familie te beskerm teen die gevare. Toe vra hy die Here om hom die pad te wys na die kommando.

Met benoude gevoelens het die manne op die waens geklim. Jacobus het 'n lang tyd vir hierdie geleentheid gewag. Hy het op die Here vertrou om sy familie te beskerm. Nou moet hy net aan sy poging om te ontsnap dink. Hy kon nie meer langer in die konsentrasiekamp bly sit terwyl die Britte sy land verwoes het. Hulle het seker gemaak dat daar niks fout kan gaan nie. Toe die son begin opkom het die 60 waens die kamp verlaat, op pad na die houtvelde.

Die manne wat volhard het was: Jacobus Johannes Potgieter, AJ van Jaarsveld, CJ Potgieter (Johannes se broer), SJ de Beer, JH Venter, C Harmse en W van der Gijft.

Die sewe manne het die kamp op 18 Januarie 1902 verlaat. Hulle het op die 19de Januarie by die hout velde aangekom. Die hele dag het hulle hard gewerk om hout op die waens te laai. Toe die son onder gaan, het hulle aan die drywer, wat hulle ook gehelp het om die hout op die waens te laai, vertel dat hulle sou ontsnap en by die kommando sou aansluit. Jacobus het aan hom gesê om die waens terug na die kamp te neem. Vir eers het hy geweier, maar die manne het hom uiteindelik oorgehaal.

Voordat hulle die waens verlaat het, het hulle 'n kombes vir 'n bok verruil. Die swartes het nie aggressief teenoor hulle opgetree nie, solank as wat hulle by die Britte gewees het. Sodra hulle egter die Britte verlaat het, het die swartes vyandig geraak. Daardie nag het hulle die bok gebrui en soveel geëet as wat hulle kon.

Elke man het sy klere en een kombes bymekaar gemaak. Hulle het gewag totdat dit heeltemal donker is voordat hulle die waens verlaat het. Gedurende die dag het hulle die gebied goed bespied en hul roete beplan terwyl hulle hout bymekaar gemaak het. Jacobus het geweet waar sewe gewere met ammunisie begrawe was, op 'n plaas daar naby. Dit was ongeveer een uur se loop tot by die gewere. Hulle planne was om daardie nag eers die gewere te gaan haal.

Jacobus het 'n stok waarmee hy beplan het om mee te graaf, skerp gemaak. Dit was die enigste wapen wat hulle gehad het. Hulle het in die Here vertrou om die oë van die swartes te verblind om hulle kans te gee om verby die swartes se stede, op pad na die kommando, te ontsnap.

Hulle het besluit dat dit veiliger sou wees om nie die pad te volg nie. Hulle het deur die veld geloop terwyl 'n donker miswolk oor die gebied gekom het. Op pad na die plaas waar die gewere versteek was, moes hulle eers deur 'n swart stat loop.

Omtrent nege uur het hulle by die plaas waar die gewere begrawe was aangekom. Hulle het die huis bekruip om seker te maak dat niemand hulle sou hoor nie. Jacobus het die ander ses manne gestop en nader aan die huis gegaan om te sien of daar enigiemand tuis was. Hulle kon stemme hoor en het 'n lig gesien wat binne die huis geskyn het. Hulle was verras om stemme by die huis te hoor, aangesien die eienaar deur die Britte gevang was. Hulle het gevrees dat hulle verraai kon gewees het deur een van die mense wat agter gebly het en van hulle planne geweet het.

Sagrys de Beer het gesê “Kom ons los die gewere. Hier sal ons gevang word. Die stemme wat ons hoor is die stemme van Boere, maar te veel Boere het by die Engelse aangesluit om teen ons te veg. Ons kan nie enigiemand vertrou dat hulle aan ons kant sal wees net omdat hulle soos Boere klink nie.”

Hulle het ongeveer 15 tree van die huis weg gaan staan om die saak te bespreek. Jacobus was teësinnig om die gewere agter te laat.

“Grys, ons kan nie die gewere hier l los nie. Ons moet stilletjies oor die muur klim en die gewere uitgrou.”

“Jy sal laat ons gevang word! Luister na die stemme. Dit is vyandelike Boere!”

“Grys, dink net aan die swart dorpe wat ons nog sal moet deurgaen.”

“Kotie, kom ons loop liever in die donker. Kom ons los die gewere. Selfs al kom ons oor die muur sonder om gehoor te word, sal hulle ons hoor as ons met daardie stok van jou grou. Hulle sal ons skiet. As een van ons gewond word sal ons baie jammer wees dat ons nie eerder die gewere gelos het nie.

Kotie, kom ons gaan. My bediende is by my huis waar ek twee gewere met ammunisie hou. Ek sal na my plek gaan. My bediende is getrou.”

“Nou wel Grys. Ek sal maak soos jy sê. Kom ons gaan.”

Die pad was baie nat en die mis was dig. Hulle het die pad nie goed geken nie en het verdwaal. Hulle het vir ‘n ruk lank rond gesoek totdat hulle weer hulle pad gevind het. Hulle was baie moeg. Die pakke was baie swaar.

Hulle het tot ongeveer twee uur in die môre geloop. Teen daardie tyd was hulle so moeg dat hulle net nie meer verder kon gaan nie. Die swaar pakke het hulle afgemat.

Sagrys het gesê “Kotie, ons moet hier slaap. Jy kan sien dat Ou Albert en Krisjan nie meer kan loop nie. Hulle is moeg. Jy moet na die swakste man hier tussen ons kyk.”

“Ja Grys, dan sal ons maar van die pad afdraai en in die kloof gaan slaap. Jy weet, as die Engelse uitvind dat ons weg is, dan sal hulle ons spore volg.”

“Ja Kotie, kom ons draai hier aan die linkerkant af. Hier is ‘n diep kloof. Hulle sal ons nooit hier kry nie. As hulle skielik op ons afkom, dan kan ons al met die kloof langs hardloop totdat ons die digte bosse vind. As ons eers

daar is, dan kan hulle duisende manne bring om na ons te soek, maar hulle sal ons nooit kry nie. Ek ken die gebied te goed.”

“Nou ja, goed so kêrels. Kom ons maak dan so. Kom ons draai hier van die pad af. Oom Albert, wat sê jy?. Komaan Stoffel, julle moet julle sê sê. Jy ook Willie. Jy sien, Krisjan is moeg met sy kruppel voet.”

“Ja Koot, “ se Albert. “ek volg maar net vir jou. Jy moet ons lei.”

“Reg so. Kom ons draai af. Ons sal hier bly tot môre na sonder. Van hier af moet ons deur die swart dorpe gaan. Haai kêrels, julle weet darem, dit is steil hier af. Oom Albert, sal jy en Krisjan dit hier af maak?”

“Ja Jacobus, jy moet maar net stadig gaan. Jy sien, dit is donker. Ons kan nie sien nie en die klippe en stompe laat my gly.”

“Ja Ou Albert, jy moet versigtig loop met jou kruppel been. Waar is Willie?”

“Hier is hy reg agter my. Grys, jy loop te vinnig, Jy en Stoffel..”

“Waar is Jan Venter?”

“Hier is hy voor Sagrys. Kom ons slaap hier langs die bos. Dit is stil hier. Hier sal ons kan slaap.”

“Kêrels, ons moet aanhou. Hoe laer ons afgaan, hoe steiler sal dit raak. Kêrels julle moet wakker bly, of anders moet julle lig slaap. Ons sal moet hardloop as ons klippe hier bokant ons hoor val.”

Laat in die middag van 20 Januarie 1902 het die sewe man die diep kloof weer verlaat. Net sodra hulle uit die kloof gekom het toe hoor hulle ‘n klomp swartes skree. Vinnig het hulle skuiling gesoek onder ‘n bos, waar hulle gewag het tot dit donker word. Hulle besluit toe om so vinnig as wat hulle moontlik kon deur die swart stad te beweeg. Hulle besluit toe ook om nie na Sagrys se bediende, wat die gewere hou, te gaan nie, uit vrees dat hy hulle sou aanmeld. Hulle sou seer sekerlik deur die swartes vermoor word. Nie vêr daarvandaan, omtrent twaalf myl van die bediende met Sagrys se gewere, is daar ‘n ander plek waar ‘n geweer met ammunisie begrawe was. Hulle besluit toe om te probeer om daardie geweer in die hande te kry.

Die mis was dig en dit was baie koud. Hulle het tot omtrent tien uur in die nag gestap, toe dit begin om swaar te reën. Die een donder op die ander. Die een blits na die ander – en die reën val!

Hulle soek toe skuiling onder die bosse. Na 'n tyd besluit hulle dat hulle nie meer verder enige kosbare tyd kon mors nie en met hul reis moes voortgaan. Hulle was byna dood gevries, maar hulle moes net aanhou.

Sonder dat hulle dit besef het, het hulle in die donker van die stormagtige nag reg in 'n swart dorp in geloop. Dit was donker en hulle kon niks sien nie. Sagrys het die gebied redelik goed geken, maar hy kon sweer dat die dorpie nie voorheen daar was nie. 'n Hele dorp kon somtyds skielik by 'n plek opspring. Die dorpies het uit hutte bestaan, wat van gras en klei gebou was. As weiding en water vir die beeste opgedroog het op een plek, dan kon die mense net eenvoudig verder trek en 'n nuwe dorp binne 'n paar weke stig.

Die manne het vinnig uit die pad gespring en om 'n rantjie geloop. Dit het so hard gereën dat die mense glad nie uit hul hutte gekom het nie.

Hulle het aangehou om deur die digte bosse te loop, tot laat in die nag toe hulle weer planne gemaak het om te rus. Al hulle klere was deurdrenk deur die gietende reën en hulle was baie moeg. Hulle het in 'n digte bos ingegaan, waar hulle onder die bosse ingekruip het en plat op die grond gaan lê. Daar het hulle geslaap vir die res van die nag. Die reën het eenvoudig net aangehou om dwars deur die hele nag te val, sonder ophou.

Gedurende die nag het die temperatuur onder vriespunt gedaal. Die mans het amper dood gevries. Jacobus se broer, Krisjan Potgieter, was veral baie sleg daaraan toe. Hy het bewusteloos geword van die koue. Jacobus het sy baadjie om sy broer gedraai, maar alles was so deurdrenk van die reën dat dit nie baie gehelp het nie. Op daardie stadium het die manne begin om moed te verloor. Hulle het eensaam en verlore begin voel. Selfs die natuur het nou teen hulle begin draai en hulle het nog 'n lang pad gehad om te gaan, deur baie gevaarlike gebiede.

Toe die son begin het om op te kom, kom hulle agter dat hulle maar net so 500 tree van 'n dorpie af lê.

“Kotie! Ons gaan gevang word!” Roep Sagrys benoud.

“Kêrel, moenie so praat nie! Jy moet nie begin om wankelmoedig te raak nie. Staan op! Laat ons loop!” het Jacobus geantwoord.

Krisjan kon beswaarlik praat van die koue. Hulle bondels was so nat en swaar van die reën dat dit moeilik was om te dra. Jacobus het geprobeer om die manne moed in te praat.

“Haai Kêrels, kom ons beweeg. As ons dadelik aan die beweeg kom, dan sal ons warm word.”

Die kêrels maak toe ook so en loop teen ‘n berg op, waar hulle die oorblyfsels van ‘n ou verlate huis vind. Die dak was aan die een kant ingeval. Hulle kry daar in die een hoekie ‘n bietjie droë hout en maak toe daarmee ‘n vuur om hulle op te warm en hul klere uit te droog. Hulle kon egter nie baie tyd mors nie. Hulle moes maar weer aanstoot.

Toe hulle by Broederstroom kom was die rivier vol, maar hulle het gou ‘n veilige plek gekry om deur te swem. Toe hulle by die huis kom waar die geweer veronderstel was om begrawe te wees, vind hulle na ‘n soektog dat dit al reeds deur iemand uitgegrawe was. Agter die huis het hulle ‘n vrugteboord gevind, waar hulle groen perskes gepluk het om te eet. Die brood wat hulle saam gebring het was totaal deurweek van die reën en het al begin om te vrot.

Die mis was nog swaar. Hulle loop teen die berg op en verdwaal in die digte, mistige bosse. Stadig gaan hulle terug op hul eie spore, totdat hulle weer hulle pad vind. Laat in die middag kom hulle by ‘n plaas waar, ‘n paar maande gelede, ‘n ander burger, P Naude, vermoor was. Hulle het daar in die bosse weggekruip vir die res van die dag en nag, tot die volgende aand.

Na donker, op die 22ste Januarie verlaat hulle weer die bosse. Hulle stoot aan, aangesien daar mense was wat heeldag in die omgewing rond geloop het. Gelukkig het niemand hulle gewaar nie. Hulle het tot omtrent tien uur die aand geloop. Daar was nêrens waar hulle heen kon gaan nie, aangesien daar vyandelike mense orals voor hulle was wat al die paaie versper het. Hulle loop toe al langs ‘n klipperige paadjie, totdat hulle by ‘n groot stat kom wat maar net ‘n sowat tien tree van die pad af was.

Hulle vertrou toe op die donker van die nag om stilletjies verby te gaan. Hulle grootste probleem was dat hulle geen wapens gehad het om hulle mee te verdedig nie, sou hulle gevang word. Jacobus het voor geloop.

Na 'n entjie kom hulle tot reg langs die mense. Jacobus kon hulle hoor praat. Hy het aangeneem dat hulle langs die pad gestaan en gesels het, maar hulle was toe eintlik in die middel van die pad! Dit het geklink of daar 'n soort van partytjie aan die gang was. Daar was die gespeel van fluite, en liedjies was gesing, terwyl ander geskree het aan albei kante van die pad, en ook vorentoe in die middel van die pad. Jacobus en die ses ander burgers het in 'n reguit lyn agter mekaar geloop. Die maan het begin om helder te skyn.

Toe hulle tot omtrent dertig tree van die mense af was, begin 'n klomp kinders in hulle rigting resies te hardloop. Daar was net 'n kort draaitjie in die pad voordat die kinders by hulle sou kom. Skielik het 'n genadige miswolk voor die maan in beweeg. Dit was pik donker. Die sewe burgers het vinnig teen 'n wal op gespring en stil in die gras gaan lê. Die kinders het hulle gelukkig nie gesien nie. Die kinders het tot sowat drie tree van hulle gaan stop. Die manne het so stil as wat hulle kon gelê. Hulle het geweet dat hulle vermoor sou word as hulle daar gevang word.

Na 'n tyd begin die kinders om daar reg langs die burgers te baklei. Hulle het mekaar geklap en met die vuus geslaan. Die burgers was bang dat hulle sou begin stoei en een van die kinders kon bo-op hulle val. Na 'n tyd het die kinders weer so dertig tree van hulle af weg gehardloop met die pad af. Die burgers het vinnig opgespring en in 'n mielieland in gehardloop.

Nadat hulle vir 'n ruk gehardloop het, begin hulle weer te stap. Hulle loop toe reg in 'n ander stat vas. Iemand het hande geklap. Die burgers swenk toe na die kant en vlug die lang gras in. Hulle het toe so deur die lang gras aangehou totdat hulle teen 'n rivier vasgeloop het. Die rivier het sterk gevloei. Daar was egter nie tyd om te verspeel nie en hulle moes oor die rivier kom. Willie van der Gijft kon nie goed swem nie. Jan Venter het die voortou geneem om eerste deur te gaan en te kyk hoe diep die rivier was. Dit het nie lank geduur om deur die rivier te kom nie en die burgers kon verder gaan aan die ander kant van die rivier.

Teen die tyd dat hulle die rivier oorgesteek het, was dit al omtrent elf uur in die aand. Hulle het omtrent half twaalf begin om Wolkberg op te klim. Die berg was baie styl en die meeste van die tyd moes hulle hande-viervoet

kruip. Hulle het hulle koffieketel aan die onderkant van die berg vergeet, waar hulle gerus het voordat hulle die berg aangedurf het. Niemand het die krag gehad om om te draai en die ketel te gaan haal nie.

Teen een uur in die oggend het die manne die kruin van die berg bereik. Hulle was honger, maar het min kos oorgehad. Daar was omtrent een pond brood tussen die sewe mans. Die brood was deurweek van die reën. Hulle besluit toe maar om die brood liewers te spaar vir die volgende dag.

Hulle loop toe al met die bergtop langs, totdat hulle 'n put vol helder water by 'n ou verlate goudmyn kry. Daar het hulle gaan sit en water gekook en lekker koffie gemaak. Hulle moes die koffie drink om die honger te stil, voordat hulle daar vir die res van die nag geslaap het.

Die volgende oggend van 23 Januarie 1902 het hulle weer voort gegaan. Hulle het tot omtrent twaalf uur geloop, toe hulle weer teen 'n paar swart dorpies vasgeloop het. Hulle kruip toe vir die res van die dag in die bosse weg. Hulle het daar in die warm son amper dood gegaan van die dors. Hulle het die laaste stukkie brood vir ontbyt opgeëet. Al was hulle baie honger en dors, het hulle heel dag in hulle wegkruip plek bly lê. Op een stadium het 'n swart man met 'n geweer naby hulle wegkruip plek rond geloop op soek na 'n bok om te jag. Die burgers het hulle baie stil in hul skuiling gehou. Na 'n rukkie het die man 'n bok naby hulle neergesit en begin om teiken op die bok te skiet, maar hy het gemis. Toe die son onder gaan het die man terug na die kraal geloop.

Die burgers het gewag totdat dit heeltemal donker is voordat hulle hul skuilplek verlaat het. Hulle het vir omtrent twee uur deur 'n pragtige landery gestap. Daar was niks om te eet nie, maar die landerye was baie fraai! Dit het aan die mense van Malippo, op die Wolkberg, behoort.

Hulle het aangehou loop en deur nog 'n swart stat gegaan, maar daarna was die pad oop. Hulle het tot een uur in die oggend geloop voordat hulle geslaap het. Hulle was baie honger, maar het nou darem genoeg water gehad. Die vlugteling het gehoop dat daardie nag die laaste nag van sukkel sou wees. Die verwagting dat hulle die volgende dag met die kommando sou herenig word het hulle vol moed gemaak.

Intussen het die nuus van die ontsnapping die konsentrasiekamp bereik. Jacobus het die kamp op 18 Januarie saam met die houtwaens verlaat. Die

waens het op 21 Januarie sonder Jacobus en sy maats weer terug by die kamp aangekom. Die kommandant het onmiddellik vir Margritha Jacoba Potgieter laat roep. Sy het geweier om na die kantoor te gaan. Margritha het nog drie boodskappe gekry om by die kantoor aan te meld, maar het aangehou om te weier. Teen 4 uur die middag kry sy die vierde boodskap om reg te maak om die volgende oggend om 7 uur te vertrek. Hulle het nie gesê waarheen sy sou gaan nie, maar het aangedui dat sy vir 'n reis van 7 dae moet voorberei.

Die volgende oggend word al haar goed saam met haar 7 kinders op 'n trein gelaai. Daar was nog twee ander vrouens, een ou man van 70 jaar, en een man van ongeveer 40 jaar wat as krygsgevangene aangehou was saam met haar. Hulle moes in 'n stinkende perde wa reis tot in Pretoria, waar hulle 24 Januarie in 'n verflenterde tent oornag het. Haar een kind het gedurende die reis erg siek geword. In Pretoria het dit die hele dag en nag gereën. Die volgende oggend is hulle in die reën op 'n oop mulwa gelaai en na die stasie geneem. Die arme siek kind se toestand het vinnig agteruit gegaan in die reën. Op die stasie is 23 mense in 'n trok op die trein gelaai. Niemand wou hulle nog sê waarheen hulle geneem word nie.

Hulle het vir nog 5 of 6 dae op die trein gery. Uiteindelik het die trein in Durban aangekom, waar hulle na die Merebank konsentrasiekamp geneem is. Die volgende dag word Margritha en nog twee ander vroue, wie se mans ontsnap het, geroep om verslag te gee oor hulle mans. Hulle rantsoene is met die helfte verminder. Die kinders het baie maer en uitgehonger geraak. Die medisyne wat die mense gekry het, het die kinders net al hoe meer siek gemaak, sodat die mense later geglo het dat dit vergiftig was. Om die kinders van die hospitaal weg te hou, het Margritha haar siek kinders onder die wasgoed weggesteek.

Saam met Beyers op kommando

Hoofstuk 12

Generaal Beyers, Malipspoort, eerste reis na die Laeveld, die joiners, die Bittereinders, Fort Hendrina, Wolkberg, Die Soutpansberg kommando word gevange geneem

Die sewe vlugteling het op 24 Januarie 1902 uiteindelik by die kommando aangekom. Hulle was honger en uitgeput na die lang vlug. Dit was op die sesde dag sedert hulle op vlug gegaan het.

Gedurende die laaste skof het hulle net suur pruime op pad gekry om te eet. Toe hulle by die kommando aankom het die burgers vir hulle kos en ryp geelperskes in oorvloed gegee om te eet. Die res van die dag het hulle gerus.

Daar was ongeveer veertig burgers by die laer toe Jacobus en sy maats daar aankom. Daar was ook 'n paar vroue en kinders wat van die vyand ontsnap het. Die burgers van die kommando het die sewe mans met ope arms ontvang. Jacobus-hulle was verheug om weer by die kommando te wees nadat hulle vir so lank onder die vyand moes ly. Die kommando het saam met hulle op hul knieë gegaan en die Here gedank vir die hulp en beskerming deur al die gevare op hulle pad terug na die kommando, sonder wapens.

Die volgende dag word hulle deur die veldkornet geroep. "Kom aan kêrels, gaan saam met die korporaal na die magasyn om julle te bewapen."

Die korporaal het hulle met 'n pad gelei na die magasyn onder 'n krans. Dit was so ongeveer vyftien minute se loop van die laer af gewees. Die gewere het daar teen die krans gestaan, beskut teen die reën. Daar was ook sakke vol koring onder die krans weggesteek. Die mans kon uitkies tussen verskillende soorte gewere. Hulle het elkeen 'n Mauser verkies. Ammunisie is van 'n ander plek af aangebring en ook aan die mans gegee.

Generaal Beyers was op daardie stadium nie daar gewees nie. Hy was by Waterberg met sy kommando om perde en voorrade by die vyand te gaan steel. Nadat hy nie veel sukses in Waterberg gehad het nie, het hy na die Pietersburg konsentrasiekamp gegaan, waar hy met ongeveer 40 manne die

kamp aangeval het en 150 mans bevry het. Hulle het planne gehad om Pietersburg ook aan te val, maar 'n klompie flouhartige burgers het hulle planne in die wiele gery.

Gedurende die nag het 'n paar burgers wat uit die konsentrasiekamp gered was na die vyand oorgeloop en die vyand van Beyers se planne vertel. Beyers se aanval op Pietersburg, met ongeveer 75 mans was nie juis 'n sukses gewees nie, maar hulle kon darem 'n bietjie vee buit.

Die nuwe aankomelinge het die burgers weer nuwe moed gegee, maar party van die nuwe manne het kort daarna weer gedros. Hulle het slegs na die kommando gekom om inligting oor die kommando in te win en hulle dan weereens te verraai.

Die helfte van die kommando het hulle gereed gemaak om na die Laeveld te vertrek. Hulle was ongeveer 600 sterk. Op pad het al die burgers hulle bewapen. Daar was meer as genoeg wapens en ammunisie op Malipspoort begrawe. Hulle het die gewere uit gegrawe en seker gemaak dat al die ongewapende burgers wat saam met Generaal Beyers van die kamp af terug gekom het, bewapen word.

Die meeste burgers was te voet. Daar was nie genoeg voer vir perde gewees nie, aangesien die vyand al die gras afgebrand het. Op pad na die Laeveld, naby Houtbosdorp, het die kommando in 'n Britse nederlaag vasgeloop. Die vyand het 8 spioene gevang en een burger gewond. Die gewonde man het kort daarna gesterf.

In die Laeveld het die kommando die waens vol mielies gelaai, voordat hulle na Malipspoort terug gekeer het. Die vyand het hulle weer voorgelê, maar het op vlug geslaan toe die kommando naby kom. Die Boere het 'n pad oor die Malipspoort berge gebou en die pad Beyersnek gedoop. Die waens met die mielies is met die nuwe pad langs terug geneem na die laer waar die ander helfte van die kommando gewag het. Terug by die laer, het hulle die mielies gemaal en meel gemaak. Daarna het almal mieliepap en vleis geëet.

Mieliepap en vleis was die mees gesonde kos om op te leef. Al die mense was baie gesond gewees sodat niemand het siek geword nie en almal het spekvet gelyk. Niemand sou dit ooit kon glo as hulle voor die tyd vertel was dat hulle so 'n goeie lewe sou ly nie.

Voor die oorlog het die Afrikaner alles gehad. Hulle was ongeduldig en het baie gekla. Die regering het goed vir hulle gesorg. Hulle bekere het oorgeloop en niks het hulle ontbreek nie. Daar was 'n oorfloed van kos en die beste klere.

Alles het skaarser en skaarser geword toe die invoer permitte gekanselleer was, totdat, uiteindelik kon daar niks meer in die land gevind word nie, tensy dit van die Britte gekry word. Baie burgers het by die meer voorspoedige kant aangesluit vir geld. Party het vir 5 sjieling per dag gewerk. Ander het 2 sjieling per dag verdien om teen die Boere te veg.

Hierdie joiners' het die Boere baie probleme besorg. Dit was nie omdat die verraaiers sulke goeie vegters was nie. Die probleem was dat die joiners die omgewing baie goed geken het. Hulle het die vyand na die Boere kommando se wegkruipplekke gely. Op dié manier het hulle die kommando die seerste gemaak. Dit is voor die hand liggend dat hulle nie goeie soldate kon uitmaak nie!

Diegene wat die bloed van hulle eie broers wou jag het na die vyand gegaan en gesê "Betaal my geld, en ek sal julle help om die Boere te vang en te skiet. Ek ken die gewoontes van die Boere."

Die Britte het hulle dan gehuur teen 2 sjieling per dag, of 5 sjieling per dag vir offisiere. So 'n mens was gebrandmerk as 'n moordenaar van sy eie volk, sy eie vader, sy moeder, sy broer en sy hele nasie. Dit alles het hy verrai toe hy by die vyand aangesluit het as 'n moordenaar en verrai van sy nasie.

Die Boere het geleer dat elke dag vir homself sou sorg vir kos. Hulle het die laer elke dag verlaat sonder kos, maar wanneer hulle terug gekeer het, het hulle altyd genoeg gehad om te eet.

Die Boere het geglo dat, aangesien die swart mense saam met die Engelse teen hulle geveg het, alles van hulle vry vir die Boere was om te neem. Hulle beeste, mielies koring en hulle waens; alles wat die Boere nodig gehad het, het hulle gevat.

Die kommando lede en diegene wat deur die vyand gevange geneem was het, voor die oorlog begin het, graan onder die grond begrawe. Die kommando was goed op hoogte van waar dit als begrawe was. Orals waar

hulle gegaan het was daar altyd genoeg om te eet. Die Boere het waarheid gesien in wat die Here gesê het, naamlik dat dié wat saai sal maai.

Aan die begin het die burgers getwyfel toe die Transvaalse regering vir Generaal Beyers, in plaas van Frederick Grobler aangestel het om die bevel oor die Soutpansberg en Waterberg kommando's oor te neem. Hulle het hom nie goed geken nie, maar hulle het hom getrou gevolg. By Pienaarsrivier het hulle gesien dat Generaal Beyers 'n dapper man was. Mense het al lank van sy dapperheid gepraat. Die burgers het gou agter gekom dat Generaal Beyers nie die ongehoorsame ongestraf sou laat gaan nie. Daarvan het die burgers gehou. Die burgers het ook uitgevind dat Generaal Beyers maar net 'n mens was, maar boweal, was hy 'n Godvresende mens. Hy het niks te onbelangrik vir sy aandag geag nie. Hy was elke man se vriend en het elke man soos sy eie broer behandel.

Beyers het die gewoonte ingestel om elke dag te begin en te eindig met 'n skriflesing en gebed. Twee keer per week het hy 'n biduur gehou. Hy het elke Sondag drie kerk dienste gehou. Hy het met hierdie gewoontes vir die volle duur van die oorlog aangehou. Uiteindelik het die mense vir Generaal Beyers sonder meer aangehang en hulle sou hom orals volg.

Die regering het voor die oorlog verskeie forte in die Soutpansberg gebied gebou om die mense te beskerm teen die aanvalle van Magatoe, Magoeba en andere. Fort Hendrina was in Julie 1888 naby Pietersburg onder toesig van Kaptein A Zboril, die administrateur van die Transvaalse Rijdende Kommando, gebou en vernoem na Hendriena, Kommandant Generaal Piet Joubert se vrou. Die fort moes gedien het as wapen opslag plek langs die Dwarsrivier.

Hierdie forte was van vooraf opgeboude materiaal gemaak, en sodanig ontwerp dat dit maklik op enige plek opgeslaan kon word, en net so maklik weer afgeslaan kon word. Fort Hendrina was van kwart duim dik koeëlweerstand staal gebou. In 1898 was Fort Hendrina vergroot tot 9 tree in deursnee en kon tot 100 berede polisiemanne huisves.

In 1898 was die fort na 'n nuwe ligging, suid van Louis Trichard, verskuif en herdoop as Fort Schutte. Gedurende die oorlog het die Britse troepe die fort beset en dit as Fort Edward herdoop. Die Boere van die Soutpansberg gebied het egter nog al die tyd die fort se eerste naam, Fort Hendrina, gebruik wanneer hulle na die fort sou verwys.

Die Soutpansberg kommando het vanaf Malipspoort in die rigting van Spelonken getrek toe hulle Fort Hendriena beset het. Die fort was baie sterk en dit was maar moeilik om die fort te beset sonder die hulp van kanonne. Die vyand het hulle perde ook binne die fort gehou. Die vyand het op hulle gevuur terwyl hulle die fort omsingel het. Gedurende die nag het die burgers posisies sowat twee honderd tree vanaf die fort ingeneem. Hulle het toe geprobeer om die vyand van enige kos en water verbindings af te sny om die vyand uit te dwing.

Kort na die begin van die beleg het die vyand 'n bevrydingskorps gestuur, wat meesal bestaan het uit joiners. Jacobus Potgieter en 'n klomp manne het gegaan om die bevrydingskorps voor te keer, terwyl sommige agter gebly het om die beleg van die fort voort te sit. Toe die vyand nader kom, het Generaal Beyers die kommando bevele gegee. Luitenant Eybers en veldkornet Fanie Coetzee het bevel van die burgers van Renosterpoort, Houtbosdorp en sommige van Blauwkop geneem. Daar was ongeveer 40 man op die vleuel wat die vyand gaan voorkeer het. Toe die vyand geprobeer by die vleuel verby te gaan, het die burgers die vyand gestorm tot op sowat vyftig tree en toe begin vuur. Daar word toe van weerskante verskriklik op mekaar gevuur. Een persoon aan die Boere se kant is noodlottig gewond. Hy het kort na die geveg gesterf van die koors wat deur die wond veroorsaak was.

Die geveg het vir 'n hele tydjie aangehou. Nog vier Boere is gewond en een perd is in die geveg gedood. Van die vyand word twee gevange geneem, waarvan een 'n Boer en een 'n kakie was, en een offisier was gedood. Twee van die joiners was ook gewond in die geveg. Hulle was Piet Alberts en Jacob Schoeman. Piet Alberts, wat voorheen as vrederegter gedien, het was in die skouer gewond. Sy vader en twee broers was as krygsgevangenes op St. Helena aangehou, terwyl Piet en nog drie van sy jonger broers saam met die Engelse teen hul vader geveg het. Jacob Schoeman, wat op die kerkraad gedien het, was in die been gewond. Terwyl Japie saam met die Engelse geveg het, het sy seun in die Boere kommando geveg.

Die vyand het naderhand gevlug na hulle laer. Die Boere het daarop hulle voorberei om die laer in die nag in te val. Dit was 'n Sondag gewees en hulle wou eers wag dat die Sondag verby moes gaan. Die Boere het nie daarvan gehou om op 'n Sondag te veg nie. Daardie Sondag het hulle maar net geveg om die vyand van die fort af weg te hou.

Toe dit donker word, toe vlug die vyand met die hele laer. Die volgende dag het die Boere hulle agterna gesit, maar die vyand het met die muilwaens weggevlug. Die Boere het toe na die fort teruggekeer om die beleg voort te sit.

Die mense in die fort het al desperaat geraak. Hulle het die perde uit die fort uit gejaag om water te bespaar. Die perde is dan deur die Boere gevang. Tien dae later het die vyand 'n sterk mag gestuur. Die bevrydingsmag was vir die Boere te sterk en die Boere kommando was te vêr uitmekaar versprei gewees.

Daar was 'n digte miswolk oor die gebied. Toe Jacobus en die manne gewaarsku word dat die vyand in aankoms was, was die vyand al reeds amper tot by die fort gewees. Hulle het van 'n kant af gekom waar die Boere dit glad nie verwag het nie. Toe die Boere spioene gestuur het om ondersoek in te stel, het die vyand een van die spioene gevange geneem. Die ander een het hom na die kommando terug gehaas om die kommando te waarsku.

Jacobus was in 'n groep van ongeveer veertig man gewees. Die res van die kommando was 'n hele ent weg van die fort gewees, waar hulle in die pad gewag het. Die burgers het dadelik die een vleuel van die vyand bestorm en op hulle gevuur. Die ander vleuel van die vyand het toe al reeds die burgers halfpad omsingel en hulle van agter begin skiet. Die burgers se versterkings was vêr van hulle af weg gewees. Hulle was wel naby aan die fort gewees waar daar burgers wat die fort omsingel het gelê het, maar daardie burgers kon nie tot hul hulp kom nie, aangesien hulle die fort moes dophou. Al wat hulle kon doen om lewend daar uit te kom was om uit te probeer jaag. Die vyand het met swaar geweervuur op hulle geskiet, maar hulle het darem daarin geslaag om uit te kom sonder om 'n enkele man te verloor. Die veldkornet se perd het met hom op hol geraak en hom afgegooi. Hulle het gou daarin geslaag om die perd te vang en die veldkornet te red. Jacobus se ou maat, Albert van Jaarsveld se hoed is van sy kop af geskiet, maar hy het met sy kaalkop lewend daar uit gekom.

Die Boere het daarna die beleg van die fort opgegee. Toe kon die vyand weer gaan water drink, want hulle was toe al baie dors gewees. Nadat die kommando die aftog geblaas het, stuur die veldkornet vir Jacobus en vyftien manne om die omgewing by Spelonken te gaan verken. In die digte mis het hulle die hele dag lank geheel en al verdwaal.

Die volgende dag, stuur die vyand 'n sterk mag agter die Boere aan. Die Britse mag volg die Boere tot by Skuinshoogte naby Spelonken. Toe die Boere die vyand gesien aankom het hulle op vlug geslaan. Die gras was so hoog dat dit moeilik was om die vyand te sien. Hulle kon die vyand nog duidelik sien aankom toe die vyand oor die hoogtes getrek het, maar het totaal sig van die vyand verloor toe die vyand na die rivier afgedaal. Die vyand het skielik sowat vyf of ses treë van hulle af, aan die oorkant van die rivier, tussen die lang gras verskyn. Die Boere het onmiddellik skuiling tussen die gras gesoek en begin skiet. 'n Woeste geveg wat tot die aand geduur het, het uitgebreek. Twee van Generaal Beyers se offisiere is gevange geneem. Hulle kon die vyand glad nie sien nie en het reg tussen die vyand in geloop, onder die indruk dat dit van hulle eie mense was. Toe dit donker word het die Boere weer op vlug geslaan. Hulle het dwarsdeur die nag gevlug om soveel moontlik afstand tussen hulle en die vyand te kry.

Twee dae na die geveg het een van die Engelse troepe na die Boere gekom om by hulle aan te sluit. Die Boere het hom met ope arms ontvang. Hy het daarna baie dapper vir die Boere teen die Britte geveg. Een van die burgers, Mnr Olivier, het by Skuinshoogte van die kommando weg gedros en by die vyand aangesluit.

Generaal Beyers het die waens by die voet van die berg gaan parkeer, sodat die Boere meer beweeglik kan wees. Toe die vyand weer met 'n groot mag teen hulle uit trek het Beyers die kommando in vier verdeel. Die eerste afdeling het noord van Malipspoort by Beyersnek, aan die voet van die berg, posisie ingeneem. Een afdeling is suid van Malipspoort aan die voet van die berg geplaas. Die derde afdeling het naby Empatel stelling ingeneem op Coetzee se plaas, terwyl die laaste afdeling by Marabastad naby Malipspoort geplaas was.

Die vyand het begin om die afdeling noord van Malipspoort, by Beyersnek, te bombardeer. Die Boere het daarin geslaag om die vyand daar vir twee dae terug te hou. Generaal Beyers en Hendrik Bronkhorst is lig gewond en Gert Meyer is by Marabastad gedood.

Die vyand kon nie daarin slaag om die Boere op die voorste linies te verdryf nie. Na twee dae se geveg het die vyand daarin geslaag om die vleuel waarin Jacobus Potgieter geveg het, te omsingel en hulle uit hul posisie te dryf. Die vyand se mag het die Boere kommando te vêr in getalle oortref. Duisende

swartes het ook saam met die vyand geveg. Nadat die Boere verdryf is, het die vyand al die Boere se waens en beeste gebuit.

Die vyand het geprobeer om die hele Boere kommando te omsingel, maar die Boere het dapper terug geveg, al was hulle getalle maar min. Generaal Beyers het vir Jacobus Potgieter laat roep waar Jacobus met dertien man gelê en veg het. Hy het vir Jacobus gevra waar die mees geskikte plek sou wees vir die kommando om heen te vlug, waar daar voldoende water en kos te vinde sou wees. Generaal Beyers het geweet dat Jacobus deur daardie gebied gekom het toe hy uit die konsentrasiekamp gevlug het.

Beyers het aan die hele kommando opdrag gegee om te vlug en al die waens en kos agter te laat. Die waens sou die kommando te veel vertraag. Die meeste van die kommandolede moes te voet vlug. Jacobus het vir Generaal Beyers vertel van die fraai lande, diep in die Wolkberg, waardeur hy geloop het gedurende sy sewe dae op vlug. Dáár kon hulle weer duisende sakke vol graan oes. Generaal Beyers het toe vir Jacobus opdrag gegee om die kommando deur die nag na die plek te lei.

Sodra dit donker geword het, het die kommando Malipspoort verlaat. Die bosse was baie dig en daar was geen voetpaaie wat hulle kon volg nie. Slegs 'n paar Boere het perde of muile gehad om mee te vlug. Die perde was ook nog maar bra maer. Jacobus het 'n totaal van 130 voetgangers teen die steil berg op gelei. Die berede troepe moes 'n ompad volg aangesien dit te steil en ruig was vir die perde.

Die kommando het dwarsdeur die nag gevlug. Teen sonop het hulle reeds die helfte van die pad na die Wolkberg afgelê. Vier perde het teen 'n steil krans gestruik en afgeval. Die Boere kon nie tyd verspil om eers terug te gaan om ondersoek in te stel of die perde nog leef nie. Hulle moes maar net so vinnig moontlik aanstoot.

Laat in die dag het die kommando die fraai lande bereik. Toe die swartes die Boere sien aankom het die meeste op vlug geslaan. Slegs 'n paar het hulle teë gesit en een is gewond en een is gedood. Die Boere het Engelse Lee-Enfield gewere met ammunisie by die swartes wat gedood en gewond was gekry. Generaal Beyers was in sy skik met die plek waar Jacobus hulle heen gelei het. Hulle het voldoende kos en voer vir die perde daar gekry. Daar het hulle vir 'n hele tydjie gebly.

Die wond wat Generaal Beyers by Malipspoort opgedoen het, het hom heelwat gehinder. 'n Paar Boere is terug gestuur om te gaan kyk wat van die 70 manne geword het wat agterna gekom het. Hulle het terug gekom met die nuus dat die 70 manne almal deur die Britte gevange geneem was.

Die burgers wat terug gegaan het, het 'n klompie perde en gewere by die vyand gebuit. Hulle het ook 'n Boer verraaier, ene Grimbeek, gevang. Hy was voor 'n krygshof ter dood veroordeel, maar Generaal Beyers het hom begenadig en vry gelaat.

Na die harde geveg by Malipspoort, was die Boere se ammunisie byna gedaan. Buiten die swartes, was daar 60 Britte gedood. Die Boere sou baie meer gedood het as hulle genoeg ammunisie gehad het. Die Boere moes noodgedwonge terughou met hul vuur, want, indien hulle geveg het soos wat hulle gewoond was, dan sou hulle ammunisie binne slegs 'n paar uur heeltemal op geraak het.

Die vyand het die Boere na die Wolkberg gevolg en hulle posisie in twee kolomme genader. Toe die Boere hulle gewaar, het die Boere weer op vlug geslaan, aangesien die plek waar hulle kamp opgeslaan het nie geskik sou wees vir 'n geveg nie. Die vyand sou hulle daar baie maklik kon omsingel. Die Boere was maar min in getal en moes hulle slagvelde baie noukeurig uitkies. Hulle was baie bewus van die feit dat, indien hulle gevang word, daar nie nog andere sou wees om die oorlog voort te kon sit in die Soutpansberg gebied nie. Die vyand het egter baie versterkings gehad om die plek in te neem van dié wat op die slagveld sterf.

Die Boere het die plaas waar Koos Grimbeek ter dood veroordeel was spoedig verlaat. Jacobus het vir die generaal van 'n plek vertel waar hulle die vyand sou kon uitoorlê. Die perde kommando het die agterhoede bewaar, terwyl Jacobus Potgieter, wat die gebied goed geken het, die voetgangers vooruit deur die berge gelei het.

Na 'n hele dag se gevlug, het hulle uiteindelik by die plek aangekom wat Jacobus aangedui het. Die voetgangers het daar naby vir die perde kommando gewag voordat hulle hul finale posisies ingeneem het. Die vyand het die voetgangers se kamp gewaar en versigtig genader, sonder dat die voetgangers die vyand gewaar het.

Toe Generaal Beyers en die berede kommando na donker eers by die voetgangers aansluit, sien hulle die vyand se kamp vure ongeveer 'n half uur se ry te perd vanaf die voetgangers se kamp. Die generaal het in die donker na Jacobus gegaan en aan Jacobus gevra om die burgers na die plek waar die hulle posisie moet inneem te lei. Jacobus het hulle daarop nog drie myl verder die berge in gelei.

Gedurende die nag het 'n digte mis oor die gebied gaan hang. In die donker het die Britte die bosse waar hulle die Boere laas gesien kamp opslaan het, omsingel en gewag vir die son om op te kom. Die volgende oggend het die Boere egter die vyand gewaar, waar hulle die bosse omsingel het. Die mis was toe nog steeds so dig dat hulle net sowat 100 tree vêr kon sien. Onmiddellik het die Boere posisies agter die vyand ingeneem, met die voetgangers aan die een kant, en die perde kommando sowat honderd tree verder aan die ander kant.

Toe die mis opgeklaar het, het die Boere begin vuur. Die vyand het 'n ent teruggeval, maar die berede kommando het hulle bestorm en uit hul skuilings gejaag. Die geveg het 'n kort tydjie geduur, voordat die vyand op vlug geslaan het. Daar was ook vele joiners wat aan die kant van die vyand geveg het. Die Boere het 13 Britte gedood en ongeveer 40 gevange geneem, terwyl daar geen een van die Boere gedood of gewond is nie. Verskeie perde en groot hoeveelhede gewere, rewolwers en ammunisie is deur die Boere gebuit. Die perde en ammunisie is onder die voetgangers versprei. Dit wat nie gebruik kon word nie, is in 'n dam gegooi.

Die volgende dag het die Boere die bosse gefynkam en nog heelwat vyandelike troepe, wat 'n die bosse weg gekruip het, gevange geneem. Vier lafhartige Boere, D Pienaar, C Pienaar, C Lees en M Deventer het gedros. Deventer se broer het voorheen ook al gedros om by die vyand aan te sluit.

Na die geveg by Wolkberg het die Boere weer na Malipspoort teruggekeer. Die vyand het Beyersnek beset en vir die Boere 'n lokval gestel, maar die Boere het daarin geslaag om veilig tot by Malipspoort gevorder.

Kort nadat die Boere by Malipspoort aangekom het, kom daar twee Britse boodskappers na hulle om 'n boodskap van die Staatskommissaris van die Zuid Afrikaanse Republiek af te lewer. Die boodskap het versoek dat die Britte die Staatskommissaris vrye deurgang sou gee, sodat hy die Boere

kommando kon besoek. Die kommando het daarop 'n begeleiding gestuur om die Staatskommisaris by die vyand te gaan haal.

Die Staatsekretaris het aan die kommando gesê “Burgers, ek is deur ons regering gestuur om die Soutpansberg kommando te kom ontmoet en julle mee te deel hoe ons sake staan. Die Staatspresident het onderhandelinge gehad met die generaal van die Britse kant, naamlik Kitchener. Van die Britse kant wil hulle graag vrede maak, maar hulle wil nie ook die land terug gee nie. Hulle wil hê dat ons die land moet opgee. Dit het ons geweier.

Ons het aan die opperbevelhebber van die Britse kant gesê, ons het geen reg om die land oor te gee nie. Dit is die volk s'n. Toe het hy ons vrye begeleiding gegee om per trein na die verskillende kommando's te gaan om die volk se gevoelens te hoor en dan 'n afvaardiging deur die lede te laat verkies om 'n konferensie by Vereeniging te gaan hou ten einde vrede te maak. Dit lê in die volk se hande of die volk die land wil opgee of verder veg.”

Eenparig word daar gesê “Verder veg, of onafhanklik vry!”

Beyers en Landros Stoffberg word toe verkies as verteenwoordigers van die Soutpansberg kommando verkies om die vredesonderhandeling by Vereeniging by te woon. Beyers en die afvaardiging het te perd langs die Olifantsrivier na Vereeniging gegaan, terwyl die manne wat by Malipspoort agter gebly het almal voetgangers was. 'n Paar dae nadat Generaal Beyers en die berede kommando hulle verlaat het, stuur die vyand weer 'n groot mag die berge in om die voetgangers te gaan vang. Kolonel Colenbrander was self in bevel van die Britse kommando wat die Boere aangeval het. Die Britse kommando het uit ongeveer 3,000 Britte, 'n klomp joiners, en baie swartes bestaan.

Vroeg in die môre van 6 Mei 1902 het Sagrys de Beer en Jacobus Potgieter uitgegaan om die gebied te gaan bespied. Hulle het al met die berg langs beweeg, vanwaar hulle 'n goeie uitsig oor die vlaktes gehad het. Vanaf die hoogtes het hulle die vyand se perde kommando in hulle rigting sien aankom en die voetgangers gaan waarsku. Die geveg het die hele dag geduur. Teen sonder het die vyand geprobeer om hulle te omsingel. Die Britte het die rivier beset en hulle daardeur afgesny van hulle verbinding met water en kos.

Toe dit donker word, vlug die Boere oor die berge, na die weste om daar water te gaan soek. Eers sowat twee uur in die nag het hulle water gevind. Teen daardie tyd was die Boere al goed dors.

Die Boere kommando het vir die res van die nag daar by die water geslaap. Sowat agt uur die volgende oggend het nog burgers wat ook al baie dors en honger was, by die voetganger kommando aangesluit. Die Boere was die vorige dag deur die vyand verras en hulle het nie tyd gehad om kos of water bymekaar te maak nie. Hulle het die hele dag geveg en die hele nag gevlug sonder enige kos of water.

Die vyand kon nie die Boere uit hul skuilplek dryf nie en het hulle weer omsingel. Die Boere was toe maar baie min in getalle gewees. Die Boere moes toe vinnig planne maak om deur die vyand se linies te breek om kos te vind. Hulle was nou aan die dorre kant van die berg gewees. Die enigste kos en water in die omgewing was deur die Britte beset.

Die Boere het vir een volle dag reg wes gevlug en toe suid geswaai en weer tot naby die vyand se linies beweeg, waar hulle skuiling in 'n kloof gaan soek het. Nou moes hulle vinnig planne maak om kos en water te kry. Hulle was 68 blanke mans en 4 jong swart handlangers. Hulle besluit toe om 7 manne saam met 2 van die handlangers te stuur om kos by die swartes te gaan koop.

Hulle sou enigiets eet, net om weer kragte te herwin. Hulle was toe al reeds drie dae sonder kos. Jacobus Potgieter het omtrent 3 pond mieliemeel gehad, wat hy vir 'n noodgeval bewaar het. Hulle het pap gemaak sodat elke burger kon darem 1 lepel vol pap kon kry. Hulle was maar net dankbaar dat hulle wel iets kon kry.

Die volgende oggend het die Boere skote gehoor. Die 7 burgers wat die vorige dag gestuur was om kos te gaan koop is deur die vyand gewaar en gekeer om na die kommando terug te keer. Hulle het al die kos wat hulle gekoop het in die vyand se hande verloor. Die twee handlangers wat saam met die burgers was is gevange geneem en het die Boere se wegkruipplek aan die vyand verrai. Hulle het die vyand in die kloof, waar die kommando weggekruip het, in gelei. Die vyand het byna die kommando omsingel en gevang, maar die Boere het betyds weer die berge in gevlug.

Die vierde dag sonder kos het die burgers begin om flouhartig te raak. Hulle het gehoop dat hulle teen daardie tyd kos sou vind, maar dit wou nie so uitwerk nie. Hulle was nou reeds baie honger en dors.

Dinge het net al hoe slegter begin gaan. Hulle het verder met die kloof langs gevlug en hulle teen 'n krans vasgeloop. Een vir een het hulle met 'n boom langs opgeklim na bo.

Daar was nou nog net 61 burgers oor. Drie burgers is op 'n rif agter gelaat om te wag te hou, maar hulle het aan die slaap geraak. Kommandant Bierman het aan Jacobus Potgieter gesê om saam met sewe man te gaan en 'n plek te gaan soek waar hulle gedurende die nag deur die vyand se linies kon breek. Die kommando was toe reeds ten volle deur die vyand omsingel en kon geen kans kry om te ontsnap nie.

Jacobus het die sewe manne geneem en teen 'n steil berg op gegaan. Hulle moes die meeste tyd op hande en knieë teen die hange van die berg op kruip. Hulle het baie versigtig beweeg, aangesien hulle verwag het om enige oomblik in die vyand vas te loop.

Toe hulle bo-op die berg kom, kon hulle die vyand se kampvure gewaar. Hulle kon sien dat die vyand die berg geheel en al omsingel het. Jacobus het nie geweet dat daar drie burgers bo-op die berg was wat aan die slaap geraak het nie. Die agt manne het in 'n enkele ry versigtig oor die berg beweeg. Skielik het hulle op die drie manne wat onder komberse gelê en slaap het afgekom. Daar was twee Duitsers en een Afrikaner. Die burgers het Potgieter se groep voorgekeer, onder die indruk dat dit vyandelike troepe was.

Potgieter kon die manne nie goed in die donker sien nie, en het weer gedink dat die drie manne vyandelik was. Die burgers wat saam met Jacobus was het geskrik en op vlug geslaan. Net twee het agter gebly. Hulle het hulle gewere op gepluk en was gereed om te skiet, maar het net betyds, voordat hulle gevuur het, die stemme herken.

Drie van die burgers wat op vlug geslaan het, het net so entjie daarvandaan weer tot stilstand gekom, maar die ander twee het die heelpad die berg af na die kommandant gehardloop. Hulle het aan die kommandant vertel dat Potgieter en die ander manne deur die vyand gevang en gedood was. Mens

kon hulle ook nie eintlik blameer nie, aangesien dit donker was en die vyand die hele gebied vol was. Die burgers het verwag dat enigiets kon gebeur.

Jacobus het onmiddellik iemand na die kommandant gestuur om hom van die ware stand van sake in te lig. Die twee manne het totale verwarring onder die kommando veroorsaak met hulle storie. Die kommando het gevrees dat die vyand hulle ook sou kom vang en wou net op vlug slaan.

Jacobus het die kommandant en die res van die kommando na die bokant van die berg laat roep, waar hulle planne gemaak het om deur die vyand se linies te breek. Deur die nag het hulle toe terug gekeer na die plek waar hulle vyf dae gelede begin het.

Die burgers kon toe nie meer uithou nie. Die vyand het hulle van alle kos en water afgesny. Die burgers wou net oorgee, maar het moedig uitgehou. Hulle het verwag dat die daar 'n skietstilstand op 10 Mei aangekondig sou word. Die vyand sou dan terug trek. Die 61 burgers was te min om teen die Britse mag uit te hou en het maar alle hoop op 'n skietstaking geplaas.

Die meeste burgers het gepleit om oor te gee. Hulle wou maar eerder in die vyand se hande val as om van die honger te sterf. Jacobus Potgieter het geweier om oor te gee. Hy het die burgers van die Houtbosberg kommando oortuig om saam met hom uit te hou. Hy het vir hulle gesê dat hy voorheen reeds deur die vyand gevang was en weer ontsnap het. Die Britte sou hom sekerlik skiet as hulle hom weer vang. Daar was 'n hele paar ander burgers ook saam met hom gewees wat in dieselfde posisie was.

Een van die burgers het op 9 Mei 'n rietbok gevind en dit geskiet. Die burgers het die bok gebraai en opgeëet. Die burgers het alles, selfs die vel en hoewe, gebraai en geëet.

Op 9 Mei oortuig die burgers Kommandant Bierman om 'n brief aan die Britte te skryf en 'n aanbod te maak om oor te gee, op voorwaarde dat die lewens van al die manne gespaar sou word. Op 10 Mei het hulle 'n antwoord op die brief gekry, wat die aanbod om oorgawe op voorwaarde dat alle lewens gespaar word, aanvaar het.

Op 10 Mei 1902 het die Soutpansberg kommando hulle aan die vyand oorgegee. Een en sestig manne en twee swart handlangers het oorgegee. Die vyand het al hulle wapens afgeneem. Dit was op die dag wat hulle verwag

het dat die skietstilstand sou begin. Die burgers kon net nie meer langer teen die honger en dors uithou nie. Vir ses dae was hulle sonder kos of water. Op die laaste dag van die oorlog moes hulle oorgee. Jacobus was egter bereid om eerder van die dors te sterf voordat hy aan die vyand oorgee. Die ander burgers het hom egter oortuig om die aanbod te aanvaar.

Jacobus Potgieter en 61 burgers was op 10 Mei 1902 by Malipspoort gevange geneem. Die vyand het hulle op mulwaens geprop, terwyl soldate met gewere met bajonette rondom die waens wag gehou het. Sommige soldate het saam met die burgers op die waens gery. Hulle is na Pietersburg geneem, waar hulle die aand geslaap het. Die soldate het in 'n groot kring wag gehou, terwyl die burgers in die middel moes slaap.

Die volgende dag is hulle na die tronk op Pietersburg geneem, waar hulle vir een aand geslaap het. Op 12 Mei het die Britte hulle na die stasie geneem en op die trein na Pretoria gelaai. Die soldate het geweier om hulle enige kos of water op die trein na Pretoria te gee. Hulle moes maar net uithou. Laat die nag het hulle by Pretoria van die trein afgeklim. Daar was hulle deur die soldate na 'n konsentrasiekamp aangejaag, waar hulle vir 5 dae gehou was. In die kamp het hulle klein rantsoene gekry. In die kamp in Pretoria het Jacobus 'n niggie, wat daar as krygsgevangene gehou was, raak geloop.

Vanaf Pretoria, is hulle na Durban in Natal geneem. Die burgers was baie sleg behandel op pad na Durban. Hulle is op koue staal trokke gelaai, waar hulle vir vyf dae plat moes sit. Hulle was glad nie toegelaat om op te staan nie. Slegs wanneer die trein op 'n stasie gestop het, is hulle toegelaat om vir 'n paar minute toilet toe te gaan. Die moraal van die Boere was baie laag. Snags moes hulle met hulle koppe plat op die koue staalvloer lê. Elkeen was een kombers gegee. Die soldate het op enigeen wat sy kop sou lig om onder die kombers uit te loer gevloek en geskree "Lê plat of ek skiet jou!"

Op 24 Mei 1902 het Jacobus in Durban aangekom en in die Umbilo geplaas. Dáár het hy baie ander burgers wat ook gevang was ontmoet. Daar was ongeveer 800 man in die krygsgevangenekamp, tussen die ouderdom van 7 jaar en 80 jaar. Sy vrou en kinders was in die Merebank konsentrasiekamp wat daar naby was.

Op 1 Junie 1902 was die oorlog verby.

Die oorlog is verby

Deel V

Die vrede van Vereeniging

Hoofstuk 13

Die vredesonderhandeling, Terug huis toe, die joiners, oorlogskade

Reeds op 9 April 1902 het die Boere leiers by Klersdorp byeen gekom om die moontlikheid te bespreek om 'n einde aan die oorlog te bring. Toe is daar besluit dat 'n afvaardiging vir Kitchener moet ontmoet om 'n plan aan hom voor te lê. Daardie plan het die oorgawe van alle Boere voorgestel, maar het vir die onafhanklikheid van die Boere Republieke gevra. Gedurende die ontmoeting, wat op 12 April 1902 plaasgevind het, wou Kitchener nie instem nie, en die afvaardiging is gestuur om Milner te gaan spreek. Milner wou egter die oorlog nog laat voortgaan het totdat al die Boere op die slagveld oorwin is.

Die Britte het ingestem om die Boere die geleentheid te gee om die saak met al die kommando's te bespreek en afgevaardigdes vir 'n vredeskonferensie by Vereeniging te verkies.

Terwyl die leiers in Vereeniging samesprekings gehou het, het die Britte hulle laaste pogings om die kommando's tot oorgawe te dwing verskerp. Kemp het as kommandant-generaal van die Transvaal opgetree terwyl De la Rey by die besprekings was. Hamilton het Kemp se kommando aangeval. Kemp het nouliks ontsnap en op 11 April 1902 'n teenaanval geloods. Hulle het by Roodewal Hamilton se magte op perd bestorm. Hamilton was egter hierop voorbereid en het met 3,000 man die Boere kommando ingewag. Gedurende die geveg is 50 Boere gedood. Onder die sterftes was Generaal Piet Potgieter van Krugersdorp, wat baie heldhaftig geveg het.

Beyers het vanaf Soutpansberg eers na Pretoria gegaan om met Kitchener samesprekings te voer. Kitchener was egter nie van voorneme om enige poging tot rekonsiliasie aan te wend nie, en het Beyers gedreig met nog skerper optredes.

Die finale besprekings, wat op 15 Mei in aanvang geneem is, was van die begin af baie vurig en het vir verskeie dae aangehou. Sestig afgevaardigdes het op die koue en mistige môre met die lede van die Transvaal en Oranje-Vrystaat se regerings by Vereeniging vergader. Voordat die samesprekings begin het, is Generaal Beyers as voorsitter van die verigtinge verkies. Botha, Smuts en De la Rey het saam met President Burger om oorgawe gepleit, terwyl Hetzog, De Wet en Reitz geweier het om hul onafhanklikheid af te staan. Milner het geen begeerte gehad om die oorlog te eindig sonder onvoorwaardelike oorgawe deur die Boere. Kitchener het uiteindelik 'n deurbraak bewerkstellig toe hy die Boere oortuig het om oorgawe met sekere voorwaardes te aanvaar. Hierdie voorstelle het hy aan Milner voorgelê. Dit was nie heeltemal wat die Boere wou gehad het nie, maar die het darem 'n paar kompromieë ingesluit:

- Alle Boere van beide Boere Republieke moes oorgee
- Alle vegters sou ontwapen word
- Elkeen wat trou sweer aan Brittanje sou vrygelaat word
- Die wat weier sou na krygsgevangenekampe buite Suid Afrika gestuur word
- Geen doodstraf sou opgelê word nie
- Algemene amnestie
- Hollands sou in die skole en in die hof toegelaat word
- Geregistreerde gewere sou toegelaat word
- Transvaal en die Vrystaat sou onder militêre beheer staan
- Drie miljoen pond sou toegestaan word om die land weer te herbou
- Rekonstruksie van die regering
- Geen stemreg aan swartes
- Eiendomsreg van boere sal herken word
- Geen spesiale grond belasting sou gehef word nie

Op 23 Mei het die Boere verteenwoordigers weer bymekaar gekom om die voorstelle te bespreek. Na nog vele dae van gestryery was die voorstelle op 31 Mei 1902 met 54 stemme teenoor 6 aanvaar en dieselfde nag om 6 minute na 11 in Pretoria onderteken.

Die 6 wat teen die voorstelle gestem het was: Generaal JCG Kemp, Kommandant JJ Alberts, JF Naude, Assistent Hoof Kommandant CCJ Badenhorst, Kommandant AJ Bester, en Kommandant CA van Niekerk.

Die vredesverdrag is namens die Transvaal onderteken deur Burger, Reitz, Botha, De la Rey, Meyer en Krogh. Namens die Vrystaat het De Wet, Hertzog, Brebner en Olivier geteken.

Nadat die vredesverdrag geteken is, was die krygsgevangenis toegeelaat om die kampe gedurende die dag te verlaat. Jacobus Potgieter kon sy vrou en kinders, wat in die Merebank konsentrasiekamp aangehou was, vanaf agt uur in die oggend tot ses uur in die aand gaan besoek. Hy was te bly om weer sy gesin te sien, want hy het hulle vir byna ses maande glad nie gesien nie. Die kinders was maer en uitgeteer van die tyd in die kamp. Die jongste dogtertjie was baie ernstig siek aan tering, wat die kind opgedoen het gedurende die reis van Pietersburg na Merebank. Margritha het amper al moed verloor, maar Jacobus het gebid en aangehou om haar moed in te praat. Hulle het God elke dag bedank dat al hulle kinders ten minste nog leef. Eers 10 maande nadat hulle uit die konsentrasiekamp weg is het die kindjie wat aan tering gely het weer gesond geword.

Op 24 Junie 1902 is Jacobus Potgieter uit die krygsgevangenekamp vrygelaat. Voordat hy kon gaan moes hy eers 'n dokument onderteken.

The bearer, JJ Potgieter has been released from prison of war camp Umbilo on signing that he acknowledge terms of surrender and becomes a British subject.

24 June 1902

